AFRIKAANS EN MALEIS-PORTUGEES

. D. B. BOSMAN

AFRIKAANS EN MALEIS-PORTUGEES.

PROEFSCHRIFT TER VERKRIJGING VAN DE GRAAD VAN DOCTOR IN DE NEDERLANDSE LETTEREN AAN DE RIJKSUNIVERSITEIT TE GRONINGEN, OP GEZAG VAN DE RECTOR MAGNIFICUS DR. J. VAN WAGENINGEN, HOOGLERAAR IN DE FAKULTEIT DER LETTEREN EN WIJSBEGEERTE, TEGEN DE BEDENKINGEN VAN DE FAKULTEIT IN HET OPENBAAR TE VERDEDIGEN OP MAANDAG 26 JUNIE 1916, DES NAMIDDAGS TE 4 UUR, DOOR

DANIËL BRINK BOSMAN, GEBOREN TE BOSHOF (ORANJE VRIJ STAAT).

* * * * * * * * * * * * * * *

P. NOORDHOFF. — 1916. — GRONINGEN.

AAN MIJ OUERS.

Aan die einde van mij akademiese studie is dit mij 'n genoege van die voorreg gebruik te maak, in die openbaar mij dank te betuig aan algar van wie ek gedurende mij studiejare vriendskap en voorligting ontvang het.

Mij eerste woorde van erkentlikheid geld die Professore van die Grey Universiteits Kollege van Bloemfontein, en onder hulle veral Professor Francken, in wie se belangstelling in mij werk ek mij voortdurend, ook na mij vertrek uit Suid-Afrika, mog verheug.

Aan die Groningse Universiteit was dit mij voorreg die kolleges van Professor Sijmons, o.a. ook in die Vergelijkende Taalkunde, te volg. Die kolleges het belangstelling gewek in 'n vak waarvan ek vroeër afkerig was. Daarvoor, en vir die hoog gewaardeerde voorligting, berustende op jare van ondervinding, wat ek van hom mog ontvang, spreek ek hier mij diepe erkentlikheid uit.

Aan Professor Kern wens ek ook in die biesonder mij dank te betuig vir sij onderwijs in Angel-Saksies en Sanskrit, en vir die hulpvaardigheid wat ek van hom, ook buite mij studie om, mog ervaar.

Bowenal is ek meer dank verskuldig dan ek kan uitspreek, aan mij hooggeagte Promotor, Professor Kluyver; in die eerste plaas vir sij gewaardeerde lesse oor die Nederlandse Taal en Letterkunde, maar veral vir die aangename en in die hoogste mate leerrijke ure, wat ek in sij studeerkamer mog deurbring. Sij belangstelling in mij werk, sij opofferende hulpvaardigheid, en sij vriendelike leiding, veral in die laaste maande, sal ek altoos in dankbare herinnering bewaar.

Vir vriendelikheid en gastvrijheid ontvang gedurende mij bijna vierjarige verblijf hier, het ek aan soveel dank te betuig, dat ek hier nie algar kan noem nie. Tog sij dit mij vergun, om biesondere melding te maak van die buitengewone vriendelikheid wat mij landgenote en ek in Groningen ontvang het, en nog ontvang, van twee families in die stad. Die name van die families Mesdag *en* Bergsma *sal bij die Groningse Afrikaners in later jare nog altijd gedagtes wek van gastvrijheid en Afrikaans-gesindheid. Van die kant van* Dr. Bergsma *mog ek ook nog in mij werk belangstelling geniet en hulp ontvang.*

'n Woord van waardering van die mooi werk wat die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging doen, is dit mij 'n behoefte om ook nog hier uit te spreek. Mag die Vereniging rijp vrugte op haar arbeid sien.

Dat dit mij vergun is mij proefskrif in mij moedertaal aan te bied, is iets waarvoor ek die Fakulteit, en in die biesonder mij Promotor, van harte dank. Met één uitsondering is dit tot nog toe aan mij landgenote aan ander Universiteite, ondanks herhaalde aanvraag, nie vergun gewees om met 'n proefskrif in Afrikaans te promoveer nie. Mag die liberale gees wat aan die Groningse Hogeskool heers, ook elders ingang vind!

LIJS VAN GERAADPLEEGDE WERKE.

BOEKENOOGEN, G. J.: De Zaansche Volkstaal, Leiden 1897.

BRINCKER, P. H.: Lehrbuch des Oshikuanjama, Stuttgart u. Berlin 1891.

COLENBRANDER, H. T.: De Afkomst der Boeren. Uitg. Alg. Ndl. Verbond, 1902.

VAN DALE: Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal, 5e Uitg.

DEHÉRAIN, H.: Le Cap de Bonne-Espérance, Parijs 1909.

FRANCK, J.: Mittelniederländische Grammatik, 2e Aufl., Leipzig 1910.

FRANCK, J. — VAN WIJK, N.: Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal, 2e Druk, 1912.

FRANCKEN, A.: Iets over 't Dagverhaal van de Kommandeur Jan van Riebeek (De Unie, Sept.—Okt. 1905).

DE GRAVE, SALVERDA J. J.: De Franse Woorden in het Nederlandsch, Amsterdam 1906.

VAN GINNEKEN, J.: Handboek der Nederlandsche Taal, Nijmegen, 1913. Deel 1.

DE HAAN, F.: Priangan, Batavia 1911. 2de deel.

HAHN, TH.: Die Sprache der Nama, Leipzig 1870.

VAN HELTEN, W. L.: Vondel's Taal, Groningen 1883.

: Middelnederlandsche Spraakkunst, Groningen 1887.

HESSELING, D. C.: Het Hollandsch in Zuid-Afrika (De Gids 1897).
: Het Afrikaansch, Leiden 1899.
: Over de Taal en Letterkunde in Zuid-Afrika (Taal en Letteren X).
: Is het Afrikaansch de zuivere Ontwikkeling van een Nederlands Dialekt? (Taal en Letteren XVI).
: Wilhelm ten Rhijne (De Unie, Februarie 1906).
: Nieuwe Geschriften over het Afrikaans (Die Brandwag, 15 Jan. 1914).
: Een nieuwe Theorie over het Ontstaan van 't Afrikaans (De Nieuwe Taalgids VIII).

DE JONGE, J. K. J.: De Opkomst van het Nederlandsch Gezag in Oost-Indië, deel 1—3, 's Gravenhage 1862.

KLINKERT, H. C.: Nieuw Maleisch-Nederlandsch Zakwoordenboek, 2e druk, Leiden 1910.

KOLBE(N), P.: Caput Bonae Spei Hodiernum etc., Nürnberg 1719.

KRUISINGA, E.: De Oorsprong van het Afrikaans (Taal en Lett. XVI).

VAN LINSCHOTEN, J. H.: Itinerario ens. Uitg. Linschoten Ver., 's Gravenhage 1910.

MANSVELT, N.: Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon, Kaapstad 1884.

MEINHOF, K.: Lehrbuch der Name-Sprache, Berlin 1909.

MEISTER, G.: Kunst- und Lust-Gärtner ens., Dresden 1692.

MEYER, H.: Die Sprache der Buren, Göttingen 1901.
: Die Burensprache und ihre Literatur (Preuss. Jahrbücher, Nov. 1904).

MICHAELIS, H.: Novo Diccionario da lingua Portugueza e Allemã, 11e Aufl., Leipzig 1914.

Middelnederlandsch Woordenboek van Verdam en Verwijs.

MOLSBERGEN, GODÉE E. C.: Jan van Riebeeck, Amsterdam, 1912.

: Afrikaans en Noord-Hollandsch (De Unie, Nov. 1905).

OUDEMANS, A. C.: Woordenboek op de Gedichten van Bredero. Werken v. d. Maatsch. d. Ndl. Letterk. te Leiden, Nieuwe Reeks, Deel IX, 1857.

: Bijdrage tot een Middel- en Oud-Nederlandsch Woordenboek, Arnhem, 1870—1880.

PAUL, H.: Prinzipien der Sprachgeschichte, 4e Aufl., Halle 1909.

PETTMAN, C.: Africanderisms, London 1913.

VAN RIEBEEK, J.: Dagverhaal. Werken v. h. Hist. Genootsch. te Utrecht, Nos. 39, 58 en 59.

LE ROUX, T. H.: Beschrijvende Klankleer v. h. Afrikaans. Proefskrif, Leiden 1910.

RUMPHIUS: Herbarium Amboinense etc. Uitg. Amsterdam 1741.

SCHUCHARDT, H.: Literaturblatt für germanische und romanische Philologie, 1885, p. 464 vlgg.

; Zeitschrift für romanische Philologie, XII, p. 242 vlgg.; XIII, p. 463 vlgg.

: Kreolische Studien IX, Sitzungs-berichte der Kaiserlichen Akademie der Wissenschaften zu Wien, Phil.-Hist. Classe, Band CXXII, 1890.

: Slawo-Deutsches und Slawo-Italienisches, Graz 1884.

SPAR(R)MAN, A.: Reize naar de Kaap de Goede Hoop . . . . in de jaren 1772 tot 1776 . . . . Ndl. Vertaling, Leiden 1787.

STAVORINUS, J. C.: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop naar Batavia, Leiden 1793.

THEAL, GEO. MCCALL: History of South Africa, London 1888—1891. Drie dele.

: Chronicles of Cape Commanders, Cape Town 1882.

: Belangrijke Historische Dokumenten, Kaapstad 1896. Twee dele.

DU TOIT, P. J.: Afrikaansche Studies. Proefskrif, Gent 1905.

DE UNIE, Maandblad voor School en Huis, Stellenbosch 1905.

LE VAILLANT, Reize in de Binnenlanden van Afrika . . . . in de jaaren 1780 tot 1785. Ndl. vertaling, Leiden en Amsterdam 1791—1796. Vijf dele.

VETH, P. J.: Uit Oost en West, Arnhem 1899.

VOYAGIEN . . . 't Amsterdam gedruckt bij Gillis Joosten Saeghman s. j. (Bevat uittreksels uit allerlei ou reisverhale, soos die van Willem Schouten, Joris van Spilbergen ens.) Circa 1660.

VILJOEN, W. J.: Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache. Proefskrif, Strassburg 1896.

Woordenboek der Nederlandsche Taal, deur de Vries, te Winkel e.a.

YULE AND BURNELL: Hobson—Jobson. New Edition by Crooke, London 1903.

WALLMANN, J. C.: Die Formenlehre der Namaquasprache, Berlin 1857.

WHITNEY, W. D.: On Mixture in Language. Transactions of the American Philological Association 1881.

VAN WIJK, D. G.: Spraakleer der Maleische Taal, 2e druk, Batavia 1893.

WINDISCH: Zur Theorie der Mischsprachen und Lehnwörter. Berichte der Königlich-Sächsischen Gesellschaft der Wissenschaften, Leipzig 1897.

WINSCHOOTEN, W. A.: Seeman ens. Leiden 1681.

I.

Vir die meeste geleerdes wat hulle besig gehou het met die kwessie, is die eigenaardige in die geskiedenis van die ontwikkeling van Afrikaans, die snelheid waarmee die proses sij loop geneem het, d. w. s. in vergelijking met die ontwikkelingsgeskiedenis van ander tale. Sommige, soos Dr. Kruisinga en C. J. van Rijn, sien in die ontwikkeling, die toestande in aanmerking geneem, niks abnormaals nie; maar geleerdes soos Dr. Hahn, Dr. te Winkel, Schuchardt, Dr. Hesseling en Dr. van Ginneken, meen dat 'n verklaring wat alleen „spontane" ontwikkelingsfaktore aanneem nie afdoende kan wees nie. Watter ander faktor of faktore moet in aanmerking geneem word? Verskillende geleerdes het hierop verskillend geantwoord.

Dr. Th. Hahn het die faktor gesoek in die invloed van die taal van die Hottentotte (*Cape Times*, 29 April en 1 Mei, 1882).

Dr. Jan te Winkel het gedink aan die invloed van die taal van die Franse Hugenote (*Vragen van den Dag* 1896). Later het hij hom, meen ek, van die standpunt terug getrek.

Die invloed van Duits is alleen terloops genoem, o. a. deur die bekende Romanist Schuchardt (*Litbl. f. germ. u. rom. Phil.*, 1885).

Op dieselfde plaas, en in sij *Kreolische Studien* IX, het Schuchardt ook 'n paar woorde oor Portugese en Maleise

invloed. Misskien na aanleiding van die opmerkinge van hierdie geleerde, het Dr. H. die teorie opgestel, eers in *De Gids* van Januarie 1897, en later in *Het Afrikaansch* (Leiden 1899), dat Maleis-Portugees die belangrijkste faktor was in die ontwikkelingsproses waardeur Nederlands Afrikaans geword het. Sij teorie het teenspraak gevind eers van die kant van Dr. Heinrich Meyer-Benfey in *Die Sprache der Buren* (Göttingen 1901) en in *Die Burensprache und ihre Literatur* (Preuss. Jahrbücher 1904), en later van die kant van Mnr. C. J. van Rijn in *Het nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands*, ens. (Kaapstad 1914). Ondersteuning het die teorie gevind in 'n proefskrif van Dr. P. J. du Toit *(Afrikaansche Studies*, Gent 1905). In Nederland skijn die teorie van Dr. Hesseling vandaag algemeen aangeneem te word; Dr. van Ginneken *(Handboek der Ndl. Taal*, I. Cap. 7) en Dr. C. G. N. de Vooys *(Hist. Schets der Ndl. Lettk.* 6de druk, p. 178) neem in hoofsaak die Maleis-Portugees teorie van Dr. H. aan.

Die Maleis-Portugees teorie van die ontwikkeling van Afrikaans berus m. i. op sterker gronde as die ander teorieë, maar oortuigend is dit nie, en die voorliggende werk het ten doel om enige besware daarteen aan te voer, en so moontlik iets in die plaas te stel wat èn tegemoet kom aan die besware, èn die feite van Dr. H. se ondersoek op aanneemlike manier verklaar.

Wat is die feite waarop die Maleis-Portugees teorie berus, en watter konklusies trek Dr. H. daaruit?

In bowegenoemde Gidsartikel sê Dr. H.: „Het is inderdaad zonder voorbeeld dat de taal eener kolonie in betrekkelijk zoo korten tijd in die mate afwijkt van de taalvormen der moedertaal als dat het geval is geweest met het Afrikaansch" (p. 138). Hier kan, sê hij verder, geen sprake wees van spontane ontwikkeling van enige Nederlandse dialek nie, en ons moet dink aan die invloed van een of ander vreemde taal. Kan dit Frans gewees het, soos Mnr. C. Stoffel in *Volksalmanak der Maatsch. tot Nut v. h. Algemeen* 1882 en Prof. te Winkel in *Vragen v. d. Dag* 1896, gemeen het? Die argumente van Prof. te Winkel word dan een vir een nagegaan, en na dit mij voorkom, so weerlê, dat met Frans as *direk* inwerkende faktor voortaan nie ernstig rekening hoef gehou te word nie. Wat invloed van Duits en Engels betref: „de Duitsche en de Engelsche taal hebben, behalve in onze eeuw (die 19de) evenmin invloed van eenige beteekenis gehad op de vorming der Afrikaansche taal", sê Dr. Hesseling kortweg. Van Hottentotse kant sou mens invloed kon verwag het, as dit nie was dat die Hottentotte self al vroeg die taal van die Hollanders oorgeneem het nie, terwijl die Hollanders geen moeite gedoen het om die taal van die inboorlinge te leer nie. Invloed van Bantoe tale word nie in aanmerking geneem nie. Dan blij daar oor die taal van die slawe en die handelstaal, in sover as die 'n vreemde taal was. Die taal noem Dr. H. Maleis-Portugees. Die argumente ten gunste hiervan ontleen ons aan *Het Afrikaansch*. Die geskrif is 'n uitbreiding van die Gidsartikel, en 'n bespreking van die teorie van Prof. H. moet sig dan ook hieraan vasknoop.

Voordat hij hierin die invloed van Maleis-Portugees kom te bespreek, wei Dr. H. 'n oomblik uit oor die toestand aan die Kaap in die 17de eeuw, en wijs daarop dat die Kaap 'n tussenstation was op die weg na Indië, en dan ook gereken werd as die „frontier fortress of India". Daarna kom hij tot die taal en wijs op die snelle vervorming van Afrikaans, met die verstandige en noodsaaklike opmerking egter „bij 't verklaren van eigenaardigheden van 't Afrikaansch, er ons voor te wachten dat we aan invloed van elders toeschrijven wat wij reeds in onze vaderlandsche taal van dien tijd aantreffen" (p. 8).

Dat dit volstrek onmoontlik is om bij Afrikaans aan die spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek te dink, meen Dr. H. te kan bewijs uit 'n paar manifeste van die jaar 1739, dus 87 jaar na die stigting van die Kaapkolonie. Die manifeste is opgestel deur 'n Fransman, Barbier, met behulp van 'n „burger" Pletsholt. Dat Afrikaans dan ook 'n „mengeltaal" is (ek neem die woord van Dr. H. oor) staat bij die skrijwer vas (p. 15—16). Behalwe 'n onvolledige aanhaling uit wat Windisch *(Ber. d. königl. Sächs. Gesells. d. Wissensch.,* phil. hist. Cl., 1897, p. 118), bedoel het as 'n omskrijwing van 'n mengeltaal, gee Dr. H. self aan die hand wat hij verstaan onder 'n mengeltaal: „Alleen wanneer een groot deel van het volk [een] vreemde taal gaat spreken, en dat niet slechts somtijds doet, gelijk wij Fransch, Duitsch of Engelsch, maar haar opneemt in het dagelijksch gebruik, ontstaat een mengeltaal". Dr. H. skipper dus nie met sij definisie om dit sig self later gemaklik te maak nie. Ons weet nou presies wat hij moet aanvoer om te bewijs dat Afrikaans 'n mengeltaal is, nl.,

soos hij self sê (p. 18): „van welk volk de Nederlanders .... de taal zijn gaan s p r e k e n". (Die spasiëring is van hom).

Kortelik word eers die moontlike invloed van Hottentots, Frans en Duits bespreek. Natuurlik word toegegee dat Frans en Duits deur Koloniste gespreek is, en aangetoon dat die Koloniste ook Hottentots geken het, maar alleen in enkele alleenstaande gevalle, nooit „in grooten getale", en nooit vir 'n lang tijd nie, sê Dr. H. In al die gevalle het spoedig owername van Nederlands, oftewel Afrikaans, deur die anderssprekende plaasgevind, en dit so snel en so vroeg, dat die tale geen noemenswaarde invloed op die vorming van Afrikaans kon gehad het nie, soos uit Afrikaans self dan ook moet blijk. In hoe ver nou staan sake anders met betrekking tot Maleis-Portugees? Om hierop te antwoord moet die geskiedenis en die taal self ondersoek word. Dr. H. se argumente kan dan ook in geskiedkundige en taalkundige verdeel word. Op bladsij 33 begin die uiteensetting van die historiese argumente waarop die Maleis-Portugees teorie berus.

Onder die seevaarders in die Indiese Archipel het daar sig gedurende die 16de eeuw 'n taal ontwikkel, die s.g. Maleis-Portugees, waarvan Portugees die belangrijkste element was, maar wat ook baje Maleise en Nederlandse woorde bevat het, 'n soort van internasionale verkeerstaal. Schuchardt, die bekende autoriteit op die gebied van kreools-Romaans, het in een van sij studies *(Zs. f. rom. Phil.,* XIII, p. 506) met betrekking tot die Kaap die volgende opmerking: „Das Kreolische welches, freilich nur in beschränktem Umfang, einst am Kap gesprochen wurde, gehörte wohl mehr zum Indoportugiesischen als zum

Negerportugiesischen". Behalwe Hottentotte was daar aan die Kaap veral Maleiers, sê hij; maar Portugese onderwijsers was daar nie nodig nie omdat al die slawe Hollands moes leer, of ten minste daartoe aangespoor geword het. „Die Verhältnisse seien von denen der indischen Seestädte verschieden, wo übrigens auch viele Engländer mit ihren Sklaven nur Englisch redeten". Maar Schuchardt gaat vir Dr. H. nie ver genoeg nie. Hij sal nou aantoon, dat gedurende die eerste vijftig jaar van die bestaan van die Kolonie Maleis-Portugees daar „zeer algemeen verspreid" was.

Onder die verskillende kreools-Portugese dialekte het daar ook 'n Maleis-Portugese dialek bestaan, waaroor Schuchardt 'n studie gemaak het, nl. die *Kreolische Studien* IX, boo aangehaal. As Kolbe (*Caput Bonae Spei Hodiernum*, p. 60) praat van: „de Portugeesche taal nevens de Maleische .... als welke beide talen niet alleen hier maar in gantsch Oost-Indië, ten minsten gelijk jegenswoordig de Fransche in Duitschland gesproken worden", dan bedoel hij daarmee niks anders as Maleis-Portugees nie, sê Dr. H.

Misskien is dit hier die plek om te wijs op die groot moeilikheid in verband met die ondersoek na die oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans, naamlik die gebrek aan bronne uit die 17de en 18de eeuwe. Die offisiële taal was altijd Nederlands. Uit regeringstukke val daar dus so goed as niks te put nie. Literatuur in Afrikaans van vóór die tweede helfte van die 19de eeuw bestaan daar ook nie. Sowat die enigste bronne waaruit iets te putte val is beskrijwinge en reisverhale soos die van Kolbe, Sparrman en Le Vaillant, en daarin word nie veel aandag aan die

taal van die blanke inwoners van die Kaap gegee nie. Kolbe is die enigste wat die taal meer dan terloops aanroer. Van 1705 tot 1713 was Kolbe aan die Kaap, en as ons uit sij werk betrouwbare en enigsins volledige opmerkinge oor die taaltoestande aan die Kaap kon gekrij het, dan sou die van groot waarde vir ons ondersoek gewees het, want die tijd waarin Kolbe aan die Kaap was, moet net die tijd gewees het waarin die Afrikaanse taal gebore is. Maar ongelukkig laat Kolbe hom uiters beknop en onduidelik uit oor die taal, en wat nog ongelukkiger is, Kolbe is nie altoos betrouwbaar nie. Theal, die beste autoriteit oor sulke sake, noem hom: „too indolent or too conceited for patient research, too credulous in believing idle tales, too unscrupulous to abstain from writing fancies and terming them facts .... To those who can compare his writings with the official records of the time, they are unquestionably of very great value, but others should be careful not to rely too much upon them" *(Hist. of S. A.* I. p. 393). Sparrman het telkens en telkens weer geleentheid om Kolbe te berisp oor onnouwkeurighede op die gebied van die natuurlike historie. Die bladwijser op die *Reize* van Sparrman bevat selfs 'n hoof: „Berispingen van Kolbe"! Le Vaillant laat hom nog ongunstiger uit oor die werk van sij voorganger. So praat hij oor die „droomerijen van Kolbe", en noem hom die „stilzittende reiziger". Sij gegewens berus, volgens Le Vaillant, meestal op die praatjies van kroegvriende en likkebroers (Deel I, p. 93—95). Maar dit lijk of ons Fransman 'n bietjie jaloers was op Kolbe. Op p. 254, Deel II, sê hij: „In Europa is hij een groot man, die Kolbe"!

Ongelukkig kan ons Kolbe hier nie kontroleer nie, daar hij vir díe tijd ons enigste autoriteit is op die gebied van die taaltoestande. Dit is jammer dat Dr. H. hom aanhaal sonder enige waarskuwing dat sij segsman se uitlatinge dikwels met 'n handvol sout moet geneem word.

Maar laat ons aanneem dat Kolbe hier die waarheid praat, want selfs as „stilzittende reiziger", soos Le Vaillant hom noem, is hij hier in staat om uit eie obserwasie te put. Sij drie paragrawe oor die taal haal ek om verskillende redes volledig aan uit die oorspronklike Duitse uitgawe van sij werk *(Caput Bonae Spei Hodiernum,* p. 60—61): „Auf diese Condition also wisse Er, mein Herr, dass hier allerley Mund-Arten und Nationen anzutreffen seyn, wenn auch gleich der Hottentotten nicht einmal gedacht wird. Denn mann findet Holländer oder generaliter Niederländer, Hochteutsche, und aus denselben Preussen, Pommern, Brandenburger, Sachsen, Francken, Schwaben, Westphälinger und Schweitzer; ferner Schweden, Dänen, Pohlen, Portugiesen, Frantzosen, Savoyer, Italiäner, Engelländer, Hungarn und andere; welche, wenn man sie zugleich und einen jeden absonderlich in seiner Sprache reden hörte, auch etwan noch die Sclaven, die vielerley Sprachen reden, als die Malayen, Malabaren, Ceylonesen, Javanen, Banjanen, Amboinesen, Bandanesen, Boekier, Chinesen, Madagascaren, Angoler, Guinäer, Capo-verder etc. darzu zehlte, dürffte es gewiss nicht anders lauten, als ob man die Verwirrung der Sprachen bey dem Babylonischen Thurme aufs neue vorstellig machen wolte.

Doch kann jeder Europäer mit seiner eigenen Sprache genugsam zurecht kommen; und wenn es ja fehlen solte,

so wird man leicht die eine oder die andere, sonderlich aber die Holländische, oder, welches fast noch besser, die Portugiesische, nebst der Maleyschen erlernen können: als welche beyde Sprachen nicht nur hier, sondern fast in gantz Ost-Indien gemeiniglich, wenigstens wie etwa gegenwärtig in Teutschland die Frantzösische geredet werden. Die Portugiesische zwar haben die Portugiesen, als erste Erfinder von Ost-Indien, so weit unter ihnen fortgepflantzet, dass viele grosse Städte, als Batavia, Columbo auf Ceylon, und andere mehr gefunden werden, welche sich derselben insgemein bedienen, auch besondere Prediger unterhalten, die denen Europäern, zumal aber denen Sclaven, die solche meistentheils reden, das göttliche Wort darinnen vortragen müssen: die Maleyische hingegen, welche zierlich und nett ist, gehet daselbst in solchen Flor als bei uns die Lateinische; gleichwohl kann man mit und durch dieselbe fast gantz Indien durchreisen, wie denn auf Befehl der Illustren Ost-Indischen Compagnie, zu Batavia ein ordentlicher Prediger anzutreffen, der auch in dieser Sprache den Gottesdienst verrichtet, Kinder tauffet, copuliret, und sonst alles tuht was bey dem Predig-Ampt zu geschehen pfleget.

Hierum nun darf sich ein Fremder, wegen der Sprachen Vielheit den Kopff nicht zerbrechen, sondern er kann gar leicht zu recht kommen, vornemlich so er sich auf die eine oder die andere absonderlich legen, und dieselbe aus dem Fundament erlernen will. Mir hat anfangs die Holländische beliebet, theils weil sonsten die Predigten nicht wohl verstehen konte; theils auch weil mir die Angenehmheit derselben, nebst der Wörter Vielheit und deutlichen Pronunciation sehr wohl gefiel. Nachgehends habe zwar

in dem Portugiesischen einige Wörter begriffen, krafft deren das Benöthigte fordern könte, und mich keines Betrugs von denen Sclaven zu besorgen hätte; alleine ich hielte vor weit nöthiger, mich in der Hottentottischen ein wenig umzusehen, obgleich sehr wohl wuste, dass dieselbe nicht vollkommen, und wegen grosser Veränderung der Schläge, welche mit der Zunge gegen dem Gaumen, und die vordere Zähnen des Mundes müssen gemacht werden, aus dem Fundament nicht würde erlernen können".

Onder „die Portugiesische nebst der Maleyschen Sprache" verstaan Dr. H. dat Kolbe bedoel Maleis-Portugees. Dat nog Maleis, nog Portugees aan die Kaap suiwer gespreek is, gee ons graag toe, maar dat Kolbe daarmee één taal bedoel het, 'n mengsel van Maleis en Portugees, is tog seker onjuis. Kolbe spreek immers duidelik van „beyde Sprachen", en dan gaan hij selfs voort om die Portugees van Oost-Indië te kontrasteer met Maleis, — al moet ons toegee dat Kolbe hier weer praat oor sake wat hij alleen van hore sê ken.

Dat Maleis en Portugees nog later aan die Kaap gepraat is, maar as aparte tale, sien ons ook uit Sparrman. Op bladsij 27 praat Sparrman van „Maleitsch en een zeer verbasterd Portugeesch"; op bladsij 66 beraadslaag enige slawe „in de Portugeesche taal"; op bladsij 67 twis die huisslaaf en die veewagter „in de Portugeesche taal"; op bladsij 264 leer die kinders van hulle minnemoers en Hottentotse ajas Maleis en Hottentots; op bladsij 339 weier bediendes om „in 't Hollandsch of Portugeesch" te antwoord. Hierbij is dit van belang om op te merk dat Sparrman aan die Kaap was tussen 1772 en 1776, dus

heel wat later dan Kolbe, en later dan die tijd waarin Dr. H. die owergang van Nederlands tot Afrikaans stel (*Het Afr.* p. 70). Later, as ons die geskiedenis van die slawe aan die Kaap nader behandel, sal ons sien dat die aantal slawe afkomstig uit Indië, betreklik gering moet gewees het in die loop van die 17de eeuw. Tot omstreeks 1700 was die slawe aan die Kaap bijna uitsluitend afkomstig van Afrika en Madagascar.

En watter rede sou daar bestaan het waarom die Afrikaanse negers Maleis-Portugees sou gepraat het? Ewe goed as daar 'n Maleis-Portugees bestaan het, het daar ook 'n Neger-Portugees bestaan (vgl. Schuchardt, *Zs. f. rom. Phil.* XII, p. 242; XIII, p. 463), en ook 'n Indo-Portugees in die engere betekenis van die term, d. w. s. 'n mengeltaal bestaande uit elemente van Portugees en elemente van tale uit Voor-Indië (Schuchardt, *Zs. f. rom. Phil.* XIII, p. 476). Dit lê nou tog voor die hand dat die Afrikaanse slawe Neger-Portugees, en die Ceylonse Indo-Portugees sou gepraat het, in so ver as hulle dan 'n kreools-Portugese taal gepraat het. En hoe omtrent die slawe van Madagascar, wat waarskijnlik die meerderheid van die slawe aan die Kaap uitgemaak het? Uit werke oor die taal van Madagascar blijk nêrens dat Portugees daar ooit wortel gevat het nie. (Vgl. ook *Het Afr.* p. 44, noot).

Die moontlikheid dat al die slawe van verskillende herkoms aan die Kaap Maleis-Portugees sou aangeleer het lijk mij al heel gering. Die Oost-Indiese Kompanjie het van die begin af maatreëls geneem om die uitbreiding van Portugees, waarvan in Indië ondervinding opgedoen was, in Suid-Afrika teen te gaan. In 1658 reeds, *toe daar*

nog maar net Angoolse slawe in Suid-Afrika was, dekreteer van Goens: „de Portugeese taal mogen slaven niet spreken, nog onder malcander nog tegens vremde of nederlanders". Dit was klaarblijklik 'n voorsorgsmaatregel. Van Goens wou voorkom dat die toestand aan die Kaap dieselfde word as in Indië, waar die Kompanjie las gehad het van die oorheersing van Portugees. As díe maatregel bedoel was om verandering te bring in destijds aan die Kaap bestaande toestande, dan moes díe toestande geblijk het uit die uitvoerige *Dagverhaal* van Jan van Riebeek. Behalwe in twee gevalle, waar ek later op terug kom, word met geen woord gewag gemaak van Portugese of Maleise, laat staan Maleis-Portugese invloed nie. Die moeite wat die Kompanjie gedoen het om die kennis van Nederlands onder die slawe te bevorder blijk uit die geskiedenis van Theal. (Vgl. register op *Schools* passim). Dr. H. behandel die saak ook vrij uitvoerig (p. 64—69). Alleen was die „talrijke Portugeesch sprekende slavenbevolking" (p. 67) daar nie, in elk geval toe nog nie. Tereg lê Dr. H. nadruk op die verordening van 1685 waarbij kennis van Nederlands as eerste vereiste gestel werd om vrijheid te verkrij *(Het Afr.* p. 68). As 'n slaaf wat geen Maleis-Portugees ken nie, nou aan die Kaap aankom, waarom sal hij Maleis-Portugees gaan leer as hij Nederlands moet praat met sij baas? Alleen om met ander slawe Maleis-Portugees te praat? Maar die moes ook Nederlands praat!

Gesteld dat Kolbe met „die Portugiesische nebst der Maleyschen Sprache" bedoel Maleis-Portugees, dan kom die vraag op: In watter omvang is díe Maleis-Portugees

aan die Kaap in gebruik gewees in die begin van die 18de eeuw? Minstens in die selfde omvang as Frans in Duitsland destijds, sê Kolbe, in die tweede paragraaf boo aangehaal; en daarmee sal Dr. H. wel nie tevrede wees nie. Ons erken graag dat Kolbe hier nie reg duidelik is nie. Mag ons uit sij woorde die gevolgtrekking maak dat mens in die tijd in Duitsland bijna beter oor die weg kon kom met Frans as met Duits? Soveel is egter wel duidelik, dat die taaltoestande aan die Kaap omstreeks 1700, 'n ware Babelse verwarring moes vertoon het, soos Kolbe dan ook sê. En dat Maleis en Portugees goed vertegenwoordig was, veral onder die slawe, moet ons uit Kolbe se woorde wel aflei.

Enigsins anders word die saak waar Dr. H. sê: „De matrozen en soldaten die uit Indië terugkeerden, spraken natuurlijk dat Maleisch-Portugeesch; vele dier oorlams (oudgasten) vestigden zich aan de Kaap en brachten hun kennis, voor zoover noodig, over aan de oorspronkelijke kolonisten, die er als kleinhandelaars alle belang bij hadden zich voor zeelui van allerlei landaard verstaanbaar te maken", (p. 40). Dit beweer Dr. H. somaar, sonder daar 'n bewijs voor bij te bring. As hij met „oorlams" bedoel uitgediende matrose en soldate, dan het ek minder beswaar teen sij „natuurlijk". Maar selfs dan, is dit uit die geskiedenis aan te toon, of anders waarskijnlik te maak, dat sulke mense wat, ek durf sê, natuurlik, haas gehad het om terug te kom in hulle vaderland, aan die Kaap sou agterblij om te wag op die retour vloot van die volgende jaar, en dit in sulke getalle dat hulle invloed op die taal aan die Kaap kon uitoefen? Daarvoor moet Dr. H. meer bewijse aanvoer.

Dat „vele" van die oorlams hulle aan die Kaap *gevestig* het, gloo ek nie, want dan sou mens in 'n werk as *De Afkomst der Boeren* van Dr. Colenbrander, daar spore van wil sien.

Of word onder matrose en soldate die gewone skeepsbemanning bedoel? Dan het ek ernstig beswaar teen die „natuurlijk" van Dr. H. Die bemanning van die skepe van die O.-I. Kompanjie was per slot van rekening nie so bont as Dr. H. dit wil voorstel nie (p. 34). Nederland was in die verste verte nie in staat om die nodige aantal matrose te lewer nie, sê hij. Uit die generale landmonsterrol van 1691 blijk, volgens Dr. Colenbrander (*Afkomst der Boeren*, p. 124) dat van die 11,333 dienaars van die O.-I. Kompanjie 'n klein 80 % Nederlanders was. „Het verhoudingsgetal neemt af hoe verder men teruggaat. De vestiging van onze Indische heerschappij is ons eigen werk geweest: de helpers van Coen en van Diemen waren voor negen tienden Nederlanders". Wat die monsterrolle van die Kaap betref, in 1656 was 77 % van die dienaars van die Kompanjie Nederlanders, in 1716 63 %. In die 18de eeuw word die verhouding anders. Dan kom die Duitsers in die meerderheid. Duitsers en Nederlanders te saam vorm in 1656 91 %, en in 1716 88 %. Die feite beantwoord partijmaal nie aan 'n mens se vermoedens nie!

En waarom sou die skeepsbemanning nou, as hulle terug kom uit Indië algar, natuurlik, Maleis-Portugees praat? Het hulle so lang in Indië vertoef dat dit van self spreek dat hulle Maleis-Portugees moes geleer het? Uit die lijs: *Verkeer van schepen in de Tafelbaai*, in *Jan van Riebeeck* van Dr. Godeé-Molsbergen, p. 254, het ek die reise van

enige skepe nagegaan. So het die „Oliphant" b.v. 24 Desember 1651 uit Nederland vertrek; 23 Februarie 1659 was sij op haar derde terugreis daarna aan die Kaap. Laat ons aanneem dat sij vier maande later in patria was. Dan het die drie reise 7½ jaar geduur. Ongeveer 3½ daarvan was sij op see. Gesteld dat die orige 4 jaar gelijk op moet verdeel word tussen die verblijf in Nederland en in Indië. Dan sou 'n matroos onder die gunstigste omstandighede drie maal gedurende ag maande in die geleentheid gewees het om Maleis-Portugees te leer, en drie maal gedurende 22 maande geleentheid gehad het om dit te vergeet. Dan neem ek aan dat 'n Nederlandse matroos, op 'n Nederlandse skip, waarvan die bemanning vir 'n 75 % uit landgenote bestaan het, nie 'n vreemde taal sou gepraat het nie, behalwe in hawens waar dit nodig was.

En watter rol het die Maleis-Portugees gespeel in die lewe van 'n Nederlandse matroos in Indiese hawens? Dit is moeilik om hiervan 'n idee te krij. Ons mag aanneem dat in die 17de eeuw op elke Oost-Indiese skip een of meer persone was wat Portugees, en waarskijnlik ook Maleis, geken het. Díe persone sou in die reël onder die offisiere te vinde gewees het, soos natuurlik in die eerste plaas die „koopman", en nie onder die gewone matrose nie, omdat die minder in aanraking sal gekom het met die vreemde volke. Selfs in die Indiese hawens sal die matroos tog maar bijna altoos aan boord van sij skip geblij het, terwijl dit die skipper en die koopman was wat aan land sou gegaan het om handel te drijf. So lees ons in die *Journael* van Willem Cornelisz. Schouten van: „Maleys . . . . welcke tael den Koopman Aris Klaesz. seer wel konde". In die *Journael*

van Joris van Spilbergen is daar sprake van 'n „tolck die Portugijs koste spreken". Op die skip van Bontekoe was daar „drie maets die wat Maleys konden, want sij hadden voor die tijdt al in Oost-Indien geweest, soo dat sij de spraeck ten deele gheleert hadden". Portugees was seker meer algemeen bekend, veral onder die offisiere. In sij joernaal gee Frank van der Does telkens die Portugese name van sake wat hom vreemd was. Eenmaal word daar selfs 'n Portugese naam gegee aan 'n kaap: „Deesen voorn. hoeck werd den naam gegeven van Cabo de Porcko ofte den verckens hoeck, om oorsaek dat wij alhier verversinge van verckens verkreeghen". Maar dat die gewone matroos meer dan 'n paar Portugese woorde, in hoofsaak name van in Nederland onbekende sake sou geken het, is tog nie waarskijnlik nie. Misskien kan ons die posisie van Portugees in die 17de eeuwse seemanstaal vergelijk met die posisie van Engels in die seemanstaal van vandaag, mits ons in aanmerking neem die verskil in onderwijstoestande tussen toe en nou. En die invloed van Engels vandaag, op die taal van 'n ongeletterde Nederlandse matroos, is tog seker nie van die aard dat sij eie taal daardeur 'n mengeltaal word nie.

'n Belangrijke feit waar Dr. H. nie rekening mee hou nie, is dat nog voor die vestiging aan die Kaap, die invloed van Portugees as handelstaal aan 't agteruit gaan was. Dr. de Haan (*Priangan* II, p. 772, Batavia 1911) sê daaromtrent: „Met het tanen van het Portugeesch gezag is ook de invloed van hunne taal op het Compagnies-Hollandsch merkbaar verminderd. Zonder te kunnen aangeven of het Portugeesch als lingua franca der Oostersche zeeën

sedert den val van Malakka is achteruit gegaan, en zoo ja, op welke wijze daarin dan is voorzien, valt het al spoedig op dat de basterd-Portugeesche woorden in de Compagniestaal veel minder talrijk worden sedert ongeveer 1650, dat niet weinige van die termen, welke in de oudere stukken (zooals die bij Tiele-Heeres) worden aangetroffen, al spoedig hierna uit de geschreven taal zijn verdwenen, en dat ten slotte slechts enkele zijn overgebleven, aan welker vreemde afkomst ternauwernood meer gedacht werd".

Wat die soldate aan die Kaap betref, dat hulle die invloed van Maleis-Portugees op Afrikaans in aanmerklike mate sou versterk het, sal Dr. H. nie gouw wil beweer nie. [Dit word gesê (Dr. de Haan, *Priangan* II, p. 560) dat in Indië, bij die troepe op Java, selfs in Duits gekommandeer is!] In 1660 stuur Jan van Riebeek 'n ekspedisie na die binnelande van Suid-Afrika, onder adelbors Jan Danckert en onderbarbier Pieter Meerhof met elf man. Onder die dertien was daar geen een wat Portugees geken het nie, selfs nie in díe vorm waarin Portugees rondom Mozambique en Monomotapa verstaanbaar was nie, want Jan van Riebeek sê: „ende mocht wel dat eenige inwoonders aldaer de Portugeese spraecke eenigsints costen, dat Ul. doordien Jan Danckert in Italien gereyst heeft ende Dorhagen de latijnse tale can, veele soude te passe comen om terecht te raecken" (*Dagverhaal* III, p. 447). Van Riebeek se stijl is swak maar sij bedoeling is duidelik, en wat hij hier sê is vir ons ondersoek van groot waarde. Hieruit lijk dit bijna of dit onmoontlik was, om uit die besetting aan die Kaap iemand te krij wat, al was dit maar *Maleis-Portugees* geken het. As daar so iemand was, dan het

van Riebeek hom nie hoef te verlaat op die bietjie Italiaans wat Danckert in Italië „opgetel", of die Latijn wat adelbors Dorhage hom nog herinner het nie. Of was die Maleis-Portugees sprekende soldate nie „couragieus" genoeg om deel te neem aan die ekspedisie nie? Deur hierdie mededeling van van Riebeek kom die algemene verspreidheid van Maleis-Portugees aan die Kaap mij weinig waarskijnlik voor.

Dan gaan Dr. H. verder, en sê dat die „oorlâms" (in Afrikaans ken ek die woord alleen as adjektief) hulle kennis van Maleis-Portugees, vir sover nodig, oorgebring het aan die oorspronklike Koloniste, wat daar alle belang bij gehad het om hulle aan seelui van allerlei landaard verstaanbaar te maak. Die vanselfsprekendheid van so 'n owerbrenging van kennis, sou mens sê, maak die aanvoering van bewijse oorbodig. Nie heeltemaal nie. Sparrman sê: „En ofschoon deze laatsten (die ingesetene van die Kaap) wanneer het op zaaken den koophandel en de winst betreffende, aankomt, anders zoo onverdrooten zijn; en de geheele bloei der volkplanting niet alleen, maar ook het voordeel der meeste inwooneren, eenig en alleen op den buitenlandschen koophandel berust, zoo leeren zij nogthans zeer zelden vreemde taalen" (p. 20). Wat vir die tijd van Sparrman geld kon ook vroeër gegeld het.

Vir geen oomblik wil ek ontken dat daar Maleis-Portugees, of liewer Maleis en Portugees aan die Kaap gespreek is nie. Bewijse, veral wat Portugees betref, is daar genoeg, — net so goed as vir Duits, Frans en Hottentots. Die kwessie is: deur wie en in watter omvang? Die bestaan van Maleise en Portugese woorde in Afrikaans is al amper

bewijs genoeg dat díe tale aan die Kaap in gebruik was, maar voordat ons gloo dat Afrikaans 'n mengeltaal geword het onder invloed van díe tale, moet nog meer bewijs word. Dat daar in die *Kaapse Stukke* Portugese en Indiese woorde voorkom, sou verklaar kan word sonder om die bestaan van díe tale aan die Kaap aan te neem. Die ou reisverhale van vóór 1652 sit vol sulke woorde. Dr. de Haan gee bladsije van sulke woorde, alleen aan Portugees ontleen, wat ouer is dan die volksplanting aan die Kaap (*Priangan* II, p. 771 vlg.). Dat van Riebeek die woord *hassegaay* gebruik ses dae na sij aankoms aan die Kaap, is 'n bewijs dat die woord nie „aan de Boeren ongetwijfeld uit de taal der naturellen bekend" is nie, soos Dr. H. beweer, maar al vroeër in Nederlands bekend moes gewees het. Die oudste aanhaling in die *Ndl. Wdb.* dagteken dan ook van 1600, en die woord is glad nie aan Bantoe of Hottentots ontleen nie. Selfs al was daar aan die Kaap nooit 'n woord Maleis of Portugees gepraat nie, dan kon woorde as *basar,* of *Cabo de boa Esperance* (*Het Afr.* p. 40) nog in offisiële stukke van díe tijd, en selfs in hedendaagse Afrikaans voorgekom het. Die argument van die datering van vreemde woorde in Kompanjies-Hollands sal nog meermaal teen Dr. H. kan gebruik word.

As Dr. H. kon *bewijs* dat Eva haar kennis van Portugees „moet opgedaan hebben door die taal dikwijls te hooren" (p. 42), dan was dit 'n sterk argument vir sij teorie, maar dit kan hij nie. Dit sou dan ook al heel eigenaardig gewees het as Eva, die Hottentottin, hoe skrander sij ook al was in tale, Portugees sou kon „opgetel" het, terwijl Dorhage, wat dan tog al 'n bietjie Latijn geken

het, geen Portugees kon praat, en geen een van sij twaalf reisgenote nie. Die aanneemlikste verklaring van haar kennis van Portugees lijk mij dan nog, dat sij op een of ander manier tog „privaatlessen in vreemde talen" moes gehad het, al was dit dan nie van die goewerneur (segge kommandeur) self nie. Die kommandeur self sal haar ook wel nie geleer lees en bid het nie, en tog lees ons: „blijvende Eva hier aen 't fort om vorder te leeren leesen ende bidden enz." (*Dagverhaal* III, p. 2). Waarom kon die „enz." nie ook Portugese lesse van Mevr. van Riebeek, of die niggies van die kommandeur, of Meester Pieter van der Stael, of iemand anders ingesluit het nie? Wie weet wat 'n plesier dit was om so 'n skrander leerlinge as Eva les te gee, selfs in luxe-vakke soos skrijfkuns en Portugees!

As tolkin in Portugees sal van Riebeek Eva tog wel nie nodig gehad het nie, al was dit dan maar om die eenvoudige rede dat haar leermeester(es) dit waarskijnlijk beter kon doen as sij — gesteld dat dit nodig was om Portugees te vertolk, iets wat mens uit die *Dagverhaal* nie sou opmaak nie. Of was dit so vanselfsprekend dat van Riebeek daar geen melding van gemaak het nie? Maar waarom dan maak Kommandeur Wagenaar melding van die feit, dat hij op 'n reis na Madagascar drie tolke meegee „in 't Latijn, Frans, Portugees off Engels" (*Het Afr.* p. 44). Trouwens, waarom word daar 'n tolk meegegee „in 't Portugees" as Piet, Paul en Klaas díe taal kon praat? Alleenstaande, uitdrukkinge van díe aard bewijs niks. Hulle werp geen lig op die toestande nie, en dien soms net om 'n mens vaster te laat gloo aan 'n vooropgesette mening wat jij graag bevestig wil sien. As 'n slaaf

„niet alleen promt de Madagascarse maar ook de Portugeese spraack" ken, dan sou die een daaruit wil aflei dat Portugees 'n algemene taal in die land was en die ander, m. i. met meer reg, dat die kennis van Portugees juis 'n uitsondering was. Die drie swart tolke van 1695 (p. 45) ken al drie Nederlands, Portugees en Maleis, en elk nog 'n paar ander Oosterse tale. Wat mag mens hieruit aflei? Misskien niks meer nie, as dat dít die drie belangrijkste tale in die Oost-Indiese handelsverkeer van die tijd was. En daarvoor het ons nie bewijse nodig nie. Ons wil weet in hoever die blanke aan die Kaap Maleis-Portugees gepraat het.

En hiermee meen Dr. H. bewijs te hê dat die koloniste aan die Kaap reeds gemeensaam was met Maleis-Portugees.

Dit wil ons voorkom dat hij tot dusver bewijs het, dat ook Maleis-Portugees in gebruik was langes die kus in Indië, dat Portugees en Maleis bekend was aan die Kaap onder die slawe, en — op die autoriteit van Kolbe alleen — dat die twee tale ook in gebruik was onder die blanke. Vir sover dit die Kaap aanbetref, sou niks gemakliker wees nie, as om b.v. vir Hottentots presies dieselfde te bewijs as Dr. H. vir Maleis en Portugees bewijs het. As blanke in die 18de eeuw Hottentots kon leer (*Het Afr.* p. 26, en du Toit, *Afr. Stud.* p. 14), dan kon hulle dit in die 17de ook. Die geskiedkundige argumente ten gunste van Maleis-Portugees tot dusver aangevoer, het, op sigself beskouw, waarde in sover as dit ons daardeur verstaanbaar word op watter manier Afrikaans van díe kant invloed ondergaan het. Want dat Afrikaans invloed van die kant van Maleis en Portugees ondergaan het is seker. Van

díe aard dat Afrikaans onder Maleise of Portugese invloed 'n mengeltaal sou geword het, was díe invloed egter, na dit mij voorkom, nie.

Afgesien van die invloed van die handelstaal, is die sterk punt in die betoog van Dr. H. die invloed van die slawetaal. Vóór ons daartoe oorgaan om díe te bespreek, nog een opmerking oor die gebruik van Maleis-Portugees in die handelsverkeer aan die Kaap. Volgens Theal (*Chronicles of Cape Commanders*, sie register op *Shipping Statistics*) het daar gedurende die eerste 40 jaar van die volksplanting aan die Kaap aangekom 1303 Nederlandse skepe, 83 Engelse, 58 Franse, 25 Deense en 4 Portugese (waarvan een 'n prijs was). Nou mag ons tog seker aanneem dat in die handelsverkeer in 'n Nederlandse kolonie, met Nederlandse skepe, waarvan die bemanning vir 75 % uit Nederlanders bestaan het, die handelstaal Nederlands sou gewees het. Dan blij daar oor 170 skepe van vreemde nasionaliteit, d. w. s. gemiddeld so wat 4 skepe per jaar. (Vir die eerste 100 jaar van die volksplanting wordt die gemiddelde aantal vreemde skepe ongeveer 10 per jaar). Gesteld dat in alle gevalle van vreemde skepe die handelstaal Maleis-Portugees was, en dat al die vreemde skepe handel gedrijf het aan die Kaap (wat lang nie seker is nie) dan lijk dit nog nie of die noodsaaklikheid om díe taal te ken so biesonder groot was nie. In Indië was die toestand natuurlik anders, omdat daar Maleis-Portugees nodig was met die oog, nie so seer op die skeepsbevolking nie, as op die hawebevolking. In Oost-Indië het Maleis-Portugees reg van bestaan gehad, in Suid Afrika nie, ten minste nie as handelstaal nie.

Ek kan mij moeilik voorstel dat Maleis-Portugees in die 17de eeuw 'n groter rol gespeel het in die handelswêreld as Engels vandaag. Om enigsins 'n idee te krij van die invloed wat Engels het op die taal van die gewone matroos van vandaag, is dit goed om 'n boek te lees as *Van Af- tot Aanmonsteren* van Brusse. En hoeveel Engelse woorde daar ook in voorkom, sal niemand aan Engels soveel invloed wil toeskrijf op die Hollandse seemanstaal, as Dr. H. wil toeskrijf aan Maleis-Portugees op Afrikaans nie. Trouwens, uit die lijs wat Dr. H. gee van Maleis-Portugese woorde in Afrikaans doen alleen *baar, basaar, dispens, oorlams* en *tjap* dink aan terme ontleen aan die handels- en seemanstaal, en ten opsigte van Afrikaans is dit, soos ons later sal sien, waarskijnlik al vijf Nederlandse woorde, d. w. s. hulle is in Afrikaans vermoedelik via Nederlands gekom.

Dr. H. se sterkste argument ten gunste van Maleis-Portugese invloed op Afrikaans is ongetwijfeld die slawetaal. Ek wil probeer aantoon dat hij ook díe invloed oorskat.

Die aantal slawe aan die Kaap vóór 1658 (10 of 12) was te gering om enige invloed op die taal te kon uitoefen (*Het Afr.* p. 46). Maar in díe jaar het die toestand anders geword. Uit Angola en Guinea het twee skeepsladinge slawe aangekom, sodat daar eind Mei 1658, volgens van Riebeek (*Dagverhaal* II, p. 407) „over de 200 slaven" was, nadat bijna net soveel deurgestuur was na Indië. Vir 1679 gee Theal (*Hist. of S. A.* I, p. 257) aan 191 slawe, waaronder ook nuwe aankomelinge uit Madagascar moes gewees het (vgl. *Hist. of S. A.* I, p, 252). Die blanke bevolking het in díe jaar 289 bedra. In 1688 was die

verhouding van die getal blanke tot hulle slawe 612 : 310; in 1691 was díe verhouding 1113 : 386. Die sijfers sluit Kompanjies-dienaars en -slawe uit. Daarvoor kon ek nie gegewens vind nie. Maar die Kompanjie-slawe was, in die begin altans, ver in die meerderheid in vergelijking met die slawe wat in besit van die burgers was. Dit maak ek op uit 'n noot bij Dehérain (*Le Cap de Bonne-Espérance*, p. 210), waar vermeld word dat die slawe in besit van die Kompanjie in 1685 sowat 500 bedra het. Die sijfers van van Riebeek het betrekking op al die slawe toe aanwesig aan die Kaap. Die groot vermeerdering in die getal blanke tussen 1688 en 1691 is natuurlik toe te skrijf aan die immigrasie van die Hugenote. Vrijgemaakte slawe word onder burgers geklassifiseer, lijk dit. 'n Voorwaarde van hulle vrijmaking was dat hulle Hollands moes kon praat (Theal, *Hist. of S. A.* I, p. 281). In 1716 was daar 700 vrije teen 1300 ander slawe, vermoedelik met inbegrip van Kompanjie-slawe (*Het Afr.* p. 53). In Kolbe se tijd was daar aan die Kaap ruim 600 Kompanjie-slawe, wat aardig ooreenkom met die sijfer aangehaal uit Dehérain, en bewijs, wat ons trouwens ook sou verwag, dat die aantal Kompanjie-slawe op min of meer dieselfde hoogte geblij het, terwijl die aantal vrijgemaakte en burger-slawe gedurig toegeneem het. (Sie Kolbe, *Caput Bonae Spei Hodiernum*, p. 672).

Watter taal het díe slawe gepraat? Dit sal wel in die eerste plaas bepaal gewees het deur hulle plaas van herkoms. Waar het die slawe aan die Kaap vandaan gekom? Dr. H. sê: „De groote meerderheid kwam uit het Oosten" (*Het Afr.* p. 53). Die kwessie is hier wat mens onder

„het Oosten" moet verstaan. As Madagascar nie beskouw word as ook tot die Ooste te behoor nie (en gewoonlik word Madagascar as 'n deel van Afrika beskouw), dan is die bepaling van die herkoms van die slawe, soos Dr. H. dit gee, nie juis nie. Vir die eerste 25 jaar van die volksplanting kan ons bijna volstaan met te sê, dat die slawe aan die Kaap afkomstig was uit Afrika self, hoofsaaklik van die Weskus. Vóór 1676 was daar geen belangrijke aanvoer van nuwe slawe na die van 1658 nie, soos die sijfers boo gegee, genoegsaam aantoon.

Uit die noot van Dr. H. op pagina 53, lijk dit of Kolbe beweer dat die meeste slawe uit die Ooste gekom het. Kolbe sê duidelik dat die 600 Kompanjie-slawe waar hij van praat, „meist alle von Madagascar gebürtig seyn, und werden wenig andere aus diesen Africanischen Königreichen und Ländern als Capo Verde, Guinea, Congo, Loanda, S. Paul, *noch weniger aber aus Asien oder Ost-Indien* gefunden werden: es wäre denn dass einer oder der andere Schiffs-Capitain, oder auch ein anderer Schiffs-Officier von Consideration, einen von dorten mit hergebracht und verkauffet hätte. (Dit is eigenaardig dat so 'n uitvoerigheid kan gepaard gaan met onbetrouwbaarheid, en dubbel jammer!) *Die Madagascarischen also sind hier die allerzahlreichsten und gemeinesten,* welche durch ein expresse dahin geschicktes Schiff von den Königen der besagten Insul, insgleichen auch von andern Einwohnern erkauffet . . . . werden" (t. a. p. p. 672. Ek kursiveer). En ons mag seker aanneem dat dieselfde geld van die burger-slawe, want die het die burgers tog maar van die Kompanjie gekoop. Hier kan ons Kolbe gelukkig vergelijk met Theal,

en dan blijk dit dat hij hier betrouwbaar is. Theal sê: „The great majority of the slaves were negroes from Madagascar or the mainland of Africa, mostly males, who had been made prisoners in war and had been sold by the chiefs of victorious tribes" (*Hist. of S. A.* I, p. 203). Later sê hij: „With Madagascar there was a regular trade in slaves" (*Hist. of S. A.* II, p. 150).

'n Moeilikheid in hierdie verband is, dat die Kaapse goewernement in 1767 aan die Raad van Indië versoek om die uitvoer van Asiatiese slawe na die Kaap te verbied (t. a. p. p. 150). Ek vermoed dat dít nie so seer was om die groot aantal wat daarvandaan gekom het nie, as om die karakter van die Indiese slawe. Die slawehandel met Madagascar het intussen voortgeduur, dus eigelike behoefte aan die Indiese slawe was daar nie, behalwe in sover as hulle geskik was vir doeleindes waarvoor die Madagascarse slawe minder geskik was, soos diens in die kombuis. Die Maleise slawe was uitstekende kokke, soos baje Indiese geregte, met hulle Indiese name, in Suid Afrika vandaag nog getuig. Maar die geaardheid van die Maleiërs het hulle minder geskik gemaak as slawe. Theal sê van hulle; „when excited they were prone to commit appalling crimes" (t. a. p.). Die aanhalinge wat Dr. H. gee uit die *Kaapse Stukke* (*Het Afr.* p. 57 vlgg.) wijs in dieselfde rigting. Die volgende aanhaling uit Sparrman los die moeilikheid heeltemaal op: „Bugunen-slaven worden van de Oost-Indische eilanden als gevangenen gehaald. De natuurlijke onbuigzaamheid dezer lieden is voorts de waare oorzaak, dat men ze aan de Kaap niet gaarn koopt, *en hun invoer verboden is*, ofschoon het somtijds heimlijk

geschiedt . . . . De slaaven uit andere natien als van Mozambique, Madagascar, Malabar, en andere gewesten, zijn over het algemeen genomen . . . . niet zoo gevaarlijk als de Buguneezen. En even daarom worden zij . . . . veel menigvuldiger onder het juk der slavernij gebracht (p. 783). Volkome in ooreenstemming hiermee is wat Le Vaillant sê, o. a.: „Men ziet er ook Maleyers die én de snedigste én de gevaarlijkste der slaaven zijn" (Deel I, p. 86).

Dehérain gee die volgende oorsigtelike opsomming van die aantal slawe in besit van die burgers aan die Kaap: in 1658 was daar 89, mans, vrouwens en kinders; in 1687 was daar 274; 470 in 1697; 892 in 1705, en 1147 in 1708, (*Le Cap de Bonne-Espérance*, p. 211). Soos boo aangehaal was daar in 1685 sowat 500 Kompanjie-slawe, en in die tijd van Kolbe, dus 'n 25 jaar later, ongeveer 600.

Met betrekking tot die herkoms van die slawe gee Dehérain (t. a. p. p. 202, 206) die volgende aanduidinge: Tot 1698 is uit die Ooste 193 slawe aangevoer, waarvan 154 uit Ceylon; tot 1699 is uit Madagascar aangevoer 481; tot 1715 word die getal van die slawe afkomstig van Madagascar alleen 1194. Tussen 1698 en 1715 vermeld hij geen aanvoer van slawe uit die Ooste nie. Van die Asiatiese slawe sê hij: „Généralement ces esclaves appartenaient à la Compagnie des Indes. Mais parfois de simples particuliers, qui retournaient de l'Inde dans les Pays-Bas, étaient autorisés à emmener un ou plusieurs esclaves et à s'en défaire à leur profit, pendant l'escale du Cap" (t. a. p. p. 202).

Ek meen dat ek hiermee bewijs het dat die meerderheid

van die slawe, aanwesig aan die Kaap omstreeks 1700, nie uit die Ooste afkomstig was nie, en, volgens die sijfers van Dehérain, dat die meeste van die slawe afkomstig uit die Ooste, vermoedelik nie Maleis-Portugees maar Indo-Portugees gepraat het, aangesien die meeste afkomstig was van Ceylon, en waarskijnlik ook baje van Malabar, terwijl dit duidelik is dat die slawe afkomstig uit Afrika, algar onbekend moes gewees het met Portugees in watter vorm dan ook, behalwe misskien in sover as hulle afkomstig was van die kusstreke van die vasteland van Afrika self, waar hulle misskien in aanraking kom gekom het met een of ander vorm van Neger-Portugees. Die meerderheid sal wel uitsluitend Malegassies geken het.

Met betrekking tot die slawe van die Goudkus sê Dr. H., op die autoriteit van Schuchardt, dat hulle ook vertrouwd was met 'n soort gebroke Portugees (*Het Afr.* p. 53, noot). Die moontlikheid bestaat, maar meer kan ons nie sê nie. Schuchardt het aangetoon dat sig 'n Neger-Portugees ontwikkel het op die Afrikaanse Weskus, maar dan ook veral, of uitsluitend aan die kús. Johnson, een van Schuchardt se autoriteite, sê: „This Portuguese intermixture is much greater at São Salvador and on the coast, and diminishes as we advance into the interior" (*The River Congo*, p. 401, — ek haal aan volgens die sitaat bij Schuchardt, *Zs. f. rom. Phil.* XII, p. 244 vlgg.). As ons in aanmerking neem die manier waarop, volgens Theal (boo aangehaal) die slawe gewoonlik verkrij is, naamlik as krijgsgevangene, dan sal mens geneig wees om te dink dat die meeste uit die binnelande afkomstig was.

In elk geval staat soveel, dunk mij, vas, dat die meer-

derheid van die slawe, naamlik die afkomstig uit Madagascar, 'n taal gepraat het waarvan Portugees geen bestanddeel uitgemaak het nie, en wat alleen ver verwant is met Maleis.

Die gevaar om feite wat anders kan of moet verklaar word, aan 'n vooropgesette teorie aan te pas, is een waaraan selfs die eerlikste ondersoeker nie altoos ontsnap nie, en dit kom mij voor dat Dr. H., heeltemaal ter goeder trouw, 'n verkeerde voorstelling gee van Kolbe se bedoeling, waar Dr. H. sê dat hij *ten duidelikste* getuig, dat al die slawe Portugees gepraat het (*Het Afr.* p. 54). Wegens die belang daarvan haal ek die passage volledig aan. Kolbe sê van die slawe: „Ihr Vaterland ist meistentheils Afrika, so gut als der Hottentotten ihres, nur dass die Geburtsländer ein wenig weit von einander entlegen seyn. Denn die meisten kommen wohl von Madagascar, einer grossen Africanischen Insul, gegen Mosambique über gelegen. Doch giebt es auch andere, so von Capo Verde, Loanda, S. Paul, Vita, Congo, und anderen Africanischen Königreichen und Ländern hieher gebracht werden.

Noch andere findet man, so aus Asia und dessen unterschiedlichen Königreichen hieher gebracht werden: als da sind Javanen, Ceylonesen, Amboinesen, Bandanesen, Ternatanen, Bengaler, Baljers, und noch viele andere mehr. Allein, weil deren theils nicht so viel als der Africaner; theils auch nicht von einerley Sprache und Vaterland als diese: so wird deren auch nicht absonderlich gedacht, noch viel auf sie gegeben, unerachtet etliche Nationes, als die Macassaren und Javanen darunter sind, die sehr tückisch, und einem gar leicht eines versetzen, wenn man sie nicht

in Obacht nimmt. Unerachtet ich gesagt, dass sie nicht einerley Sprache führen, so muss ich doch die Portugiesische absonderlich ausnehmen, weil fast alle, sie mögen herkommen wo sie wollen, dieselbe verstehen und reden, wenigstens in kurzer Zeit von einander erlernen" (*Caput Bonae Spei Hodiernum*, p. 569).

Nou meen ek dat die eerste paragraaf uitsluitend betrekking het op die Afrikaanse, die tweede uitsluitend op die Asiatiese slawe, en dat dus alleen van die laaste geld dat hulle almaal Portugees verstaan en gepraat, of ten minste van mekaar geleer het. Dr. H. meen dat dit ook slaan op die Afrikaanse slawe, en as ons die gewone uitvoerigheid van Kolbe in aanmerking neem, dan is so 'n opvatting misskien nie ongewettig nie. Die opvatting van Dr. H. sou dan ook geregvaardig gewees het, as die waarskijnlikheid nie daarteen gepleit het nie. In elk geval blij mij opvatting 'n moontlike (wat Dr. H. nie gesien het nie), en m. i. die enig juiste verklaring. Verder wens ek op te merk dat hier alleen sprake is van Portugees, nie van Maleis of Maleis-Portugees nie. En as ons aanneem dat dit alleen slaan op die slawe uit die Ooste, dan word dit te begrijpliker, omdat Kolbe ook praat van „Ceylonesen" en „Bengaler", wat vermoedelik nie Maleis geken het nie.

Presies dieselfde is die geval met die volgende aanhaling van Dr. H. uit Kolbe (*Het Afr.* p. 54—55). Kolbe sê dat die ajas „dem Kinde ihre Mutter-Sprache, oder wenigstens die Portugiesische, welche durch gantz Ost-Indien gemein ist, und als eine Haupt-Sprache in diesen Ländern zu consideriren ist, mit der Mutter-Milch gleichsam einflösen können" (p. 721). Met „in diesen Ländern" bedoel

Kolbe m. i. Oost-Indië. Dr. H. spasieer die woorde, as of hulle op Suid-Afrika slaan. Díe opvatting is ook weer moontlik, maar na dit mij voorkom, onwaarskijnlik. 'n Oppervlakkige ondersoek het geen voorbeelde opgelewer waar Kolbe „Länder", in die meervoud, gebruik waar hij die Kaap bedoel nie, wel meermale waar hij Oost-Indië bedoel. Hoe dit ook sij, dat Dr. H. die woorde spasieer toon aan dat hij nie aan 'n tweede moontlikheid gedink het nie, op hierdie plaas ten minste, nie krities genoeg teenoor sij onderwerp gestaan het nie.

Die feit dat wit kinders die taal van die slawe geleer het, lê voor die hand. In sommige dele van Suid-Afrika leer blank kinders vandaag nog in massa die taal van die Kaffer-bediendes — sonder dat dit merkbare invloed op hulle Afrikaans het. Hier kom ek later op terug.

Uit 'n paar voorbeelde (wat uit Sparrman kan vermeerder word) waar slawe gebroke Portugees praat, maak Dr. H. die gevolgtrekking: „Het Portugees werd voor de slaven van verschillenden landaard de taal waarvan zij zich uitsluitend bedienden, zoo zelfs dat ze hun moedertaal er door vergaten" (*Het Afr.* p. 56), die laaste met die oog daarop dat twee van die uitroepe kom van slawe wat „in articulo mortis" verkeer. Díe gevolgtrekking gaat mij 'n bietjie te ver. Ek sou daar alleen uit durf konkludeer dat *sommige* slawe, waarskijnlik van Asiatiese herkoms, 'n gebroke Portugees tot hulle spreektaal gemaak het, so selfs dat hulle op die punt van die dood daar nog gebruik van gemaak het. Dieselfde slawe het bes moontlik met hulle base gebroke Nederlands gepraat. Dit sou in die eerste plek daarvan afgehang het, hoe lang hulle al in

Suid-Afrika was. Om te sê dat „de" slaven van verskillende landaard hulle „uitsluitend" van Portugees bedien het, is te veel gesê. En om te sê dat sulke gesegdes „het *bewijs* (gekursiveer) leveren dat de slaventaal het Maleis-Portugees was", selfs as daar geen nadruk op „de" gelê word nie, is ook sterk. In al die voorbeelde wat Dr. H. gee kom daar geen enkele Maleise woord voor nie. Dat sommige vorme van díe gebroke Portugees ooreenstem met vorme in Maleis-Portugees bewijs natuurlik nog nie, dat ons hier werklik met Maleis-Portugees te doen het nie. Sommige vorme in die Neger-Hollands van die Deense Antille stem presies ooreen met die vorme in Afrikaans. Maar daarom sal Dr. H. vermoedelik nog nie ooreenstem met Dr. van Ginneken, wat dit verklaar deur aan te neem, dat „een rechtstreeksche invloed van het Afrikaansch op 't Neger-Hollandsch door importatie van slaven niet onwaarskijnlik is" (*Handboek der Ndl. Taal,* Deel I, p. 239). Die aangehaalde gesegdes kan net so goed Indo-Portugees of Neger-Portugees wees. Ons weet van díe tale te min om die een of die ander te bewijs. In twee gevalle word gesê dat die spreker van Malabar afkomstig is, wat nou nie juis pleit vir *Maleis*-Portugees nie, terwijl dit mij vermoede versterk, en met Kolbe sou ooreenkom, dat die Portugees sprekende slawe uit die Ooste afkomstig was.

Wat Dr. H. aangevoer het betreffende Maleis-Portugees as hawe- en seemanstaal aan die Kaap het ons nie oortuig nie. Vir ons behoef dit dus nog wel betoog (*Het Afr.* p. 60) dat die Koloniste gemaklik die Portugees van die slawe verstaan het. Uit die aard van die saak, soos ons die verstaan, vloei dit nie voort nie. Want dat die slawe

nie spoedig hulle eie taal verleer het nie, moet Dr. H. nog eers bewijs. Die dood van die skurke waar Kolbe en die *Kaapse Stukke* dit oor het, kan immers spoedig op hulle aankoms aan die Kaap gevolg het. En die karakter van die betrokke individue in aanmerking geneem, sou dit ons verbaas as dit anders was!

Watter rede bestaan daar om aan te neem, dat die Negers van die Weskus van Afrika en die Malegasse van Madagascar, die taal van die slawe van die Ooste sou aangeneem het? Die slawe, sê Dr. H., het behalwe hulle Portugees ook Hollands verstaan, omdat uit die Prosesstukke nêrens blijk dat daar in sulke gevalle tolke nodig was nie, terwijl dit in ander gevalle wel vermeld word. Ons het boo gesien watter moeite die Kompanjie gedoen het om Hollands onder die slawe in te voer. 'n Neger van die Weskus, of 'n Malegas van Madagascar, sou Maleis-Portugees moes geleer het alleen om met die Oosterse slawe, wat die minderheid uitgemaak het, te kan praat. Maar gesteld nog dat so iets dinkbaar was, dan sou dit in díe geval heeltemaal onnodig gewees het, want die Oosterse slawe self het Hollands geken na hulle 'n tijdlang in Suid-Afrika was. Waarom sou die Neger en die Malegas nou 'n tweede vreemde taal gaan aanleer, terwille van mense wat self die eerste vreemde taal (Hollands) moes leer? Ek hou dit, daarvoor dat die Koloniste wat Portugees gepraat het net so goed uitsonderinge was, as die slawe wat geen Hollands geken het nie. Dit is 'n bietjie eigenaardig dat die slawe wat 'n paar bladsije vroeër „uitsluitend" Portugees gebruik het, nou ook Hollands verstaan! Of berus die verklaring op die onderskeid

tussen praat en verstaan? Maar as die slawe Hollands, al was dit dan maar net *verstaan*, het waarom sou hulle base met hulle Portugees gepraat het? Hier kom ons tot die crux van die hele saak.

Om te bewijs dat Afrikaans 'n mengeltaal geword het onder Maleis-Portugese invloed, moet Dr. H., volgens sij eie definisie van 'n mengeltaal, aantoon dat die Koloniste aan die Kaap nie alleen Maleis-Portugees verstaan het nie, maar ook gepraat; dat hulle dit gedoen het „in grooten getale", „en dat niet slechts soms maar in het dagelijksch gebruik".

En hoe bewijs hij dit?

Hij sê: „Het zeer waarschijnlijke van die stelling zal wel niemand ontkennen die het tot hiertoe aangevoerde heeft gelezen, en met mij gelooft dat alleen een taal waarin zoo wel slaaf als heer spreekt zoó lang blijft bestaan" (p. 62). Tot nog toe is Dr. H. daar m.i. nie in geslaag om aan te toon dat Maleis-Portugees so gebruiklik was aan die Kaap nie dat die Koloniste in groot getalle, nie net af en toe daar gebruik van gemaak het nie, maar daagliks die taal gebruik het. Die stelling kom mij selfs, ondanks alles wat Dr. H. so ver aangevoer het, weinig waarskijnlik voor. Enkele gevalle van Koloniste wat die taal gepraat het sê natuurlik niks. Koloniste het ook Hottentots, Duits en Frans gepraat. Dr. H. vermeld één voorbeeld van 'n vrouw wat Maleis-Portugees, of liewer gebroke Portugees praat. Dit is gemakliker om gevalle te noem van blanke wat Hottentots gepraat het. Uit een van die sitate uit Kolbe het ons gesien dat hij Hottentots geleer het. Dr. du Toit gee 'n half dosijn gevalle van

mense wat Hottentots kon praat (*Afr. Stud.* p. 12—16). Maar ek erken direk dat sulke gevalle niks bewijs vir Hottentotse invloed op Afrikaans nie. Aan Hottentotse invloed op die vorming van Afrikaans gloo Dr. H. dan ook nie. Hij moet dus vir Maleis-Portugees veel meer argumente en voorbeelde aanvoer dan bij te bring is vir Hottentots. Ek gloo dat die twee tale vrijwel op dieselfde voet staan. Dr. du Toit (p. 16) gee die volgende aanhaling uit Sparrman: „Farther up the country, where they have no other servants than Hottentots, the children of the Christians frequently learn the Hottentot language more easily, and before they do the Dutch. The same thing happens with regard to the Malay tongue in those places, where they make use of slaves, and especially of nurses, of the nation." Vir Duits en Frans hoef ons nie na voorbeelde te soek nie. Die Hugenote en die groot persentasie Duitsers onder die Koloniste is daar bewijs genoeg voor.

Alleen 'n taal wat én heer én slaaf praat, sê Dr. H., kan só lang blij bestaan. Hoe lang? Het Dr. H. dan bewijs dat 'n slaaf wat al enige tijd in die land was nog Maleis-Portugees gepraat het? En dit sou nog nie genoeg wees nie. Dr. H. sou ook moet bewijs dat 'n baas Maleis-Portugees gepraat het met 'n slaaf wat al lang in die land was. Die geval waar 'n vrouw met haar slaaf krom Portugees praat (weer geen *Maleis*-Portugees nie) bewijs niks. Hoe lang was díe slaaf al in die land? Was die vrouw 'n blanke of 'n vrijgemaakte slavin? (Dat sij met die vreemdelinge Hollands gepraat het, kon mens ook van 'n vrijgemaakte slavin verwag). Die eerste moeilikheid sien Dr. H. ook in. Hij sê: „Nu mag men natuurlijk niet

uit zulk een toevallig bewaard gezegde afleiden, dat de Kolonisten *altijd* tot hun slaven Portugeesch spraken; veeleer moet men aannemen dat zij dat alleen deden wanneer hun slaven nog slechts kort bij hen aan huis waren, en 't Hollandsch nog niet voldoende verstonden. Doch 't is duidelijk dat bij den voortdurenden aanvoer van slaven, nog al vaak een burger zulk een nieuweling in zijn dienst kreeg .... en derhalve ook in zijn eigen huis telkens gelegenheid had zijn Maleisch-Portugeesch niet te verleeren" (p. 63). Hierbij neem Dr. H. aan wat nog moet bewijs word: dat die baas in die begin met baar slawe Maleis-Portugees praat, dus dat die baas Maleis-Portugees ken; en dat die baas telkens so 'n Maleis-Portugees sprekende nuweling in sij diens krij. Die eerste punt is al behandel. Wat die tweede betref: 'n slaaf was die eiendom van sij baas, en kon nie na drie maande die diens opsê nie. Gevolglik sal die nuwe slaaf in die reël wel in diens gekom het bij nuwe burgers, behalwe wanneer daar 'n ou slaaf oorlede was, of die boerderij uitgebrei moes word. En lang nie al die nuwe slawe het Maleis-Portugees geken nie. Die baas se Maleis-Portugees, gesteld dat hij die geken het, sal dus wel geleentheid te oor gehad het om te verroes.

En verder word daar niks aangevoer om te bewijs dat die Koloniste Maleis-Portugees gepraat het nie. En tog beskouw Dr. H. dit as bewese. Op bladsij 67 sê hij: „de slaven kenden nu eenmaal veel minder van de Hollandsche taal, dan de Kolonisten van het Portugeesch der slaven". Sij pleidooi vir die bekendheid met Portugees onder die Koloniste berus op uiters swak gronde. En tog is dit die swaartepunt van sij betoog, of behoort dit altans te wees.

As Dr. H. nie kan bewijs dat die Koloniste Maleis-Portugees in die daaglikse omgang gebruik het nie, dan val al die gronde weg vir sij bewering dat Afrikaans 'n mengeltaal is, behalwe in sover as die bewering op taalkundige gronde berus.

In die res van die eerste hoofstuk beskrijf Dr. H. die moeite wat die Oost-Indiese Kompanjie gedoen het om Nederlands in stand te hou, en alle vreemde tale, maar meer spesiaal Portugees, teen te werk. Juis die feite maak dit vir ons nog moeiliker om te gloo dat die slawe aan die Kaap, lang na hulle aankoms nog met hulle base, en hulle base met hulle, Maleis-Portugees gepraat het. Vir 'n honderd jaar lang is daar waarskijnlik deur slawe Maleis en gebroke Portugees aan die Kaap gepraat, ondanks die dekreet van van Goens waarbij die gebruik van Portugees verbied werd, omdat daar in kleiner of groter getalle tot omstreeks 1776 slawe uit die Ooste aangevoer is, en die het, dit spreek van self, in die begin die tale gepraat wat gebruiklik was in die Ooste. Maar soos dit vandaag in die reël nog gaan, sal dit toe ook wel gegaan het. As daar 'n baar Kaffer bij 'n boer in die diens kom, dan word hij met gebare en afgekorte sinne, waarin alleen die belangrijkste woorde tot hulle reg kom, aan die verstand gebring wat van hom verlang word. Eerlang begin die Kaffer dan self meer woorde leer, totdat hij na verloop van tijd sij bevele in vrij goeie taal ontvang, en daarop kan antwoord in gebroke taal. Van meer waarde dan die dekreet van van Goens sal die slaweskool gewees het, waarmee van Riebeek 'n aanvang gemaak het bijna onmiddellik na die aankoms van die eerste slawe uit Angola (*Het Afr.* p. 64).

En van meer belang dan die slaweskool, was ongetwijfeld die instruksie van die Gekommitteerde van Rheede (*Het Afr.* p. 68), waarbij kennis van Nederlands gesteld werd as voorwaarde waarop 'n slaaf sij vrijheid kon verkrij. Dr. H. kon dít gerus ook genoem het as een van die oorsake wat die verdwijn van Maleis-Portugees bewerk het.

Ek het die historiese argumente van Dr. H. so uitvoerig bespreek, omdat hij, en tereg, sij teenstanders altoos wijs op die historiese gronde waarop sij teorie berus. Sij taalkundige argumente stel voorop dat dit histories waarskijnlik gemaak, bewijs, is, dat Maleis-Portugees deur die Koloniste in die daaglikse omgang gebruik is aan die Kaap gedurende die 17de en die 18de eeuw. Die taalkundige argumente wat Dr. H. in sij tweede en derde hoofdstuk aanvoer kan sleg weerspreek word, solang die geskiedenis vereis dat ons sterk invloed van Maleis-Portugees op Afrikaans moet aanneem. Ek hoop dat ek daarin geslaag is om aan te toon dat die geskiedenis dit nie *vereis* nie, in elk geval nie in meerdere mate as invloed van Hottentots, waarvan Dr. H. niks wil weet nie, — en ek met hom. Ek gaan daar nie dieper op in nie, maar iemand wat die literatuur oor die onderwerp so beheers as Dr. H., sal erken dat *uit die geskiedenis* net so 'n sterk, of 'n nog sterker saak kan uitgemaak word ten gunste van Hottentots, maar die verskijnsele in die Afrikaanse taal self gee ons nie aanleiding om te vermoed dat so 'n ondersoek die moeite sal loon nie. *Uit die taal* sou moet blijk dat so 'n Hottentots teorie reg van bestaan het. Allermins omdat ek 'n voorstander van so 'n teorie is, maar om elk een soveel moontlik te gee wat hom toekom, wil ek tussen

twee hakies daarop wijs, dat die aantal Hottentotse woorde in Afrikaans groter is dan Dr. H. en Dr. du Toit voorgee, veral wanneer plaasname in aanmerking geneem word. En waarin verskil 'n naam van 'n rivier as die *Gamtoos* van die naam van 'n boom as die *loekwart?*

'n Feit wat tot nog toe in die geskrifte oor Afrikaans te weinig vermelding gevind het, is dat die sig van sij superioriteit bewuste blanke, nie so geredelik 'n woord van die slaaf of jong wat beneden hom staan oorneem nie, behalve wanneer hij in gesprek is met die slaaf of jong self. Met die kinders van die blanke is dit enigsins anders gesteld, in hulle jeugd altans. Maar sodra die kind so ver kom dat hij self kan onderskei tussen wat hij van sij ouers en ander blanke hoor, en wat hij alleen uit die mond van die „volk" ken, begin hij sulke woorde en uitdrukkinge te vermij, sodat op latere leeftijd nie veel spore van die eerste invloed oorblij nie, behalwe so iets as uitroepe van pijn, warmte, kou, wat bij hom as 't ware natuurklanke geword het, en wat hij dan ook nooit afleer nie. Sulke uitroepe kom bij mij, ondanks alle moeite om die gebruiklike Hollandse uitroepe aan te leer, vandaag nog spontaan op, as *eina*, *soe*, *sie*, *ga*. Maar selfstandige naamwoorde, (behalwe natuurlik vir sake waarvoor in Hollands geen naam bestaan nie) bijvoeglike naamwoorde, en werkwoorde, sowel as sterk afwijkende sinswendinge, gaan later in die reël verlore, gesteld dat hulle al in die kindsheid aangeleer was. In die distrikte van die Vrijstaat, b.v. wat grens aan Basoetoeland, kom in werkelikheid vandaag, en vermoedelik al vir die laaste vijftig jaar, 'n taaltoestand voor soos Dr. H. graag sou wil aangetoon het vir die Kaap Kolonie

'n twee honderd jaar vroeër. Die meeste blanke, vaders, moeders en kinders, ken Sesoetoe en praat dit daagliks met hulle „volk". Dit kom dikwels voor dat kindertjies tot hulle vijfde of sesde jaar, beter Sesoetoe, as Afrikaans kan praat, soms uitsluitend Sesoetoe, en tog is daar in die vijftig jaar geen mengeltaal, of iets wat daarop lijk, ontstaan nie. Self het ek nog nooit onderskeid gehoor tussen mij eie Afrikaans, en die van mij vriende wat daar gebore en opgegroei is nie, as kinders net soveel of meer Sesoetoe as Afrikaans gepraat het, en vandaag nog net so tuis is in Sesoetoe as in Afrikaans. Ek bedoel natuurlik onderskeid wat wijs in die rigting van taalverandering onder invloed van die vreemde taal. En as dieselfde kinders later Engels leer praat, dan duur dit nie lang nie, of die invloed daarvan op hulle Afrikaans word maar al te merkbaar. En vir 'n kind is Engels as taal tog seker nie mooier as Sesoetoe nie. Die verklaring moet m. i. dan ook gesoek word in die verskil in die maatskaplike posisie van die individue van wie hij die een en die ander taal geleer het.

En daarom dreig Afrikaans vandaag meer dan ooit 'n gevaar waarteen dit twee eeuwe lang weerstand kon bied, naamlik die gevaar van 'n mengeltaal te word. En daarom ook is dit 'n opinie van mij, — wat ek nie kan bewijs nie — dat die Maleis-Portugees van die slawe nie in die eerste plaas verantwoordelik moet gestel word vir die Maleise en Portugese woorde in Afrikaans nie. Ek hou dit daarvoor, dat die meeste van die woorde sal ontleen wees in die Ooste, en vandaar deur blanke oorgebring is na Suid-Afrika. Trouwens, van 'n aantal van die woorde in die lijste van Dr. H. en Dr. du Toit kan bewijs word

dat hulle al in Nederlandse reisverhale en offisiële stukke van vóór 1652 voorkom, wat dit waarskijnlik, in sommige gevalle seker, maak, dat hulle aan die blanke aan die Kaap bekend was, sonder dat daar sprake kan wees van die invloed van die slawetaal.

In elk geval moet deeglik rekening gehou word bij die bespreking van ons onderwerp met die maatskaplike posisie van die sprekers van Nederlands en van Maleis-Portugees, anders loop ons gevaar die inwerkende invloede verkeerd te waardeer.

As ons moet opsom wat daar oorblij van Dr. H. se eerste hoofdstuk, dan is dit nie veel nie.

Wanneer daar vreemde skepe in die baai was, is daar waarskijnlik Portugees, misskien Maleis-Portugees, gepraat deur blanke aan die Kaap; in enkele gevalle, hoeveel weet ons nie, het ook Koloniste gebroke Portugees gepraat. Vir die res was die gebroke Portugees, en waarskijnlik ook Maleis-Portugees, beperk tot die slawe uit die Ooste, wat sterk in die minderheid was teenoor die Afrikaanse en Madagascarse slawe.

II.

Dr. H. het in die voorafgaande die bewijs nie gelewer dat Afrikaans 'n mengeltaal geword is onder Maleis-Portugese invloed nie; omdat hij, wat ook al van die res van sij betoog mag gedink word, beslis te kort geskiet het in sij bewijs dat die Koloniste Maleis-Portugees gaan praat het. Selfs oor die mate van waarskijnlikheid wat sij betoog bereik, kan die opinies verskil. Tot sover berus sij argumente op historiese gronde, is hulle van teoretiese aard. Want gesteld dat hij bewijs het dat die Koloniste in groot getalle Maleis-Portugees gepraat het, dat mens dus sou verwag dat daar in Suid-Afrika 'n mengeltaal sou ontstaan het uit Nederlands en Maleis-Portugees, dan sou uit die taal self nog moet bewijs word, dat wat te verwagte was ook in werklikheid gebeur het. Maar as uit die taal self aan te toon was dat dit 'n sodanige mengeltaal was, dan was dit nie nodig om ook selfs maar waarskijnlik te maak, op historiese gronde, dat so 'n wisselwerking tussen die twee tale plaasgevind het nie. Alleen wanneer die taalkundige argumente swak is, is dit nodig om nadruk te lê op die historiese. Die feit dus, dat Dr. H. so 'n lang geskiedkundige betoog moet hou, sou ons daarop moet voorberei dat sij taalkundige argumente nie sterk is nie, altans nie afdoende om sij stelling te bewijs nie.

Ons kom dus nou tot die taalkundige gedeelte, waar Dr. H. moet *bewijs* dat Afrikaans 'n mengeltaal is, en

waarskijnlik maak dat Maleis-Portugees, en nie 'n ander taal nie, aanleiding gegee het tot die ontstaan van so 'n mengeltaal. Die laaste is 'n hypothese, maar die eerste is 'n stelling, die gegrondheid waarvan uit die taal moet bewijs word. Dr. du Toit is geneig om die hypothese as bewese te beskouw (*Afr. Stud.* p. 9). In plaas van histories bewese, kom dit mij voor dat Dr. H. sterk argumente uit die taal self sal moet bijbring om sij hypothese waarskijnlik te maak, terwijl ek sij stelling as ongegrond en onbewijsbaar beskouw, behalwe in sover as Engelse invloed in aanmerking kom.

As Dr. H. kan aantoon dat Afrikaans beantwoord aan die definisie van 'n mengeltaal wat hij op bladsij 15—16 gee, sal ons tevrede wees.

Dat die taak vir hom as Nederlander moeiliker gemaak werd, deurdat hij sij kennis van Afrikaans moes put uit die geringe aantal Afrikaanse geskrifte waaroor hij kon beskik, erken ek graag. Maar tog moes die geskrifte vir hom voldoende gewees het om op grond daarvan die stellige uitspraak te doen, dat Afrikaans met volle reg 'n mengeltaal kan genoem word (p. 15). En dit doen hij, nie met die oog op moontlike Anglisismes nie, omdat Afrikaans, voordat dit in aanraking met Engels gekom het, al sij beslag gekrij het, al 'n mengeltaal was (p. 70). Die beswaar van Dr. H. se onvolledige kennismaking met Afrikaans word verholpe deur die aanvullende werk, *Afrikaansche Studies*, van Dr. du Toit, self 'n Afrikaner, en dus bekend met die Afrikaanse woordeskat. Ek neem dus Dr. du Toit se lijs van Maleis-Portugese woorde mee in bespreking, en vermeld telkens van wie die afleiding

van die woord afkomstig is, waar dit twijfelagtige afleidinge geld.

Dr. H. ondersoek dan eers die Afrikaanse woordeskat. Volgens die definisie van Windisch, deur Dr. H. gedeeltelik vertaal (p. 15), mag ons bij 'n mengeltaal verwag, wat die woordeskat betref, dat 1⁰. vreemde woorde op koste van inheemse gebruik word, dat 'n woord van die eie taal verdring word deur 'n woord van die vreemde taal, wat daar presies aan beantwoord, 2⁰. dat die massa leenwoorde 'n aansienlike deel („erheblicher Bruchtheil") van die totale woordeskat uitmaak, sodat die gewoonste sinne 'n leenwoord sal bevat, 3⁰. dat behalwe selfstandige naamwoorde ook werkwoorde, selfs telwoorde, selfs verbuigingsvorme en ander taalmachinerie, aan die vreemde taal ontleen is.

Die lijste wat Dr. H. en Dr. du Toit opgestel het van Maleis-Portugese ontleninge in Afrikaans bevat tesame 113 woorde, waarvan ek vir die oomblik aanneem dat algar, ook die wat Dr. H. op pp. 105—108 gee, direk uit Maleis-Portugees in Afrikaans ontleen is. Hoe klein die Afrikaanse woordeskat ook mag wees — bij gebrek aan 'n betrouwbare woordeboek kan ons dit selfs nie bij benadering bepaal nie — sal niemand dit 'n „erheblicher Bruchtheil" wil noem nie. Van Dale's *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal*, vijfde druk, bevat na 'n ruwe bereking 40 × 2060 = 82400 woorde. As Afrikaans minder dan die helfte, sê 40000 woorde besit, dan sou die Maleis-Portugese woorde in Afrikaans iets meer dan $\frac{1}{4}$ % daarvan vorm. En Afrikaans het waarskijnlik meer woorde aan Maleis en Portugees ontleen dan aan enige ander taal,

behalwe Engels. Volgens Morris (*Historical Outlines of English Accidence*, 1895, p. 58) bevat Engels, die tiepiese voorbeeld van 'n mengeltaal, wat ook Windisch (t. a. p.) aanhaal, ongeveer 66 % woorde van klassieke oorsprong alleen! Laat Afrikaans nou maar 20000 woorde besit, (die *Patriot* woordeboekie gee meer dan 16000) dan is die Maleis-Portugese element nog maar sowat ½ % van die totaal.

Dit spreek vanself dat bij sulke verhoudinge, Afrikaans nie beantwoord aan die tweede vereiste van Windisch nie. As ons die woord *baje* uitsonder, kan mens dan ook bladsije Afrikaans lees en 'n lang gesprek met 'n Afrikaner voer, sonder om 'n Maleis-Portugese woord teen te kom. In die eerste hoofdstuk van *Vergeet Nie* van Malherbe, wat ongeveer $5 \times 10 \times 36 = 1800$ woorde bevat, kom twee Maleise woorde voor: *baadjie* en *baje*.

Omtrent die karakter van die woorde is die volgende op te merk. As mens woorde aftrek wat onnederlandse sake of toestande aandui soos *aja, akkerwanie, assegaai, atjar, basaar, blatjang, boebotie, borrie, bredie, doepa, doriejas, froetangs, gonje, kabaai, kapater, karba, katjiepiering, koeli, kraal, jamboes, kaaiman, kiepersol, klapper, koedoe, koejawel, laksel, lemoen, loekwart, lieplapper, makou, mandoor, mielies, nartjie, noi, nonna (nonnie), paljas, pienang, ramkie, rissies, sambal, sambalbroek, sambok, sambrero, sambreel, saroet, soesatie, tassal, toering, amok, krits, parang, trawade*, en hierbij sou nog kan kom, wegens hulle spesiale betekenis, *baar, oorlam, goeroe, katel, krabbetjies, moesoek, nenna, pondok, condé, pagger, tabétjies* en misskien *vieruurtjies*, en *voolstruis* — 66

woorde, dan blij daar minder as die helfte oor. Van die wat oorblij is *broesa, palaber, sammejoa, saranie, talie, tjoema, trawal* en *bonkessie* mij in Afrikaans onbekend, dus weinig gebruiklik of alleen in sekere streke bekend.

Van die ongeveer 40 woorde wat oorblij, is 'n dertigtal óf nie seker van Maleis-Portugese afkoms nie, óf ook Nederlands, d.w.s. kom voor in Nederlandse stukke van vroeër of later tijd, sonder dat daarbij aan direkte ontlening in Afrikaans te denke val. Díe woorde, tesame met ander van dieselfde klas, wat ook nog onder een van die vorige rubrieke val, behandel ek aanstonds.

Dan blij daar nog oor *baje, tamaai, tronk, pierinkie, piekaninie, doepa, moses, paljas, piekel, tjalie*, waarvan *piekaninie, doepa, moses, paljas* en *piekel* nie dikwels gehoor word nie.

Pierinkie is waarskijnlik ontleen omdat die Nederlandse woord *schotel* 'n te wije betekenis het, en deur middel van die vreemde woord onderskeid kon gemaak word tussen verskillende soorte van skottels; *tjalie* omdat die Nederlandse *sjaal* daartoe aanleiding gegee het.

Baje beteken *erg, heel, veel,* is dus 'n baje handige woord, word baje gebruik en in baje betekenisse, sodat daardeur nie 'n Nederlandse woord verdring is nie; in Nederlands bestaan daar geen equivalent voor nie. Min of meer op dieselfde lijn staan *tamaai*, wat ook *groot, heel* beteken, soos *'n tamaai groot kêrel.* Waarom *tronk* die woord *gevangenis* verdring het, is mij nie duidelik nie. Misskien het die kortheid van die vorm, of die begeerte om die gewone woord te vermij (vergelijk die gebruik van *bajes, nor, lik* en dergelike woorde vir dieselfde saak

in Nederlands), of die nasionaliteit van die meerderheid van die inwoners van so 'n gestig in Suid-Afrika, daar iets mee te doen.

'n Ontleding van die karakter van die ontleninge toon aan dat die meeste vreemde name met die vreemde sake ontleen is. Die name van Maleise kossoorte, vrugte, plante, ens. speel daarbij veral 'n groot rol. Onder die Afrikaanse koks moes seker baje Maleiers gewees het. Woorde as *doepa, paljas* wijs op 'n bekwaamheid waar die Slamaiers vandaag nog voor berug is, hulle towerkuns.

Van meer belang vir ons ondersoek is egter die feit dat die aantal gebruiklike, direk uit Maleis of Portugees in Afrikaans ontleende woorde al heel gering is. Daaronder is twee adjektiewe, *baje* en *tamaai*; *baar* en *oorlams* beskouw ek nie as direkte ontleninge nie. Die hele lijs bevat vier werkwoorde, waarvan waarskijnlik geen een in Suid-Afrika ontleen is nie. *Soebat* en *moveer* kom al bij van Riebeek voor; *baklei* en *baljaar* in Nederlandse toneelstukke van die begin van die 18de eeuw, het dus waarskijnlik al lang deel uit gemaak van die seemanstaal, en via Nederland in Suid-Afrika gekom. Dat *koerang* ook as werkwoord gebruik word, naas die meer gewone adverbiale gebruik, soos in *jij speel koerang,* kan iets van latere ontwikkeling in Suid-Afrika self wees. *Oorlams* sal wel in Suid-Afrika 'n adjektief geword het.

Ek het boo gesê dat dit nie vasstaan dat al die 113 woorde direk aan Maleis-Portugees ontleen is nie.

Dat 'n woord voorkom of in 'n Maleise of in 'n Portugese woordeboek, gee ons nog nie die reg om so 'n woord Maleis-Portugees te noem nie. Van sommige van

die genoemde woorde, soos b.v. *aja* en *baadjie*, wat uit Portugees in Maleis en andersom, ontleen is, mag ons dit aanneem, maar is b.v. *koerang* ook so 'n woord? Ek vermoed dat *koerang* veel later oorgeneem is van Maleise kinders bij kinderspele. En met watter reg noem Dr. du Toit woorde as *alla* en *assegaai* in 'n lijs van Maleis-Portugese woorde? Alle woorde wat uit die Ooste kom is daarom nog nie Maleis-Portugees nie, of via Maleis-Portugees in Afrikaans ontleen nie. *Arrie*, *koedoe* en *sie(s)* hou ek vir woorde ontleen aan die inboorlinge-tale.

Maar 'n meer prinsipiële beswaar is die volgende. As 'n Maleise of Portugese woord in Afrikaans en in Nederlands voorkom, kan díe woord dan gebruik word as 'n argument om Maleis-Portugese invloed op Afrikaans te bewijs? As die voorstanders van die teorie van die invloed van Frans op Afrikaans dieselfde sou doen, dan sou hulle 'n hele end verder kom in die opstel van 'n lijs van ontleende woorde, as Dr. H. en Dr. du Toit. Maar Dr. H. laat hulle dit nie toe nie (*De Gids* 1897, p. 142). En tog, hoewel waarskijnlik onbewus, neem hijself woorde in sij lijs op wat ook in Nederlands voorkom, 'n hele paar selfs vóór 1652, soos aanstonds sal blijk. Sulke woorde *kan* nou wel in Afrikaans opgeneem wees direk uit Maleis-Portugees, maar omdat hulle ook via Nederland *kan* ontleen wees, besit hulle geen bewijskrag nie, selfs al word sulke woorde eers in Nederlandse stukke van na 1652 aangetoon. Hoelang kon woorde as *baar*, *oorlam*, *baklei* nie al in die 17de eeuwse seemanstaal gangbaar gewees het nie, voor hulle die eerste keer in 'n geskrewe stuk opgeneem is? Hoeveel van die woorde was misskien

in die 17de eeuwse seemanstaal gangbaar, wat nooit opgeteken en vandaag nog maar alleen in Afrikaans bewaar is nie? Selfs as 'n woord alleen in Afrikaans en in Indies-Nederlands voorkom, kan die woord nog in Afrikaans, sonder tussenkoms van Maleis-Portugees, aan die 17de eeuwse seemanstaal ontleen wees. As sodanig beskouw ek b.v. woorde as *gonje, (dis)pens*. Maar genoeg om aan te toon, dat baje sogenaamde Maleis-Portugese woorde in Afrikaans op dieselfde manier kan ontleen wees as in Nederlands, d. w. s. sonder verdere invloed op die taal te bewijs. Aangesien die historiese argumente ten gunste van die Maleis-Portugees teorie op vrij swak gronde berus, is die moontlikheid van indirekte ontlening iets wat goed in die oog moet gehou word.

As ek 'n lijs gee van sulke woorde waarbij indirekte ontlening moontlik of waarskijnlik is, dan wens ek daarbij op te merk, dat die lijs bij meerdere bekendheid met 17de eeuwse reisverhale, ens., misskien aanmerklik uitgebreider en oortuigender kan gemaak word. Mij doel is hier dan ook meer om die metode aan te gee om sulke woorde te behandel, as om die herkoms van al die woorde in die lijs, gesteld dat iemand dit kon doen, vas te stel. Ek behandel ook woorde wat in ander opsig as met betrekking tot die vraag van direkte of indirekte ontlening, opmerking verdien.

ALLA(H) (du Toit). Die eerste lid van uitroepe soos *alla-, alle-giftig, -kragtig, -krentig, -mintig (-mintag)* is seker die Ndl. *alle* soos in *alla-, alle-magtig, alla-, alle wêreld*, ens. Dit is kwestieus of die alleenstaande uitroep *alla(h), o alla(h)*, die Arabies-Maleise *Allah, God*, is, dan

wel geabstraheer is uit uitroepe soos die bowestaande, vgl. Ndl. *o he* (*Ndl. Wdb.* VI, 174), wat waarskijnlik 'n verkorte vorm is van *o heden*, of *o hemel*. In Nederlands-Indië word *alla(h)* egter ook as uitroep van verwondering gebruik (sie Prick van Wely, *Verklarend Hulpwoordenboek*), waardeur die veronderstelling van Dr. du Toit aan waarskijnlikheid wen.

AMPER (Hesseling). Die herkoms van die woord is nog onseker, sodat dit as argument weinig waarde het. Gesteld dat dit uit Maleis kom (vergelijk egter die afleiding gegee in die *Ndl. Wdb.*), dan nog maak die feit dat die woord in 17de eeuws Ndl. ook die betekenis *bijna* gehad het (vgl. Veth, *Uit Oost en West*, waar ook Van Dale aangehaal word, en *Het Afr.* p. 89) direkte ontlening in Afr. onseker. Die Afr. spreekwoord: *Amper is ver van Amsterdam* (Pettman, *Africanderisms*), wat tog wel nie in Suid-Afrika sal ontstaan wees nie, maak dit baje waarskijnlik dat *amper* uit Nederland meegeneem is, en toe ook in Nederland die betekenis *bijna* gehad het. Die gebruik en betekenis van *amper* in Afrikaans vorm dus geen beswaar teen die afleiding in die *Ndl. Wdb.* gegee nie.

ARRIE (H.). Vgl. Pettman, *Africanderisms*, i. v. *arri*, waar gesê word: „Hottentot *aré*, an interjection expressing astonishment, vexation, anger", wat verleideliker klink as Port. *arré*, „Zuruf von Maultiertreibern". Die feit dat daar meer interjeksies uit Hottentots in Afrikaans ontleen is, maak die afleiding nog waarskijnliker. Vgl. Meinhof, *Nama-Sprache*, p. 100, waar ook nog *aise*, *ga*, *su*, *si*, almaal ook in Afrikaans bekend, gegee word.

ASSEGAAI (H.). Dr. H. beskouw die woord, geheel ten

onregte, as aan die taal van die inboorlinge ontleen (p. 80). Die *Ndl. Wdb.* gee vier aanhalinge van vóór 1652, die oudste van 1600. Pettman sê die woord is onbekend in Kaffertaal. Die inboorlinge het dit dus eerder van die blanke oorgeneem, in sover as hulle dit gebruik. Dr. du Toit behandel die woord in sij lijs van ontleninge aan Mal.-Port. Dat die woord ook in Maleis en in Port. voorkom, bewijs niks vir direkte ontlening uit een van díe tale in Afrikaans nie. Daarvoor kom die woord te veel voor in ou reisjoernale; ten opsigte van Afrikaans was dit 'n Nederlandse woord. Vir afleiding sie *Ndl. Wdb.*

ATJAR (H.). Die woord kom al bij Linschoten (1596) voor. Vgl. *Itinerario* II, p. 17, uitgawe Linschoten-Vereeniging. Dr. Mansvelt (*Idioticon*) sê die woord kom ook bij Nieuhof voor.

BAATJIE (H.). In die *Ndl. Wdb.* kom 'n aanhaling van 1676 voor. Die woord is al vóór 1610 in Port. ontleen, vgl. *Hobson-Jobson* i. v. *badjoe*, waar ook sprake is van *bajus* (meerv.) van vrouwens. Waar so 'n woord deur Hollanders, Portugese en Engelse in die Ooste al vroeg ontleen is, bestaan daar drie moontlike wege waarlangs dit in Suid-Afrika kon bekend word: dit kon uit Europa na Suid-Afrika gekom het; dit kon deur blanke uit die Ooste na Suid-Afrika gebring wees; dit kon deur slawe daarheen gevoer wees. Alleen in die laaste geval natuurlik, sou dit kan getuig van vreemde invloed van betekenis. Dít geld van die meeste van die woorde in die lijs.

BAAR (H.). Die woord kom bij Winschooten, *Seeman* (1681) voor in die vorm *oorinbaar*, en in die betekenis *groentje, steiloor, een die gants onbedreeven* is. Waarom

die uitgebreider betekenis in Afrikaans op nouwer betrekking met die oorspronklike Maleise woord moet wijs, is mij nie duidelik nie. Trouwens, nie die betekenis is uitgebreider in Afrikaans nie, maar die toepassing, en dit om die eenvoudige rede dat die omstandighede, soos aanraking met slawe en inboorlinge, daar meer aanleiding toe gegee het.

Baklei (H.). Die aanhalinge in die *Ndl. Wdb.* wijs dat die woord in die begin van die 18de eeuw al in die skrijftaal opgeneem was, dus vermoedelik in die seemanstaal heel wat vroeër. Agteraan in sij joernaal gee Willem Cornelisz. Schouten 'n lijs van woorde wat hij op sij reis (1615—1617) geleer het, en daaronder uit die taal van „de Eylanden Salomonis": *vechten, slaen* = *backela*. Hoeveel dit bewijs vir die datum van ontlening is moeilik uit te maak. As daar nou in Suid-Afrika komposita gevorm is wat in Nederland nie bestaan nie, dan mag mens m.i. alleen die gevolgtrekking maak, dat die woord in Suid-Afrika beter carrière gemaak het as in Nederland, sonder dat daaruit blijk dat die woord ouer is in Afrikaans as in Nederlands. Dit was natuurlik veel gemakliker vir 'n vreemde woord om ingeburger te raak in 'n klein gemeenskap, met vrijwel identieke belange, 'n groot familie-kring om so te sê, as om deur te dring tot alle range van 'n volk met uiteenlopende belange en besighede. En wie sou durf beweer dat woorde as *bakkeleipartij, bakkeleierij*, niet te eniger tijd, b.v. in die kringe van seelui, in Nederland gehoor werd of word nie? Trouwens, in die *Ndl. Wdb.* kom die afleiding *bakkeleitje* bij Alewijn voor, en díe afleiding bestaan in Afrikaans nie. Dat sulke vorme nie tot die skrijftaal of beskaafde spreektaal deurgedring het nie, sê

niks. Ook in Suid-Afrika word *baklei* in die voorkamer liefs vermij, al druk *veg* en *twis* iets anders uit.

Baljaar (H.). Die betekenis in Afrikaans is, soos die *Patriot Wdb.* aangee, *to play noisily*, en word gewoonlik in verband met die luidrugtige speel van kinders gebruik. Volgens die *Ndl. Wdb.* is die gewone betekenis in Nederland „die van *tieren, schreeuwen, schelden*. Maar deze is ontstaan uit die van *dansen, springen*". Ook in Ndl. kom voorbeelde voor van die gebruik van die woord in 'n betekenis wat dig bij die oorspronklike staan, b.v. bij Wolff en Deken: „springen en baljaarden". Sie *Ndl. Wdb.* Die afleiding uit Spaans skijn algemeen aangeneem te word, vgl. Boekenoogen, *De Zaansche Volkstaal.* Die betekenis in Afrikaans pleit nie voor of teen die afleiding bij Veth nie. Die datum van ontlening is ook weer moeilik te bepaal. Die oudste aanhaling in die *Ndl. Wdb.* is van 1717, maar toe was die woord dan ook al in die skrijftaal ingedring. Die woord is „zeer gewoon in verschillende dialecten" soos Noord-Hollands en Gronings (*Ndl. Wdb.*). Dit, tesame met die feit dat die woord al in die 18de eeuw gebruik word in betekenisse wat van die oorspronklike heel wat afwijk, soos *ophef van iets maken* (*Ndl. Wdb.*), doen vermoed dat die ontlening veel vroeër moes plaas gevind het.

Basaar (H.). In Afrikaans kom die woord teenswoordig bijna uitsluitend voor in die betekenis: „verkooping van vrijwillig afgestane voorwerpen voor een liefdadig doel", (Van Dale). Dr. H. verwijs na 'n plek in die *Kaapse Stukke* waar Kommandeur Wagenaar praat van „Marcktplaets, of *Besaer*, gemeenlijk bij de onse de *passer* genoemd",

en nog twee ander plekke waar *basaar* in die betekenis *mark* gebruik word. In díe betekenis bestaan die woord, sover mij bekend, in Afrikaans nie meer nie, en ek meen dat die teenswoordige Afrikaanse *basaar* aan Engels sal ontleen wees. Maar die woord het dan tog vroeër in Afrikaans bestaan, vóór ontlening aan Engels moontlik was. Dit wijs egter nog nie op direkte ontlening in Afrikaans uit Maleis of Portugees nie. Die woord is nl. volgens die *Ndl. Wdb.* al so oud as 1572 in Nederlands.

Boetie (du T.). Dr. du Toit wil die woord aflei van Mal. *boedjang,* en verwerp die afleiding van Dr. Mansvelt wat in *boetie* 'n verbastering van *broertjie* sien. Dr. Mansvelt noem ook die vorm *boetjan,* maar die het waarskijnlik alleen bestaan in die vernuftige brein van een of ander student wat Professor 'n bietjie vir die mal wou hou — wat vaker gebeur het. Afgesien van die moeilikheid wat die vorm bied, selfs al sou *boetjan* bestaan, beteken *boedjang* volgens die *Nieuw Mal.-Ndl. Zakwdb.* van Klinkert, *man of vrouw in den ongehuwden staat,* en volgens Dr. de Haan (*Priangan* II, p. 845) in die 17de eeuw gewoonlik soveel as *koelie, arbeider, kneg.* Vgl. ook Dr. Prick van Wely, *Verklarend Hulpwdb.* Díe betekenisse, viral die 17de eeuwse, staan mij te ver af dan dat die woord in Afrikaans sou kon kom te beteken *broer.* As die lotgevalle van *boedjang* was soos Dr. du T. hom dit voorstel, dan sou op sij bes in Afrikaans 'n vorm *boetjie* kon ontstaan het; die vorme *boetie* en *boeta* sou onbegrijplik wees. M.i. is die verklaring van Dr. Mansvelt die regte. Die woord is seker in die kindermond ontstaan en deur ouer mense oorgeneem. Die verminking en weglating

van 'n *r* in die kindertaal is 'n gewone verskijnsel. Vir die oorneem van so 'n kinderwoord kan vergelijk word Ndl. *ootje, opa*, wat verklaar word as vervorminge in die kindermond van *grootje, grootpa*, en toe in ruimer gebruik gekom, sie *Ndl. Wdb.* Dat die vorme „onklankwettig" is, lê dan voor die hand; so ken ek ook die vorm *Bloep* vir *Broer*. Vgl. ook Afrikaans *oussie* wat ontstaan moet wees uit *ou sussie*.

BOTTEL (du T.). Die beswaar van Dr. du Toit teen die afleiding uit Frans wegens die *l*-klank geld nie, want in 17de eeuws Frans werd die *l*-klank nog gehoor, vgl. Meyer-Lübke, *Hist. franz. Gram.* § 211. 'n Werklike beswaar is egter die aksent. Afr. *bottel* kan ontleen wees uit Fr. *bouteille* met verspringing van aksent, wat daardeur minder onwaarskijnlik word omdat *botteljes*, hoogs waarskijnlik nog met oorspronklike aksent, voorkom bij van Riebeek, *Dagverhaal* I, p. 98, 103. Die gespesialiseerde betekenis teenoor *fles* (sie Mansvelt, *Idioticon* i. v. *flesch*) kan laat vermoed dat die woord oud is in Afr., uit die 17de eeuw dagteken, en dan uit Ndl. oorgeërf is, en sij oorspronklike aksent, misskien onder Engelse invloed, verloor het. Die vorm *bóttelje* wat so kon ontstaan wees, kon dan later as 'n verkleiningsvorm beskouw geword het, al was *botteltje* juister. Nhd. *buttel* is ook ontstaan uit Fr. *bouteille*, vgl. Paul, *Deut. Wtb.* Anders moet ons aanneem dat *bottel* direk aan Engels ontleen is, en *fles* eers in die 19de eeuw sij beperkte betekenis gekrij het. Ontlening van Port. *botelha* (du Toit) is hoogs onwaarskijnlik.

DISPENS, SPENS (H.). Sie Dr. de Haan, *Priangan* II, p. 776, waar die woord gesiteer word uit die *Dagregister*

van Batavia, anno 1644/45. Ek vermoed dat in die 17de eeuwse seemanstaal *dispens* en *kombuis* die gewone woorde was vir *provisiekamer* en *keuken*, vgl. *Priangan* II, p. 512 en 528, waar die twee woorde tweemaal naas mekaar staan. Die Nederlands-Indiese *spen* wat beteken *huisjong*, is waarskijnlik verkort uit *dispensier*, wat volgens Dr. de Haan (t. a. p.) Port. *dispenseiro*, volgens die *Ndl. Wdb.* Oudfr. *dispensier* is. Die vroeë gebruik van die woord (bij Coornhert) maak die afleiding uit Port. onwaarskijnlik.

GONJE (Du T.). Vir die afleiding van die woord sie *Hobson-Jobson*, i. v. *gunny*. Die woord kom in die *Ndl. Wdb.* nie voor nie, wel bij van Dale. Daar van Riebeek die woord al gebruik, in die vorme *goeny* en *goenje* (*Dagverhaal* II, p. 240, 241) is die woord vermoedelik nie direk in Afr. ontleen nie.

HAAI (du T.). Om afleidinge te gee van tussenwerpsels soos *haai*, en klankbootsende woorde soos *hoei-haai* (die vorm *haai-hoei* is mij onbekend) is gevaarlike werk. Die tussenwerpsels *he, hê, ha, hei, hai* kom ook in Ndl. voor, vgl. *Ndl. Wdb.* V, 1328 en elders. Vgl. ook Nhd. *hei* en Eng. *hey*. In al die tale wijs die aanspreek met so 'n woord op familiare omgang.

JOSIE (H.). Die afleiding van die woord is so onseker, dat dit beswaarlik as argument vir Mal.-Port. invloed op Afr. kan dien. Dit is eigenaardig dat die woord vroeër altijd in die vorm van 'n verkleinwoordjie voorkom: bij Saar *Josin*, wat die *Ndl. Wdb.* hou vir Ndl. *Joosjen*, bij Schouten *Joosje*, bij Vermeulen *Josie* ens. Sie *Ndl. Wdb.* op *Joost* II, en *Hobson-Jobson* op *Joss* ('n vorm wat eers

in 1711 voorkom). Sou mens nie verwag dat die oorspronklike woord aanleiding gegee het tot die skijnbare verkleiningsvorm nie, so ongeveer as bij *baatjie?* Dr. H. Kern, *Indische Gids* XI, p. 1218, lei die woord af uit Port. *deos*. Gesteld dat die afleiding juis is, dan is die vorm *Joosje* al heel vroeg in Nederlandse mond gevorm — Saar was in Indië van 1644 tot 1659 — en het die Nederlanders self die woord na Suid-Afrika gebring. Met die oog op die steeds terugkerende skijnbare verkleiningsvorm, en die aanhalinge uit Schouten e. a. in die *Ndl. Wdb.*, staan die afleiding vir mij nog nie vas nie. Dat die Javane 'n Chinese god bij 'n Port. naam noem is begrijplik, maar nie dat die Chinese dit self doen nie. Misskien egter het die ou reisigers mekaar maar nagepraat. In ieder geval blij direkte ontlening in Afr. onwaarskijnlik.

Kaaiman (du T.). Dr. du Toit sê dat Veth waarskijnlik gemaak het, dat die Portugese die woord uit West- na Oost-Indië gebring het. Wat Veth sê is dit: „Het blijkt dus dat de naam *kaaiman* reeds zeer vroeg (in of vóór die tijd van Koen) *òf door onze landgenooten*, òf door de Portugezen, uit West-Indië naar Oost-Indië moet zijn overgebracht". (Ek kursiveer). Al het die Portugese, en nie die Nederlanders, die woord na Indië gebring, dan was dit daar al so vroeg bekend (1631) dat die Nederlanders dit vandaar na Suid-Afrika sal gebring het. Sie Veth.

Kabaai (H.). Die woord kom al bij Linschoten voor. Vgl. *Hobson-Jobson* i. v. *cabaya*. In Spaans en Port. kom die woord al van 1540 voor.

Kapater (H.). Sie *Priangan* II, p. 775 i. v. *capade*, waar aanhalinge uit die *Dagregister van Batavia* gegee word

van 1636 en 1643/44. Die woord word vandaag nog op Ambon gebruik (t. a. p.).

KARDOES (H.). Die Ndl. *kardoes* kom volgens Franck-Van Wijk van Frans *cartouche*. Nou is die *d* in die Ndl. woord eigenaardig (vgl. Salverda de Grave, *Franse Woorden i. h. Ndl.* p. 253), en dit sou nog eigenaardiger wees, as die Afr. *kardoes*, wat volgens Dr. H. uit Port. *cartucho* moet kom wegens die betekenis (*peperhuisje*), onafhanklik dieselfde eigenaardige *d* sou ontwikkel het. Volgens van Dale beteken *kardoes* in Nederlands ook *stevig pakpapier*, wat nie so ver van die Afr. betekenis staan nie. Die betekenis in Afr. bied nie groot beswaar teen oorerwing uit Ndl. nie.

KATEL (H.). Vgl. *Priangan* II, p. 769, waar *kadel* genoem word as een van die woorde wat in daaglikse gebruik was in die Kompanjiestaal van vroeër, maar langsamerhand uitgestoot en vandaag nog alleen in Afr. bewaar is. „Reeds in 1622 gebruikte men op Ambon het woord *catell* voor *rustbank* (*Kron. Utr. Gen.* 1871, p. 440); Danckaerts zegt in zijn *Vocabularium* van 1623: „*Catil* een bedstede". Evenzoo Johan van Twist (*Gen. Beschrijvinge van Indië*, in *Begin ende Voortgangk*) p. 59. In het *Dagregister* vindt men *catel* anno 1634, p. 385; 1637, p. 59", ens.

KIEPERSOL (du T.). Die naam is mij onbekend in Afrikaans. As dit 'n naam is van 'n boom wat alléén in die Transvaal voorkom, dan begrijp ek nie hoe ons aan die woord kom nie. In die oorspronklike betekenis van *sonskerm*, *sambreel*, en dan *breeë rand hoed*, moes die woord dan tot ongeveer 1840 in die Kaap Kolonie bekend gewees het, en nadat dit deur die Voortrekkers in die Transvaal

toegepas is op 'n boom, moes dit heeltemaal uitgesterf het in die gewone betekenis. Dit kom mij weinig waarskijnlik voor. Maar misskien is die woord ook nog in ander dele van die land bekend. Gesteld dat die afleiding wat Dr. du Toit, gee die juiste is, dan wijs die vorm dat die woord eers laat deur Nederlanders oorgebring is. Veth, *Uit Oost en West*, p. 79, gee die afleiding en vormontwikkeling van die woord duidelik aan. „De meest verhollandschte vorm, *kiepersol*, is ook de jongste," sê hij. Die afleiding van Prof. Kluyver, uit Spaans *quitasol*, aangehaal en goedgekeur deur Dr. du Toit, sal misskien verbeter moet word tot Port. *quitasol*.

KLAPPER (du T.). Dr. du Toit is nie geneig om aan te neem dat die woord via Nederland in Suid-Afrika gebring is nie. In *Priangan* II, p. 40, noot 3, word die vorm *clappus* aangehaal uit 'n Ndl. stuk van 1624; p. 542 word die vorm *calappus* naas *klapper* bespreek; in die *Dagregister van Batavia* van 1644/45 kom *klapper* al voor. Dr. de Haan (t. a. p.) sê dat *cocos* die oudste naam skijn gewees te hê, wat later verdring is deur *klappus*, waarnaas *klapper* 'n minder deftige vorm was. Die woord was dus in die 17de eeuw, veral in die handels- en seemanstaal, heel gewoon, en dit is goed moontlik dat die woord via Holland, of wat sowat op dieselfde neerkom, deur Hollanders uit Indië, na Suid-Afrika oorgebring is. *Klapper, klapperdop, -melk, -noot, -olie* is nog in Nederland bekend. Sie van Dale.

KOEDOE (du T.). Dit is 'n Kafferwoord *Qudu*, volgens Pettman, *Africanderisms* i. v. *koodoo*. Die afleiding van Dr. du Toit, wat Mal. *koeda, perd*, hierin wil sien is nie oortuigend nie.

KOELIE (H.). Die woord word al deur Linschoten gebruik. Die afleiding skijn nog onseker te wees. In Portugees kom die woord al in 1548 voor. Vgl. *Hobson-Jobson* en *New English Dictionary* i. v. *cooly*.

KOERT (H.). Die gewone vorm is *koort*, en die gewone betekenis is *geregshof*. Die gebruik van die woord in *Ons Klyntji* is 'n bietjie vreemd, en misskien is Dr. H. daardeur verlei om die Port. *côrte* daarin te sien. Maar die skrijwer toon aan dat hij die woord in 'n ongewone betekenis gebruik, deur die betekenis *hof* tussen hakies aan te gee. Dit is die Engelse *court*, wat na 1806 en die verdrukking van Hollands in die geregshowe in die Kaap Kolonie, in gebruik gekom het. Dit word dan ook veral in die Westelike Provinsie van die Kaap Kolonie, waar die Engelse invloed al vroeg gewerk het, veel gebruik.

KO(E)JAWEL (du T.). Sie *Priangan* II, p. 542, waar voorbeelde aangehaal word van die gebruik van die woord bij Meister, *Orient.-Ind. Kunst- und Lust-Gärtner*, p. 105 (1692); Rumphius, *Herbarium Amboinense* I, p. 141, ens. Vgl. verder *Hobson-Jobson* i. v. *guava*, waar aanhalinge uit Spaanse en Portugese werke van 1550 af gegee word. Dit is weer so 'n woord as *kaaiman*, oorspronklik afkomstig uit West-Indië, en bewijs niks vir Mal.-Port. invloed op Afr. nie. Hoewel die vorm met *l* dààrteen, sowel as teen die suggestie van Dr. du Toit pleit, is ontlening uit Engels nie onmoontlik nie; want as ek dit wel het, kom die woord in die Westelike Provinsie, waar dit die meeste gebruik word, in verskillende vorme, ook sonder *l* voor. Of is die introduksie van die vrug in Suid-Afrika ouer as die 19de eeuw?

KRAAL (H.). Daar die woord reeds bij van Riebeek (*Dagverhaal* I, p. 80, 223 en passim) voorkom, is dit ouer in Nederlands as Afrikaans self. Die gewone vorm bij van Riebeek is *crael* en nie *coral*, soos Dr. H. sê nie; die vorm *coral* het ek eenmaal opgeteken, die vorm *crael* viermaal.

KRIEK, JANKRIEK (du T.). Die vorm *jankriek* is mij onbekend. Dr. de Haan, wat die vorm *jankriek* vermeld (*Priangan* II, p. 745) is van dieselfde opinie as Dr. du Toit, dat *jankriek* die Mal. *djangk(e)rik* is. Naas die moontlikheid bestaan daar, ten minste vir Afrikaans, 'n tweede. *Kriek* vir *krekel* is ook Ndl., soos Dr. du Toit opmerk. Vgl. *Ndl. Wdb.* op *Kriek II*. Dr. de Haan (t. a. p.) sê, *kriek* word ook deur Rumphius gebruik, en Rumphius is 'n gebore Duitser. Nou kom in Suid-Afrika die mansnaam *Jan* dikwels voor vóór name van vools, ens., vgl. *Jan-Groentjie*, *Jan-Tarentaal*, *Jan-Fiskaal*, *Jan-Pierewiet*, name van vools; *Jan-Blom*, naam van 'n padde, *Jantjie Trap-Soetjies*, naam van die kameleon, ens. Vgl. verder *Klaas-Skaapwagter*, *Pietjie-Kanarie*, name van vools; *Jakob-Swart*, naam van 'n vis, misskien na een of ander persoon, vgl. *jakop(i)ewer*, naam van 'n vis, waarskijnlik 'n verbastering van *Jakob Everts*. Op dieselfde manier kan *Jan-Kriek* gevorm wees.

LEMOEN (H.). Die woord kom so veel en so vroeg in 17de eeuwse reisverhale voor, dat dit onnodig is om baje voorbeelde te gee. Vgl. o. a. Linschoten, *Itinerario* I, p. 19; Willem Cornelisz. Schouten, *Journael*, p. 4, 5, en passim; Bontekoe, *Oost-Indische Reyse*, p. 39, 40, en passim; *Priangan* II, p. 145, noot 6. Dit is moeilik om uit te maak presies watter vrug daarmee bij verskillende skrijwers

bedoel word. Vir 'n 17de eeuwse klassifikasie sie Rumphius, *Herb. Amboin.* II, p. 96 vgl.

Loekwart (H.). Is die woord ouer in Afr. as die 19de eeuw? Vgl. *Hobson-Jobson*, i. v. *loquat*. Die woord is in Engels ontleen uit Chinees. Die oudste aanhaling is van 1821. Dit is nie onmoontlik dat ons die woord in Afr. van die Engelse het nie.

Mandoor (H.). In die Vrijstaat en Transvaal skijn die woord nie gebruik te word nie; sover ek kan nagaan, kom dit alleen in die buurt van die Kaap voor. Dit is dus óf 'n late ontlening, óf die woord is aan 't uitsterf. *Priangan* II, p. 283, word *mandoor* gebruik anno 1703. Dit is die naam wat blanke gegee het aan Indiese hoofde en opsigters, en sal vermoedelik deur blanke na die Kaap gebring wees. Die oorspronklike vorm skijn *mandadoor* (Port. *mandador*, *lasgewer*) gewees te hê. Die vorm *mandoor* uit *mandadoor* te verklaar, bied geen groot beswaar nie. *Mandorijn* kan daarbij misskien ook 'n rol gespeel het. Sie Veth, *Uit Oost en West*, p. 76 en *Ndl. Wdb.* i. v. *mandarijn*.

Maskie (H.). Die afleiding uit Port. skijn seker te wees, en *maskie* niks te doen te hê met *misskien* nie. Die woord kom in 17de eeuwse klugte voor, sê Dr. H., en kan dus via Nederland in Suid-Afrika gekom het. Dit is eigenaardig dat *maskie* in Afr. heel dikwels verbonde is met *al*, sodat selfs naas *al maskie* die vorm *amma(l)skie* voorkom. Sie Mansvelt, *Idioticon*. Eigenaardig is ook nog dat in Port. 'n woord *masque* in die betekenis *never mind, all the same* ongebruiklik skijn te wees. Vgl. *Hobson-Jobson* i. v. *maskee* en *Ndl. Wdb.* i. v. *maski*.

Mielie (H.). Ook 'n heel vroeë ontlening. In die *Journaal*

van Joris van Spilbergen, van 'n reis gemaak in 1601, kom die woord voor in die vorm *mille*; in *Toortse der Zeevaert* van Dierick Ruiters, 1623 (uitgawe Linschoten-Vereeniging, p. 49) in die vorm *milhe;* Dr. de Haan gee voorbeelde van die gebruik van die woord in 1623 en 1641, sie *Priangan* II, p. 640; 778. Van Riebeek gebruik dit verskeie male, o. a. *Dagverhaal* II, p. 181; 336. In die *Reystogten* van Wouter Schouten kom die woord ook voor in die vorm *mylie* (3e druk, p. 72).

Moveer (H.). Die suggestie van Dr. Mansvelt, om uit die betekenis *ter sprake brengen, opperen*, wat die Ndl. *moveren* ook het, die ontwikkeling tot *hinderen*, die betekenis van die woord in Afrikaans, aan te neem, word daardeur onaanneemlik, dat van Riebeek (*Dagverhaal* III, p. 304) al die woord in die afwijkende betekenis gebruik, en daar is nie spore van so 'n betekenis-ontwikkeling in Ndl. nie. Al is die afleiding uit Port. *moér* juis — die vorm in Afr. is dan wel opvallend maar nie onmoontlik nie —, dan bewijs die voorkom van die woord bij van Riebeek, dat die ontlening in voor-Afrikaanse tijd plaasgevind het. Van Riebeek gebruik die woord sonder kommentaar in 'n offisiële stuk. (Die Ndl. *moveren* kom nie in die *Ndl. Wdb.* voor nie, wel bij van Dale. Dit is egter onwaarskijnlik, dat die woord in die 17de eeuw betekenisse gehad het wat die vermoede van Dr. Mansvelt sou staaf).

Oorlams (H.). Ek ken in Afr. alleen *oorlams* as adjektief, in die betekenis *bedrewe, slim;* die betekenis *dronk* (Mansvelt, *Idioticon*) is mij onbekend. Dat Afr. die oorspronklike aksent bewaar het teenoor Ndl. bewijs niks. Die aksent is waarskijnlik pas later in Ndl. verander, en

die woord kon, met die oorspronklike aksent, van Nederland na Suid-Afrika gegaan het. Dieselfde geld van die betekenis. As die gewijsigde aksent en betekenis in Ndl. iets bewijs, dan sou dit wees dat die woord in Ndl. meer in gebruik was as in Afr., wat misskien daardeur sou kan verklaar word, dat die meerderheid van die blanke in S.-A. al gouw in minder nouwe aanraking gekom het met seelui. Vandaag word die woord gewoonlik gebruik van Kaffers, ens. Maar in vergelijking met *baar* het *oorlams* 'n slegter toekoms gehad! In Ndl. het die woord natuurlik veral in die seemanstaal blij voortleef. Die verskuiwing van aksent in Ndl. kan daardeur bevorder wees, dat die woord in die vorm *oorlam* enigsins die voorkome gehad het van 'n Nederlandse samestelling.

PAAI (H.). Die afleiding van Dr. H. uit Port. verdien die voorkeur boo die van Franck-Van Wijk. Die vorm *pade* is wel geen bloot hypothetiese vorm soos Dr. H. sê nie, maar is seldsaam en kom alleen in 'n oostelike dialek voor, en die betekenis bied beswaar. Sie Verwijs en Verdam, *Mnl. Wdb.* In die eigelike betekenis van *vader* kom *paai*, ondanks die *Ndl. Wdb.* ook nie voor nie. In Afr. het *paai* die selfde betekenis as in die *Ndl. Wdb. paai* I, 3, gewoonlik met enigsins veragtelike sin. Op 'n vraag daaromtrent skrijf 'n vriend dat *ou paai* in Afr. beteken *ou gek*. Daar die woord in Ndl. al in die 17de eeuw voorkom (die *Ndl. Wdb.* gee 'n voorbeeld uit 'n werk waarvan die 2e druk in 1675 verskijn het) en nog in die eeuw al in 'n werk soos die *Haagsche Mercurius* van Doedijns, is dit heel waarskijnlik dat die woord meegeneem is uit Nederland na Suid-Afrika. Dat die Hollandse

matrose 'n woord soos *maai* uit Port. sou oorgeneem het, kom mij nie baje waarskijnlik voor nie. Dit is nie onmoontlik dat *maai* na die voorbeeld van *paai* gevorm is nie. *Maai* kan egter ook in Suid-Afrika direk aan die slawetaal ontleen wees; vergelijk die uitdrukking: *Loop na jou maai,* of *jou moer.*

PALABER (H.). Ondanks herhaalde navraag het ek nog niemand getref wat die woord in Afr. ken nie, wel die Eng. *palaver.* Dr. H. vermeld nie waar hij daaraan kom nie. Bij Mansvelt en in die *Patriot Wdb.* kom dit nie voor nie. Ek vermoed dan ook dat die woord, as dit in Afr. voorkom, 'n ontlening uit Engels sal wees. Dr. Godeé-Molsbergen ken die woord uit die Kompanjiestaal, maar nie in Afr. nie. (Partikuliere meedeling). Vir afleiding en gebruik sie *Ndl. Wdb.* en Veth, *Uit Oost en West,* p. 132.

PIERING (H.). Dr. H. self gee 'n voorbeeld van die gebruik van die woord in 1668. Vgl. *Priangan* II, p. 279, waar voorbeelde van samestellinge soos *eetpiering* 1679, *theepiering, schenkpiering* gegee word. Ontleninge soos *piering, bottel, karba, baatjie* het die Ndl. woorde soos *skottel, fles, jas,* nie verdring nie, maar geleentheid gegee om te spesialiseer in betekenis, sodat in Afr. 'n *jas* iets anders is as 'n *baatjie,* 'n *fles* iets anders as 'n *bottel* of 'n *karba,* 'n *skotteltjie* iets anders as 'n *pierinkie.*

PONDOK (H.). *Priangan* II, p. 136 kom die woord voor anno 1687, en verder passim in die aangehaalde stukke, vgl. register, p. 882. Veral waar 'n woord alleen in die *Dagregister van Batavia* of in ander Indiese stukke voorkom, blij direkte ontlening in Afr. nog goed moontlik. Maar aan die ander kant spreek dit vanself dat sulke

woorde vir Indiese sake, tensij dit handelsartiekele was, nie in algemeen Ndl. gebruiklik sou wees nie, al was hulle al hoe lang skering en inslag in die seemanstaal. En die seemanstaal van die 17de eeuw is juis díe vorm van Ndl. wat ons moet aanneem as uitgangspunt vir Afrikaans. Die „vreemde" woorde wat bestaan het in die seemanstaal van vóór 1652 was, ten opsigte van Afr., net so min vreemde woorde as die ontleninge uit Frans in Ndl. van vóór die datum.

Robbedoes (H.). Mij alleen in hierdie vorm bekend, en alleen in die betekenis van iemand, gewoonlik 'n wilde kind, wat slordig is op sij klere en sij persoon. Die vorm *rabbedoes* kom ook voor; die vorm sonder slot-*s* staat bij Mansvelt en in die *Patriot Wdb.* (wat dit waarskijnlik uit Mansvelt oorgeneem het), maar is onder mij vriende onbekend. Uit Mal.-Port. *raaybojoe* (Port. *raivoso*?) kan geen een van die Afr. vorme verklaar word nie; uit Port. *rabido* is die vorme met slot-*s* moeilik te verklaar, of dit moet aan die meervoudsuitgang ontleen wees. Kan *rabbedoes* 'n kruisproduk wees van *rabido* en *raivoso*? Kan dit 'n geleerde ontlening uit Latijn *rabidus* wees?? Franck-Van Wijk het blijkbaar ook geen raad geweet met die woord nie. Maar die ooreenkoms in vorm en betekenis is te groot, dan dat die Ndl. en die Afr. woord van verskillende oorsprong sou wees. Ek hou dit dan ook daarvoor, dat die woord uit Nederland na Suid-Afrika sal geneem wees.

Rissie (H.). Dr. de Haan, *Priangan* II, p. 749, het 'n interessante artiekel oor die woord, waarin verskillende moontlike afleidinge bespreek word. Hij ken die afleiding van Veth, maar maak geen melding van die van Kern

nie, alhoewel hij *Het Afrikaansch* van Dr. H. ken. Die afleiding blij vir hom onseker. Hij sê *ritsje* was in 1669 in Indië „algemeen bekend", en gee 'n voorbeeld. Verder merk hij op: „wanneer ik in Jan van Riebeek's *Dagverhaal* (I, 399) zie dat hij aan de Kaap *ritsjens* zaait, dan kan ik moeielijk denken aan *Spaansche peper*, zoodat ik onderstel dat het (Ndl.) woord (*rits*) op de vruchten van deze plant kan zijn overgedragen omdat zij iets *rits*- of *ristachtigs* hebben". Bij van Dale kom *rist* voor as gewestelike naam van *rister*, „een van de vele volksnamen van de . , . . duizendknoop". Onder *duizendknoop* vind ek bij van Dale as een van die veertien Nederlandse soorte vermeld *waterpeper* of *bittertong*. Mij kennis van sake is hier te gering om ook maar die minste opinie uit te spreek. Wat ook die afleiding mag wees, die woord kom so vroeg voor, dat ons nie hoef te dink aan direkte ontlening in Afr. nie. Jan van Riebeek het die woord waarskijnlik ook al vóór sij aankoms in Suid-Afrika geken. Hij gebruik dit in 1654.

SIE, SIES (du T.). Die Mal. vorm *tjis* wat Dr. du Toit aangee, verskil nogal van die Afrikaanse. Uit *tjis* kan moeilik *sies* ontstaan het. Die vorm *ties* (du Toit) wat nader staan aan die Maleise vorm, is mij heeltemaal onbekend. Die uitroep is veral onder die Hottentotte gewoon, en geld in die Vrijstaat nie vir biesonder beskaafd nie. Ek vermoed dan ook dat dit, soos *sie*, uitroep bij die gewaarwording van kou, *soe* bij hitte, *ga* bij 'n onaangename reuk, aan Hottentots sal ontleen wees. Vgl. Meinhof, *Nama-Sprache*, p. 100, waar *tsi, si*, „Ausdruck des Abscheus", gegee word.

Soebat (H.). Die *Ndl. Wdb.* stel ons nog nie in staat om na te gaan hoe oud die woord in Ndl. is nie. Jan van Riebeek gebruik dit in sij *Dagverhaal* (I, p. 228), met die opmerking dat Herry die woord vroeër in Bantam geleer het; *Dagverhaal* I, 449 gebruik Eva die woord *soebat*, „willende seggen: vleyt" voeg van Riebeek daaraan toe; I, p. 486 noem hij Eva „een soubaster ofte flikfloyster". Die opmerkinge en verklaringe van van Riebeek wijs dat die woord destijds nog nie algemeen bekend was nie, maar ook dat dit nie aan die slawetaal ontleen is nie, omdat daar toe nog geen slawe aan die Kaap was nie. In Ndl. is *soebatten* vandaag 'n heel gewone woord, en kan in Afr. uit Ndl. oorgeërf wees. Vgl. verder Veth, *Uit Oost en West*, p. 26.

Tata, Ta (du T.). Die vorm *tate* kom ook in die Neger-Hollands van die Deense antille voor (vgl. Hesseling, *Neger-Holl.* p. 288), waardeur ontlening aan Mal.-Port. onwaarskijnlik gemaak word. Die beperking van die gebruik van die woord tot die swarte in Suid-Afrika maak dit ook onwaarskijnlik dat dit die dialekties Ndl. woord *taat* sal wees (vgl. Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal*), al is dit geen beswaar dat die woord alleen dialekties voorkom nie, veral as die dialek 'n Hollandse is. M. i. is die woord aan die inboorlinge-tale ontleen. Ongelukkig kon ek daar nie in slaag om 'n woordeboek van die Suid-Afrikaanse Bantoe-tale in die hande te krij nie. Maar in Bantoe-tale van die meer noordelike volke kom die woord wel voor: sie *Zigula-English Dictionary* van Walter Kisbey, en *Xilenge Vocabulary* van Smyth en Matthews, allebei uit-gawes van die Society for Promoting Christian Knowledge,

i. v. *tate* en *tati*. In Brincker, *Lehrbuch der Oshikuanjama* [1]), p. 113, kom voor *tate*, pl. *ootate*, *Vater*.

TALIE (H.). Mij heeltemaal onbekend. Volgens ingewonne informasie is die woord alleen bekend in die uitdrukking *rondom talie draai*, wat skijn te beteken *rond draai*, en die naam is van 'n kinderspelletjie. Ek moet erken dat ek nie raad weet met die woord nie; die gebruik is mij nie duidelik nie, en ek weet ook nie wat voor rededeel dit is nie. Dr. H. dink aan Mal. *tali*, *touw*, en misskien ook aan Port. *talha*, *katrol*. Die verband in betekenis tussen die Maleise en die Afrikaanse woord kan ek nie sien nie. In die betekenis *katrol* kom *talie* in Ndl. ook voor, waarskijnlik al vroeg, en kan in Afr. oorgeërf wees. Vgl. Franck—Van Wijk.

TJAP (H.) Volgens Dr. Godeé-Molsbergen is dit 'n heel gewone woord in die Kompanjiestaal. Dr. H. gee 'n voorbeeld vir 1653. Vgl. verder *Priangan* II, p. 282; van Lennep, *Zeem. Wdb.* i. v. *sjappen*. Volgens *Hobson-Jobson* (i. v. *chop*) kom dit voor in Port. en Sp. aanhalinge van 1534 af. Met Dr. H. gloo ek ook nie, dat die woord in Afr. uit Engels ontleen is nie; maar voor dat dit kan ontken word, moet uit die *Kaapse Stukke* of iets dergeliks, bewijs word, dat die woord vóór 1806 in Suid-Afrika bekend was.

TRASSIE (du T.). Die afleiding van Dr. du Toit kom mij te gesog voor, en ook om ander redes onwaarskijnlik. Ten eerste bestaan die vorm *transie* wel, en moet as meer oorspronklik dan *trassie* beskouw word. Ten tweede wijs

---

[1]) Taal wat in die Noorde van Duits-Suid-Wes-Afrika gepraat word.

die aksent, wat soms nog op die laaste lettergreep gehoor word (vgl. *Patriot Wdb.* waar die woord geskrijf word *transé*) in die rigting van die afleiding wat Dr. Mansvelt voorstel. Die betekenis van Fr. *transi, verkluim, verstijf, beskaamd,* bied wel moeilikheid, maar die aksent en die (sporadiese) nasaalklank in die eerste lettergreep, maak die afleiding van Dr. du Toit onmoontlik. Misskien dat daar later nog 'n beter verklaring dan een van die bowestaande gegee word. Intussen verdien die afleiding van Dr. Mansvelt m. i. die voorkeur boo die van Dr. du Toit.

VIERUURTJIES (du T.). Met die oog op die beskrijwing wat Dr. du Toit van die blommetjie gee, begrijp ek nie waarom hij die naam sonderling vind, en waarom hij aan vertaling van 'n gelijkbeduidende Maleis-Portugese naam moet dink nie. Is die Maleise naam nie misskien 'n vertaling van 'n naam wat blanke in Indië aan die blom gegee het nie? Hoe staat dit met die oorspronklike tijdrekening onder die Maleiers? Is die Europese tijdrekening nie eers laat oorgeneem nie? Die benaming is vir mij tiepies, en doen dink aan name soos *sewe-jaartjies, moeder-skep-oppies, wag-'n-bietjie,* ens. ens. Lang nie vir alle vreemde sake het ons voorvaders die name maar ontleen nie. Dr. Mansvelt het daar al op gewijs in sij *Idioticon;* vgl. b.v. onder *aardbeiplant, droog-mij-keel-bessie* en elders. In elk geval is daar genoeg en eigenaardiger name dan *vieruurtjies* in Suid-Afrika self gevorm, om ons voorsigtig te maak om so 'n naam 'n vertaling van 'n Maleise naam te noem, en te sê dat dit „ongetwijfeld" die geval moet wees.

VOOLSTRUIS (du T.). Ook hierdie afleiding van Dr. du Toit kom mij, ondanks al die skerpsinnigheid, of misskien

juis daarom, heel twijfelagtig voor. Om aan te neem dat Maleis die voorbeeld sou gegee het waarna die naam in Portugees, Spaans, Frans, Engels, Nederlands, Duits en misskien nog ander Europese tale gevorm sou wees is moeilik, en tog neem Dr. du Toit dit aan. Die afleiding van Franck-Van Wijk uit 'n gerekonstrueerde vorm * *avi-strūthio* verklaar die Romaanse vorme. In Mnl. kom *de vogel struus, de vogel grijp,* naas *struus, grijp* voor. Vgl. Verdam, *Mnl. Wdb.* Later is *vogelstruis, vogelgrijp* as één woord gevoel. Vgl. *Ndl. Wdb.* V, 733. Die samestellinge *appelsina, granaatappel, notemuskaat* is waarskijnlik navolginge van Romaanse vorme. In hoever *de vogel struus* ook 'n navolging van 'n Romaanse vorm is, is hier van weinig belang. Die vorm *vogelstruis* is ouer as Afrikaans. Die 7de April 1652, het daar aan die Kaap 'n skip gelê met die naam *Vogelstruys*, vgl. Jan van Riebeek, *Dagverhaal* I, p. 3. In die joernaal van Meerhof (t. a. p. p. 542) kom die woord herhaalde male voor, waar sprake is van die vool self.

As ek nie meer woorde uit die lijste van Dr. H. en Dr. du Toit bespreek nie, dan is dit nie omdat ek al die res beskouw as onbetwijfelbare ontleninge uit Maleis-Portugees nie, maar omdat dit wegens skaarste aan materiaal, uiters moeilik is om oor sulke lastige afleidinge te oordeel, en omdat ek meen dat bowestaande bespreking van bijna die helfte van die deur Dr. H. en Dr. du Toit as Maleis-Portugees aangevoerde woorde laat blijk het, dat die lijste nogal twijfelagtige gevalle bevat. Al die

woorde is nie van Maleis-Portugese afkoms nie, en sowat die helfte bewijs niks vir Maleis-Portugese invloed op Afrikaans nie, omdat hulle via Nederlands in Afrikaans gekom het, of kon gekom het. Op die manier van Dr. H. en Dr. du Toit kan, soos reeds gesê, 'n veel sterker argument ten gunste van Franse invloed op die Afrikaanse woordeskat opgebouw word, as mens nie let op die tijd van ontlening nie. Wat die vergelijking met die vreemde woorde, ontleen aan die inboorlinge-tale, betref, is dit 'n enigsins gevaarlike bewering van Dr. H. (p. 109), dat die in elk geval nie soveel is as die Maleis-Portugese woorde nie. As ons alleen direkte ontleninge uit Maleis-Portugees in aanmerking neem, en dan plaasname as 'n deel van die woordeskat beskouw, dan gloo ek dat daar 'n langer lijs van Hottentotse woorde in Afrikaans kan opgetrek word, dan tot nog toe van Maleis-Portugese ontleninge gegee is. Om mij bewering enigsins te staaf, haal ek, alleen uit Pettman's *Africanderisms,* die volgende aan (waarbij ek nie verantwoordelik wil gehou word vir die bewering dat al die voorbeelde juis aan Hottentots ontleen is nie): *abba, arrie, Briqua, baroo, boegoe, eina, ga, ganna, geitjie, ghab, ghoen, ghokum, gli, gnap, gogga, gonna, gorra, gouna, Griqua, gnu, hoeka, kaam, kama, kamma, kanna, karroo, karos, karree, kierie, kambroo, koekoemakranka,* (die klap-tekens voor die gutturale word nie aangegee nie) *naras, nenta, nunnum, Obiquas, ourebi, quagga, tchou (?),* waarbij dan plaasname soos *Garies, Ookiep,* riviername soos *Gamtoos, Gamka,* name van berge soos *Outeniqua, Sitsikamma,* ens. (vgl. ook Dehérain, *Études sur l'Afrique* p. 262), kan gevoeg word. Dat baje

van die woorde ongebruiklik is, geld eweseer van die lijste van Dr. H. en Dr. du Toit. Ook afgesien van plaasname, is die lijs, wat alleen uit Pettman opgestel is, natuurlik vir uitbreiding vatbaar. So bevat dit nie die woorde *kammalielies, kamte, kastag, dagga* en *tonka*, wat voorkom in die lijs van 18 woorde ontleen aan Hottentots, saamgesteld deur Dr. H. (p. 80) en Dr. du Toit (p. 22) nie.

Dr. H. is al heel ongelukkig in die samestel van 'n lijsie van Maleis-Portugese woorde wat bestaande Nederlandse woorde verdring het (p. 109). *Paai, maai, laai* is woorde wat betreklik selde gehoor word; *nenna* en *trawal* is mij selfs totaal onbekend. Geen een hiervan dra 'n intieme karakter nie. En watter Nederlandse woorde is deur hulle verdring? *Noi* is die enigste van die opvallend skraal lijsie wat veel gebruik word, en die het ook in Afrikaans 'n intieme karakter verkrij. Maar *noi* is 'n woord waarvoor in Nederlands, in sij oorspronklike betekenis, geen equivalent bestaan nie, omdat die verhouding van slaaf tot meesteres anders was as die in Nederland bekende verhouding tussen kneg en meesteres.

Hiermee stap Dr. H. af van die terrein van Maleis-Portugese ontleninge in Afrikaans, om „velerlei -ismen wier niet-Europeesche afkomst gemakkelijk is te herkennen" (p. 110) te bespreek.

„Een Afrikaner noemt elk mannelijk kind een *seuntje;* de oorsprong van dat gebruik kan geen andere wezen dan dat ons „jongen" bij hem, evenals in Indië, „bediende" betekent". Dit is, vir Afrikaans, die oorsprong van die woord nie. Die gewone Afrikaanse woord vir 'n manlike kind is *jongetjie*. Net soos in Nederlands is die teenstelling tussen

seuns en *dogters*, en *jongetjies* en *meisies*. Dat *seuns* en *dogters* vaak gebruik word vir *jongetjies* en *meisies* is waar, maar daar Afrikaans die drie woorde *seuntjie*, *jongetjie* en *jong* besit, om onderskeid te maak tussen Nederlands *zoontje*, *jongen* en *bediende*, en bowedien *dogter* op dieselfde manier gebruik word as *seun*, kan die verklaring van Dr. H. nie juis wees nie. Die eigenaardigheid sit nie in die gebruik van *seuntjie* in plaas van *jongetjie* nie, maar in die gebruik van *jong* (of *jongen* in die ouere taal) vir *bediende*. En díe gebruik is, soos Dr. H. self sê, ouer as Afrikaans. Van Riebeek gebruik naamlik al *jongen* in die betekenis *bediende*. Maar verder: hier het ons nie te doen met 'n „-isme van niet-Europeesche afkomst"; die sporadiese gebruik van *zeuntje* vir *jongen* is ook Nederlands. Van Lennep, *Zeem. Wdb.* gee *zeuntje* as benaming van die *baksjongen*, en Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal*, i. v. *zoon* sê: „Ook als aanspraak tot jongere mannen en kinderen al zijn ze geen bloedverwanten. „Zeun, is je moeder thuis?" Presies soos in Afrikaans. Vergelijk nog Buning, *De Rooie, en andere Marine Schetsen* p. 11. In sover as daar ontwikkeling plaas gevind het in Afrikaans, is dit m. i. spontane ontwikkeling, wat uitgegaan het van die gebruik van die woord in die vokatief in Nederlands.

Dat 'n woord in Afrikaans 'n uitgebreider betekenis het as in Nederlands, ook wanneer dit in Indië dieselfde uitgebreide betekenis het, kan ternouwernood geld as 'n bewijs van Maleis-Portugese invloed op een van beide tale, te minder wanneer die woord in so 'n uitgebreide betekenis in dialekties Nederlands voorkom, en nog te minder as die dialek 'n Hollandse is. Die mees tiepiese

betekenis wat die woord *lekker* in Indië het (vgl. *Ndl. Wdb.* VIII, 1520) is in Suid-Afrika onbekend. Die Afrikaanse betekenis kom meer ooreen met die in dialekties Nederlands, soos in Noord-Hollands, vgl. Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal* i.v.

Wat die gebruik van *Pa* en *Ma* in Afrikaans betref, sou dit wenslik wees om te weet hoe oud die gebruik daarvan in Afrikaans wel is. Die moontlikheid bestaan dat ons die woorde aan Engels ontleen het. Naas *tante* het ons *auntie* van die Engelse oorgeneem. En *tante* self, is die nog in Nederland ontleen, of van die Hugenote in Suid-Afrika? Ook *Pa* en *Ma* kan aan Frans ontleen wees in Suid-Afrika. Dr. H. dink dat die woorde aan Maleis ontleen is. Die Maleise vorme is *bapa* en *emak*, waarnaas ook die verkorte vorme *pa* en *ma* voorkom, nie juis in die betekenis *vader* en *moeder* nie, maar as vriendskaplike aanspraaks- en liefkosingswoorde. Vir voorbeelde vergelijk *Het Afrikaansch* p. 112, en sie verder Klinkert, *Nieuw Mal.-Ndl. Wdb.* Ek sou vrede kon gehad het met die afleiding van Dr. H., as dit nie was dat ek weet, dat die blanke heel beswaarlik sulke woorde van sij bediendes oorneem, ewemin as mense uit die hogere stande in Nederland sulke woorde van die lagere stande sal oorneem. Die oorlamse Kaffer mag van sij *Pa* praat, maar die blanke sal daar nie aan dink om van sij *Ta* te praat nie. Daarom is ek geneig om aan te neem, dat die gebruik van *Papa* en *Mama*, wat in Nederland onder die hogere stande al in die 17de eeuw begin het (vgl. *Ndl. Wdb.*), in Suid-Afrika algemeen geword het na die aankoms van die Hugenote. Die algemene verspreidheid van die benaminge

hoef ons nie te verbaas nie, omdat tijdens die aankoms van die Hugenote die blanke aan die Kaap nog nie so verspreid was nie, en dus kon sulke woorde, wat in die smaak geval het, gouw verspreid raak. In die hogere ambtenaarskringe aan die Kaap kon die woorde al vóór die aankoms van die Hugenote bekend gewees het. Op dieselfde manier as in Nederlands uit Frans *Papa, Mama,* die verkorte vorme *Pa* en *Ma* ontstaan het, kan díe vorme ook in Afrikaans ontstaan wees. Of is *Pa* en *Ma* „Lallwörter" in Nederlands en Afrikaans?

'n Interessante, maar moeilik te beantwoorde vraag is, hoe Afrikaans aan die uitdrukkinge *ek is honger, ek is spijt, ek is jammer, ek is skaam, ek is lus, ek is vaak* kom. Met Dr. H. sien ek hierin ongetwijfeld neologismes, maar dit is eigenaardig dat die voorbeelde wat ek genoem het, ooreenkoms besit met rubrieke in Europese tale. In verskillende Europese tale word naamlik hiervoor onpersoonlike of onsijdige konstruksies gebruik, soos *mij hongert, mij dorst, pudet me, poenitet me, het lust mij, mich schläfert* ens. Nie maar altoos kan in Afrikaans *is* gebruik word as koppelwoord waar in Nederlands *hebben* staat nie. Dit is b.v. onmoontlik om in Afrikaans te sê *ek is geduld* (soos in Indië in die taal van die Sinjo's: vgl. *Het Afr.* p. 113) of *ek is hoofpijn.* Die gevalle waarin in Afrikaans *is* kan staan vir Nederlands *hebben,* vorm 'n afgebakende rubriek, wat aanknopingspunte het met die klassifisering van konstruksies in Europese tale. Dr. H. sê; „Schuchardt toont aan, dat deze eigenaardigheid, die door hem uitvoerig verklaard, en ik mag wel zeggen verdedigd wordt, aan het Maleisch is ontleend." Ek gee

hier die kern van Schuchardt se verklaring weer: „In unsern arischen Sprachen wird die Kopula nicht nur durch „sein", sondern auch durch „haben" (oder ein anderes transitives Zeitwort) dargestellt. Jedes Wort welches einen Zustand bezeichnet, setzt notwendigerweise ein Subjekt voraus; somit ist „ich Lust" ganz unzweideutig, in keinem andern Sinn eine Gleichung als „ich Mensch". Wir sollten sagen: „ich bin Lust" wie „ich bin Mensch", statt zu sagen: „ich habe Lust" wie „ich habe Geld", indem „haben" im letzteren Falle den Werth einer ganz äusserlichen Verknüpfung hat. Es ist ein atavistischer Trieb der uns in gehobener Sprache sagen lässt: „ich bin ganz Mitleid", „sie ist ganz Huld", und manche Substantiva sind auf solchem Weg dauernd zu Adjektiven geworden, so Ernst, Zorn (im Mhd.), chagrin, colère . . . . In den verschiedensten kreolischen Mundarten heisst es: „ich Furcht", „ich Hunger", und selbst im Herzen Europas würde der Fremde sich zwar grammatischer, aber keinesfalls deutlicher ausdrücken. „Hunger" und „hungrig" scheiden sich nicht logisch, sondern nur formal, dank der grammatischen Analogie; innerhalb des Nomens haben sich unter bestimmten Bedingungen Adjektiv und Substantiv gesondert, und unter sie ist schliesslich das Nomen ohne Rest aufgetheilt worden. Wer ganz in unseren künstlichen Systemen befangen ist, wird vielleicht meinen, „ich bin Hunger" müsse etwas anderes bedeuten als „ich habe Hunger"; aber das wäre ein Irrthum".

Ek sou sê, dat na hierdie „verdediging" waarin hij as 't ware die natuurlikheid van die ontwikkeling van so 'n konstruksie betoog, Schuchardt dit beswaarlik as 'n spesi-

fieke Maleiïsme kon beskouw het, te meer daar hij self sê, dat die verskijnsel in die mees verskeidene kreoolse tale voorkom. In watter tale die verskijnsel ooral voorkom weet ek nie, maar drie daarvan is Maleis-Portugees, Afrikaans (wat in hierdie opsig dan kreools sal moet genoem word) en die Neger-Hollands van die Deense Antille. In die eersgenoemde twee gevalle kan Maleis daartoe aanleiding gegee het, in die laaste nie. In die geval van Maleis-Portugees is die Europese taal 'n romaanse, in die twee ander gevalle 'n germaanse. Om hier die biesondere invloed aan te wijs, is dus so goed as onmoontlik. Al wat ons kan doen is, soos Schuchardt gedoen het, te wijs op die algemene psychologiese verklaring van die verskijnsel, waarbij ons in die oog moet hou die eigenaardige feit dat, vir sover dit Afrikaans betref, die voorbeelde 'n klas vorm wat ooreenkom met 'n indeling in Europese tale.

Om van die verskijnsel te praat as die oorgang van een woordsoort tot 'n ander, soos Dr. H. en Dr. du Toit doen, helder die saak nie op nie, bring ons niks nader tot 'n verklaring nie. Die eigenaardigheid sit ook nie in die gebruik van 'n substantief as 'n adjektief nie, maar in die gebruik van *is* as kopula in plaas van *hebben*. In 'n sin as *ik heb honger* is *heb*, vir mij gevoel, niks anders as 'n kopula nie, en druk iets anders uit as in *ik heb geld* [1]).

Konstruksies as *hij is lekkerlijf, droë-lewer*, vorm 'n klas apart van die vorige. Hier het ons te doen met „possessiv-komposita", wat te vergelijke is met b.v. Ndl.: *hij is platzak*. Dat in *droë-lewer* die adjektief verboge is, is maar

[1]) In Afr. word *ek het honger* ens. net so wel gebruik as *ek is honger*.

skijnbaar; *droë* is die enige vorm waarin die adjektief vóór die substantief kan verskijn in Afrikaans.

Weer 'n ander klas vorm uitdrukkinge soos *ek rij knipmes, hulle lê lepel, sit velling.* Hier het ons te doen met uiters beknopte uitdrukkinge waarin die vergelijking nie duidelik weergegee word nie. *Knipmes rij* beteken *'n perd soos 'n knipmes rij, so berij dat hij loop in die houding van 'n half-ope knipmes; lepel lê, velling sit,* beteken *lê* soos *lepels, sit soos vellings* (*wat in mekaar sluit*). Sulke uitdrukkinge doen enigsins dink aan Ndl. samestellinge *soos paardrijden, mastklimmen, schuitjevaren,* maar die verhouding tussen die dele van die samestelling is anders. 'n Kompositum soos *lepelliggen* in die betekenis *liggen zoals lepels* ken ek in Ndl. nie, en die Afrikaanse konstruksie is seker 'n punt waar Afr. afwijk van Ndl.

In hoe ver sulke beknopte uitdrukkinge die gevolg is van die aanleer van 'n vreemde taal, in hoe ver hulle spontane ontwikkelinge is, sal moeilik wees om uit te maak. Hulle ontstaan aan spesiaal Maleis-Portugese invloed toe te skrijf sou gewaagd wees. Dr. H. doen dit dan ook nie.

Dieselfde geld van 'n ander Afrikaanse eigenaardigheid, waarskijnlik ook 'n kreolisme, nl. die verdubbeling van 'n werkwoordelike stam, waarbij die so ontstane vorm dieselfde funksie en betekenis het as 'n verbaal gebruikte tegenwoordige deelwoord in Nederlands, soos b.v. *rus-rus loop, staan-staan eet, sit-sit werk,* wat gelijk staan met Nederlands *al (gedurig) rustende lopen, al (voortdurend) staande eten, al (voortdurend) zittende werken.* Of die so bepaalde handeling duratief dan wel iteratief voorgestel

word, hang daarvan af, of die handeling uitgedruk deur die „deelwoord" kan plaas vind gelijktijdig met die uitgedruk deur die werkwoord, dan wel of die een die ander moet onderbreek. Behalwe in 'n paar uitdrukkinge waar dit nominale funksie het, soos in *lopende water*, kom die tegenwoordige deelwoord in Afrikaans, behalwe wanneer dit onder invloed van Nederlands gebruik word, selde voor. Die pas beskrewe formasie voorsien teenswoordig in die behoefte wat so ontstaan is.

Die verbale karakter van die samestelling gaat soms, deur ontwikkeling van 'n oordragtelike betekenis, verlore, en dit krij 'n puur-adverbiale betekenis; *fluit-fluit loop* kan beteken *al fluitende lopen*, maar ook *gemakkelik, zonder moeite lopen; iemand fluit-fluit wen* beteken *iemand gemakkelik, als 't ware al fluitende overwinnen*; so ook *fluit-fluit deur 'n eksamen kom*. Dat gewoonlik egter die verbale karakter oorheers, en so sterk oorheers dat die hele uitdrukking as 'n verbale kompositum kan opgevat word, bewijs vorme van die verlede deelwoord soos *ek het gestaan-staan eet*, naas *ek het staan-staan geëet*.

As dit kan bewijs word dat Afrikaans die formasie aan die een of ander van die betrokke tale ontleen het, sou dit 'n argument van waarde wees ten gunste van invloed van die taal op die ontwikkeling van Afrikaans. Voorlopig sien ek daarvan af om 'n opinie uit te spreek oor die herkoms van die konstruksie.

'n Ander geval van verdubbeling, maar funksioneel verskillend, sien ons in *gouw-gouw, nou-nou, kort-kort, bietjie-bietjie*. Na die betekenis kan ons onderskei: *gouw-gouw, nou-nou* is adverbia met intensiewe betekenis, *kort-*

kort en *bietjie-bietjie* met iteratiewe betekenis ten opsigte van die enkelvoudige vorme. *Gouw-gouw* en *nou-nou* sluit gemaklik bij Nederlands aan; *kort-kort* en *bietjie-bietjie* staan verder af. Die eerste twee beskouw ek as spontane ontwikkelinge. Trouwens, *gauw-gauw* word in Nederlands net so gebruik as in Afrikaans. Sie *Ndl. Wdb.* IV, 350. *Nou-nou* is in Afrikaans, anders as in Nederlands, altijd 'n bijwoord van tijd, en beteken *nou net, so pas. Kort-kort* en *bietjie-bietjie* kan ek nie verklaar nie. *Kort-kort* beteken *telkens weer met kort tussenpose,* b.v. *kort-kort voel hij of hij die geld nog het. Bietjie-bietjie* beteken *telkens 'n bietjie,* b.v. *dit reent so bietjie-bietjie.*

In die uitdrukkinge *jij moet basta vir jou so oud hou,* en *jij moet basta met rondloop,* beskouw Dr. H. *basta* as 'n werkwoord wat tot adverbium geword het (p. 114). *Basta* is in Afrikaans, soos in Nederlands, 'n tussenwerpsel, en altoos, soos in Nederlands dikwels, met imperatiewe betekenis: *genoeg! genoeg daarvan! skei uit daarmee!* Vandaar dat dit soms moontlik is dit as werkwoord te beskouw: *basta met praat!* en *jij moet basta met praat!* In die gebruik van *basta* sien ek niks kreools nie.

Na aanleiding van die noot op p. 114 die vraag: Waarom is 'n Italiaanse woord onwaarskijnlik in Afrikaans as dit ook in Nederlands voorkom? Is *bankrot, bandiet* nie ook van Italiaanse afkoms nie?

Wellig, sê Dr. H., is ook die eigenaardige gebruik van *saam* in Afrikaans, soos in *met 'n mes saam snij,* 'n produk uit die Ooste. Hij wijs dan op die gebruik van *sama* in Maleis, wat beteken *gelijk, even, samen* en ook *met.* Die gewone woord in Maleis vir *met, met behulp van, te*

samen met, skijn egter *dengan* te wees: vgl. Gerth van Wijk, *Spraakleer der Mal. Taal*, § 244, 2e druk. En om *met . . . . saam* in Afrikaans te verklaar, het ons niks aan Mal. *sama* nie. Dan lijk dit mij of ons nog verder kom met Duits *mit sammt*. Reeds bij Bredero kom *met sampt* voor (vgl. Oudemans, *Wdb. op Bredero* i.v. *sampt*). Die *Ndl. Wdb.* IX, 612 sê: „In de oudere taal vindt men het begrip *met* versterkt door *samen*: verg. hd. *mitsammt* (zie *D. Wtb.* VI, 2337). Ende hare huysen sullen omgewendt worden tot anderen, *met 't samen* de ackeren ende wijven, *Jerem.* 6, 12 (zie ook *Deut.* 27, 1 en 33, 5). In de jongere taal wordt *samen* als bijw. gebruikt. *Samen met* hem (of: *met* hem *samen*) heb ik al het werk gedaan." Jan van Riebeek (1, p. 508) skrijf: „Riebeeck selfs in persoon *met samen* den ondercoopman Verburgh". Vergelijk verder van Helten, *Vondels taal*, § 162, en Dr. de Haan, *Priangan* II, p. 560, noot 6. Om te bewijs dat „op de samenstelling van het Compagnies-Hollandsch de talrijke Duitschers in Indië grooten invloed hadden", haal laasgenoemde o.a. aan *sampt* (1648), *gansch en gaar* (1663), *kargheyt* (1665), *geschir* (1643/44), *erreycken* (1648), *geschach* (1648), *omsunst* (1641/42) ens. In Duits en ouer Nederlands word *mit sammt, met sampt* altoos in die betekenis *te samen met* gebruik, wat nie ooreenkom met die gebruik in Afrikaans nie. Dit is moontlik dat die slawe-Afrikaans hier van invloed kon gewees het. Hoewel dit blote fantasie en sonder wetenskaplike waarde is, wil ek probeer om aan díe voorbeeld duidelik te maak, hoe die taal van die vreemdelinge wel invloed op die taal van die Afrikaner van Nederlandse afkoms kon gehad het.

Die Afrikaner kon sê *ek het met mij vrouw saam,* of *saam met mij vrouw,* of *met saam mij vrouw, na die stad gegaan,* maar hij sou sê: *ek het die jong met 'n lat gestraf.* Vir die vreemdeling, wat merk dat in die eerste geval mens net so goed kon sê *met mij vrouw,* as *met mij vrouw saam, saam met mij vrouw, met saam mij vrouw,* het *met saam* heeltemaal synoniem geword met *met,* behalwe dat dit misskien 'n bietjie nadrukliker geklink het; en so kon hij daartoe gekom om het ook te sê *ek het mij jong met 'n lat saam gestraf.* Die ouer Afrikaners sal so 'n uitdrukking misskien vreemd gevind en vermij het, maar die kinders, en wat met hulle gelijk staan, die slawe en nuwe aankomelinge, sal daar niks vreemds in gevind het nie. Vir hulle was dit 'n vereenvoudiging, omdat beide *met* en *met saam* voortaan sowel assosiatiewe as instrumentale betekenis gehad het. Dit was weer 'n stappie vooruit in die rigting van uniformiteit. En dat daardeur 'n pleonastiese uitdrukking te meer in die taal gekom het was geen beswaar nie.

Want naas die neiging tot elliptiese, openbaar die taal ook 'n neiging tot pleonastiese uitdrukking. Watter neiging tot die grootste ontwikkeling kom, wanneer 'n taal oorgeplant word op 'n meerderheid van andersssprekende, is moeilik uit te maak. Seker is, dat albei sig sterk openbaar in Afrikaans. Die verklaring van sulke verskijnsele moet in die eerste plaas op algemene psychologiese gronde berus (vgl. Paul's *Prinzipien,* cap. XVIII). Bij pleonastiese uitdrukkinge is dit soms egter moontlik om biesondere gronde aan te voer, b.v. wanneer kontaminasie aanleiding gee tot pleonasme (t. a. p. VIII, § 121), of in hyperboliese

uitdrukkinge waar effektbejag die drijfveer is, en dikwels ook waar alleen na meerdere duidelikheid gestreef word.

Onder die hoof pleonasmes kan genoem word, behalve *met .... saam*, ook nog *nie .... nie*. Ten opsigte van Afrikaans is die gebruik hiervan m. i. nog aan ontlening, nog aan spontane ontwikkeling toe te skrijf, maar aan oorerwing uit 17de eeuws Nederlands, met die moontlikheid dat die gebruik in Suid Afrika uitgebrei is. Vir die dubbele *nie* haal Dr. du Toit (p. XX) die volgende voorbeelde uit 'n Nederlandse stuk van circa 1710 aan: *In en vrai land moet men dat kwaad nyt toelaaten nyt; Je word nyt gek nyt.* Dit beantwoord presies aan die gebruik in Afrikaans. Nie heeltemaal dieselfde nie, maar iets wat daar veel op lijk, kom vandaag nog in die Hollandse spreektaal voor. C. J. van Rijn haal die volgende aan: *Ik heb m'n eige in geen twintig jaar gewasse, so lank as me wijf dood is nie; Jan is nog nie binne gewees van vanochend af nie* (*Het Nauwe Verband* ens. p. 66). Teenswoordig word die tweede *nie* in Afrikaans, soos waarskijnlik ook in die Nederlandse spreektaal, alleen om ritmiese redes gebruik. Dat Frans *ne .... pas* misskien kon meegehelp het om die gebruik te bestendig en uit te brei, wie sal dit kan ontken? Maar die bowestaande is bewijs genoeg, dat ook sonder Frans die dubbele ontkenning in Afrikaans kan verklaar word.

Pleonasme, misskien as die gevolg van die deurmekaar loop van twee gelijkbeduidende uitdrukkinge, kan ook gesien word in sinne as *hij loop uit die huis uit; hij vlug in die bos in*, wat ontstaan kan wees uit *hij loop uit die huis*, en *hij loop die huis uit; hij vlug in die bos* en *hij*

vlug die bos in. So het ek in Nederlands die sin gehoor: *ik zag hem uitkomen uit zijn huis,* wat misskien sal kan verklaar word as 'n deurmekaar loop van *ik zag hem zijn huis uitkomen* en *ik zag hem uit zijn huis komen.* Dit moet ook nie gedag word dat *hij loop uit die huis uit* die gewoonste of enigste konstruksie in Afrikaans is nie. Waarskijnlik is selfs, dat die twee ander konstruksies *hij loop uit die huis* en *hij loop die huis uit* vaker voorkom maar minder opval. Of ons hier ook wel met 'n pleonasme in Afrikaans te doen het, is nie seker nie. Bij verbale komposita kom van die oudste tije af die adverbium van die samestelling as preposisie herhaal voor, b.v. in Goties *usgaggan us,* in Latijn *exire ex,* in Grieks εἰσέρχομαι εἰς, ens., met daarnaas ook ander preposisies. Maar die natuurlikste, in elk geval vir vreemdelinge, is die herhaling van dieselfde adverbium as preposisie, soos b.v. Ndl. *inbreken in.*

In hoever die juis besproke eigenaardigheid oorgeërf, of 'n spesiaal Afrikaanse ontwikkeling is, moet ek onbeslis laat, maar die herhaling *al .... al,* wat Dr. H. in een asem daarmee noem (p. 118) is ook Nederlands (alleen dialekties?). Vergelijk Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal* i. v. *al lank al,* wat presies so gebruik word as in Afrikaans. Ook hier kan *al lank al* ontstaan wees uit *al lank* en *lank al.*

Dat sekere van die besproke verskijnsele kreoolse invloed verraai, kan ek nie ontken nie. Pleonastiese uitdrukkinge kom in alle tale voor, maar blijkbaar veral in tale wat 'n kreoliserende invloed ondergaan het. En dan lê dit voor die hand dat spore daarvan ook in Afrikaans aanwesig sal wees, maar om die vinger op sekere van die ver-

skijnsele te lê, en te sê dat dit 'n kreoolse pleonasme is, is gevaarlike werk. In sekere gevalle is dit moontlik om dieselfde of soortgelijke uitdrukkinge in Nederlands aan te wijs, in ander nie. Maar dit moet in die oog gehou word, dat sulke uitdrukkinge betreklik selde in die skrijftaal deurdring, en ons kennis van die 17de eeuwse spreektaal is gering. Waar daar teenswoordig geen aanknopingspunte meer in die skrijftaal van vroeër of later, of die spreektaal van vandaag, kan aangetoon word nie, kon daar in die 17de eeuwse spreektaal wel ooreenkomste bestaan het.

En as toegegee word dat sommige van die verskijnsele kreolismes is, dan is dit nog iets anders as om te sê, dat die kreolismes Maleis-Portugese invloed bewijs. Misskien is die gebruik van die woord *kreolisme* selfs ongewettig, totdat aangetoon is dat ons werklik te doen het met invloed van 'n nie-Europese taal. So is b.v. *aus . . . . heraus* in Duits 'n gewone konstruksie, en ons weet dat die Duitsers 'n aansienlike persentasie van die blank bevolking aan die Kaap uitgemaak het.

Met meer stelligheid dan oor die vorige *-ismes* durf Dr. H. hom uitlaat oor die gewoonte om in Afrikaans die direkte voorwerp deur middel van 'n voorsetsel aan die werkwoord te verbind (p. 115). En ek moet toegee dat hier moeilik aan spontane ontwikkeling kan gedink word. 'n Aanknopingspunt met Nederlands kan ek hier nie vind nie. In *Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands* ens. p. 115, het C. J. van Rijn egter, 'n verklaring gegee wat nie oor die hoof mag gesien word nie, en wat enigsins aansluit bij die verklaringe boo gegee.

Sij verklaring kom hierop neer: Daar die datief soms met, soms sonder 'n voorsetsel kan staan, b.v. *koop mij* of *vir mij, 'n hoed, bring mij* of *vir mij, 'n hamer; soek mij* of *vir mij, 'n mooi boek,* kon deur verwarring van die direkte met die indirekte voorwerp, *vir* ook vóór die akkusatief gesê geword het: *bring mij* of *vir mij, na die dorp; soek hom* of *vir hom, in die veld,* ens. Met so'n verklaring aan te neem sou ook díe verskijnsel, tesame met die ander in die paar laaste paragrawe bespreek, onder die hoof van pleonasme kan gerangskik word.

Maar hier is moeilikhede wat daar nie bestaan nie. So 'n „omskrijwing" van die 4de naamval, waarvan in Nederlands geen spore aangetoon is nie, is in Afrikaans moontlik (nie noodsaaklik nie), alleen wanneer die objek 'n persoon is. Nou het Schuchardt aangetoon *(Kreol. Stud.* IX, p. 227) dat dieselfde verskijnsel ook in Maleis-Portugees en ander Kreoolse tale voorkom, en ook alleen vóór „das belebte Objekt". Solang daar nie analoga in die Europese tale aangetoon is nie, sal ons dit dan ook as 'n kreolisme moet beskouw, en na mij opinie is dit een van die sterkste bewijse teen die bewering dat Afrikaans die suiwere en spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek is, alhoewel dit op sigself nie 'n feit van veel waarde is nie. 'n Half dosijn sulke feite sou Afrikaans nog geen mengeltaal maak nie. Maar is dít dan nie 'n bewijs vir Maleis-Portugese invloed op Afrikaans nie? Dit kom die naaste daaraan van al die *-ismes* wat Dr. H. tot nog toe aangevoer het, maar 'n afdoende bewijs is ook dit nog nie. Die verskijnsel kom naamlik, behalwe in Maleis-Portugees, ook in Indo-Portugees en nog veel verder voor,

sodat Schuchardt selfs nie weet of dit in *Maleis-Portugees* as 'n Maleiïsme moet beskouw word nie (t.a.p. p. 226)! Die enige gemeenskaplike element in die tale wat Schuchardt noem is Portugees. Moet ons nou aanneem dat die kieme van díe gebruik in Portugees aanwesig was, vandaar oorgeplant is op Maleis-Portugees, en vandaar weer op Afrikaans, of is die verskijnsel 'n gevolg van die aanraking van 'n Europese met onverskillig watter ander, vreemde taal? In die eerste geval is dit waarskijnlik, dat Schuchardt wel in staat sou gewees het om aan te toon waar die uitgangspunt in Portugees moet gesoek word. In die tweede sou dit niks bewijs vir Maleis-Portugese invloed op Afrikaans nie. Dan sou dit bloot 'n geval wees van parallelle ontwikkeling onder eenderse omstandighede, van gelijke oorsake wat gelijke gevolge het. Dr. Kruisinga het daarop gewijs (*Taal en Lett.* XVI, p. 426) dat 'n sin as: *die wat ons kan help, trek ons nog dieper in die draaikolk in*, grammatikaal wel korrek, maar dubbelsinnig en onbegrijplik is. Die armoede aan vorme moet, waar dit onduidelikheid veroorsaak, goed gemaak word deur analytiese middele.

Of ons geregtig sal wees om hier Maleis-Portugese invloed aan te neem, sal vir 'n groot deel daarvan afhang, of dit moontlik is om in 'n aantal ander gevalle sulke invloed ewe waarskijnlik, of liewer meer waarskijnlik, te maak. Nader ondersoek van die ras-dialekte in Afrikaans, soos Maleis-Afrikaans, Hottentots-Afrikaans en van ander tale met 'n min of meer ooreenkomstige ontwikkelingsgeskiedenis, soos Neger-Hollands en Neger-Engels, sal misskien meer lig op die saak kan gooi. Ek is in elk

geval gereed om hier 'n kreolisme aan te neem, maar alleen in die sin waarin, soos ons later sal sien, in Afrikaans sprake kan wees van kreolismes.

Hier kan nog vermeld word dat Schuchardt (t.a.p.) aan die verskijnsel ook, soos bij *ek is honger*, 'n algemene, dieper geleeë verklaring soek te gee, wat berus op „der Gegensatz des Belebten (und vor allem des Persönlichen) zum Unbelebten im Urarischen", maar daar kan ek hom nie volg nie.

Daarmee kom ons aan die end van Dr. H. se hoofstuk oor die Afrikaanse woordeskat, sinswendige en syntaktiese eigenaardighede.

As ons kortelik resumeer, dan sien ons dat die persentasie van direk aan Maleis-Portugees ontleende woorde in Afrikaans al heel gering is, so gering dat Afrikaans met die oog op sij woordeskat, Anglisismes uitgesonder, met geen moontlikheid 'n mengeltaal kan genoem word nie, — of alle bestaande tale sou mengeltale moet heet, Nederlands met veel meer reg as Afrikaans. Selfs wanneer ons indirekte invloed van Maleis-Portugees op die Afrikaanse woordeskat mee in aanmerking neem, verander dit so te sê niks aan die saak nie. En iedereen sal toegee, dat die eerste en sigbaarste invloed wat een taal op 'n ander uitoefen, op die woordeskat moet wees. Wat die ander eigenaardighede betref, het ons gesien dat alleen in twee gevalle, in sinne soos *ek het honger* en *ek het vir hom gesien*, aanknopingspunte bestaan met Maleis-Portugees en nie met Nederlands nie, terwijl dit onuitgemaak moet blij of hier gelijksoortige oorsake ooreenkomstige gevolge gehad het, met ander woorde of ons parallelle ontwik-

keling moet aanneem, dan wel inwerking van Maleis-Portugees. Laat ons aanneem dat die laaste die geval is, dat ons hier nie te doen het met invloed van ander vreemde tale nie, dan blij die oogs van wilde hawer nog maar skraal. Die Afrikaanse boer kan op dieselfde mark as die Nederlandse sij graan vir suiwer verkoop.

III.

Dr. H. begin sij derde hoofdstuk met 'n kort bespreking van die verskillende teorieë ter verklaring van die eigenaardige van die Afrikaanse vormleer gegee. Daarbij, sê Dr. H., is veral gelet op die analytiese karakter van Afrikaans, en gesoek na analoga in ander tale, sonder voldoende aandag te gee aan die Afrikaanse woordeskat, en aan die geskiedenis van die volksplanting aan die Kaap. „Deze methode kan men billijken, mits slechts de vergelijking met hetgeen elders voorkomt overtuigend zij; waar toch invloed op de vormleer bewezen is, behoeft zeldzaamheid van overgenomen woorden geen onoverkomelijk bezwaar te zijn tegen het trekken eener conclusie, al zijn ook de gevallen uiterst schaarsch waarin een taal door aanraking met een andere vervormd wordt, zonder dat haar woordenschat daarvan zeer duidelijke en talrijke sporen draagt."

Of Dr. H. self gloo aan die moontlikheid van so'n invloed op die vormleer, sonder dat die woordeskat van 'n taal díe invloed vertoon, is nie duidelik nie. Ek kan mij so 'n invloed voorstel op die klankleer en op die syntaksis, maar nie op die vormleer nie, of dit moet invloed van b.v. Maleis-*Afrikaans* op suiwer Afrikaans wees,

Ook in sij bestrijding van Dr. Kruisinga laat Dr. H. hom onduidelik uit [1]).

Dr. H. noem geen voorbeelde, en ek ken ook geen voorbeeld van die uiters skaarse gevalle waarin 'n taal inwerking op sij vormleer vertoon, sonder dat sij woordeskat duidelike spore dra van die invloed van die inwerkende taal. Die vormleer van 'n taal kan op twee maniere spore van vreemde invloed vertoon: deur verlies van bestaande vorm-elemente, en deur opname van vreemde vorm-elemente. Daar die eerste die rigting is waarin die meeste tale spontaan ontwikkel, kan hier hoogstens versnelling van tempo aangetoon word, sonder dat dit in die reël aanwijsbaar sal wees aan watter biesondere momente in die vreemde, inwerkende taal die verlies van 'n spesiale vorm-element moet toegeskrijf word, of, wanneer daar meer as een vreemde taal is, aan watter vreemde taal. Bewijs van die inwerking van díe of díe spesiale taal op die vormleer van Afrikaans kan m.i. alleen gelewer word, deur aan te toon dat Afrikaans 'n bepaalde, vreemde vorm-element aan díe taal ontleen het. En daar 'n vreemde vorm-element alleen kan ontleen word langes die weg van 'n massa vreemde woorde met díe element, kan Dr. H. gerus aan ander, en ons aan Dr. H., die besproke konsessie verleen. As hij kan bewijs, dat met name Maleis-Portugees aanwijsbare invloed gehad het op die Afrikaanse vormleer, dan sal ons geen beswaar maak teen die feit

---

[1]) *Taal en Lett.* XVI, p. 488, sê Dr. H.: „'t Samenkomen van twee talen kan tot wederzijdse vereenvoudiging of tot vereenvouding van een der beide talen leiden, zonder dat bepaalde vormen of zelfs woorden van de ene taal op de andere overgaan".

dat daar in Afrikaans so 'n geringe aantal Maleis-Portugese woorde oorgeneem is nie. Die argument wat Dr. H. op bladsij 145 gebruik kan ons egter nie langer toelaat nie. Daar sê hij, dat uit die taal-verskijnsele self alleen nie kan afgelei word watter biesondere taal die aanleidende oorsaak was bij die vereenvoudiging van die Afrikaanse konjugasie nie, maar dat die geskiedenis en ander oorweginge wijs op Maleis-Portugees as díe oorsaak. Ek meen aangetoon te hê, dat die geskiedenis nie díe rol aan Maleis-Portugees toeken wat Dr. H. meen dat díe taal gespeel het nie. En die reeds behandelde en nog te behandele ander oorweginge lewer ewemin die bewijs daarvoor.

Ons neem goeie nota van die feit dat, om die eigenaardige van die Afrikaanse vormleer te verklaar, gedink is aan: 1°. spontane ontwikkeling, 2°. Franse invloed, 3°. Hottentotse invloed, 4°. Duitse invloed, 5°. Engelse invloed en 6°. Maleis-Portugese invloed, sonder om hier stil te staan bij 'n bespreking van die verskillende teorieë.

Die eerste punt van die Afrikaanse vormleer wat bespreek word, is die feit dat in Afrikaans die meervoud van selfstandige naamwoorde soms *-s* het, waar in Nederlands *-e(n)* gehoor word. Hier sou aan Portugese invloed kan gedink word, meen Dr. H., omdat in Portugees die meervoud van alle woorde voor klinkers en medeklinkers op *-s* eindig; maar, sê hij, ook in 17de eeuws Nederlands, en vandaag nog in dialekties Nederlands, is die meervoud op *-s* baje uitgebreider as in die teenswoordige Nederlandse skrijftaal. Die laaste verklaring is ongetwijfeld die juiste, en die konsekwente toepassing van die metode wat Dr. H. hier volg, sou die helfte van ons kritiek op sij werk

onmoontlik gemaak het. Uit die *Dagverhaal* van van Riebeek haal ek nog die volgende meervoudsvorme aan, om die juistheid van die mening van Dr. Muller en Dr. Beets te staaf, as dit nodig mog wees.

Deel I: *boots* (91 en passim), *schaeps* (113. Bedoel v. R. hier om die Hottentots-Afrikaanse meervoudsvorm te gee?), *vlacktens* (113), *zees* (116), *bax* (157), *heckens* (170), *schuyts* (176), *gevangens* (201), *gecommitteerdens* (294), *mans* (335), *schrijvens* (427), *knies* (511, 517), *cosijns* (557). Deel II: *zees* (9, 17), *Caepmans* (6), *gijns* (91), *blox* (92), *vlaggens* (138), *leegstes* (= *leegtes*? 187), *heckens* (515), *haecx* (522). Deel III: *fregats* (86), *conijns* (118), *die arme bloets* (207), *seyls* (308, 333 en passim). Die vorm *hasagayers* vir *assagaaien* kom ook voor (III, 373). Vergelijk verder vir meervoudsvorme op *-s*, van Ginneken, *Handb. d. Ndl. Taal* I, p. 92, en Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal*, p. LIX. Sulke vorme, en die feit dat daarnaas die gewone vorme voorkom, gee te dinke. 'n Degelike grammatika van die 17de eeuwse volks- en seemanstaal sou vir die ondersoek na die oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans, van onskatbare waarde gewees het.

Die eerste punt wat Dr. H. aanhaal onder die hoof: „bijzonderheden waarin de vormleer van het Afrikaansch afwijkt van die van onze taal", is dus enigsins misplaas [1]).

Daar die verkleiningsuitgang *-tjie* volgens Dr. H. 'n kontaminasie-vorm is van die Hollandse uitgange *-ie* en *-tje* kon dit 'n spontane ontwikkeling in Afrikaans wees. Maar

---

[1]) Die woorde *lammeroes* en *koffieoes* (Noot, p. 133) is geen meervoudsvorme nie, maar die Afrikaans vir Nederlands *lammeroogst* en *koffieoogst*).

die uitgang bestaan ook in dialekties Nederlands: vgl. van Ginneken, I, p. 207. Die veelvuldige dialektiese gebruik van verkleinwoordjies is alweer nie aan Afrikaans „eigen" nie, maar ook karakteristiek van 17de eeuws Nederlands. En dat dit nie 'n karaktertrek alleen van die 17de eeuwse digtertaal was nie, kan die volgende sinsnede uit die meergenoemde *Dagverhaal* bewijs: „een cleyn mijltgen nader 't fordt bij 't ronde doorn-bosjen aan dese sijde van dito rivier offte Amstel, ende dat van 't cleyne bosbruggetje aff tot aen 't project van het te maken redoutjen" ens. (II, 130).

Ook die omskrijving van die genitief deur middel van die besittelike voornaamwoord kon dikwels bij van Riebeek, en al van die 15de eeuw af, voor. Sie nog *Ndl. Wdb.* V, 1425 op *haar*. Van Riebeek skrijf: *de hoenders* **hare** *nesten* (I, 137), *de capiteyn* **sijn** *vader* (I, 302), *'t schip den Olifant* **sijn** *touw* (II, 44) ens. ens. Dat die gebruik nog meer uitgebrei is in Afrikaans, is net wat ons sou verwag. Sulke analytiese vorme in 17de eeuws Nederlands het 'n skitterende toekoms tegemoet gegaan in Afrikaans. In die buurt van die Paarl word gewoonlik nog gesê *Ma* **haar** *hoed*, terwijl b.v. in die Vrijstaat gesê word *Ma* **se** *hoed*. Dit bewijs dat die verdringing van *haar* deur *se* 'n vereenvoudiging is van betreklik jong datum. Ook waar *haar* nog in die Vrijstaat gebruik word, is dit meestal onder ouere mense. Of ons bij uitdrukkinge as: *Ma* **se** *hoed* te doen het met spontane ontwikkeling, dan of invloed van inboorlinge-tale moet aangeneem word, weet ek nie. Die gekleurde en die Hottentot gebruik dikwels *hij* vir vrouwelike persone en diere: *mij vrouw is siek,* **hij** *het kopseer*. In Nederlands word *hij* ook van vrouwelike wesens gebruik.

Dat die geslagsonderskeiding deur middel van die lidwoord in Afrikaans verlore gegaan het, kan nie aan die invloed van 'n bepaalde taal toegeskrijf word nie. Al die vreemde tale wat hier in aanmerking kom, kon daartoe bijgedra het; en het dit waarskijnlik ook gedoen. Ongetwijfeld het die afwesigheid van 'n geskrewe taal hierin 'n rol gespeel. Wat sou die toestand ten opsigte van *de* en *het* in Nederlands gewees het, as van die 16de tot die 18de eeuw daar geen Nederlandse skrijftaal bestaan het nie? Die invloed van die skoolmeester is 'n noodsaaklike kwaad, waarvan die betekenis in die geskiedenis van die ontwikkeling van 'n taal moeilik kan besef word.

Ook van die geslagsonderskeiding in die 17de eeuwse spreektaal sou ons graag meer informasie wou gehad het. As ons bij van Riebeek lees van **de** *oost ende van de bay;* **de** *strant* naas **het** *strant;* **de** *crael* naas **het** *crael;* **dese** *hare volcq;* **de** *ogenblicq;* **het** *oorlogh;* **de** *feest;* **de** *middel* ens. ens., dan sal die kenner van Middelnederlands die meeste gevalle kan verklaar, maar op iemand wat nie weet van die verwarring ten opsigte van die geslagte in die 16de en 17de eeuw nie, maak dit 'n vreemde indruk. Dat die verwarring algemeen was, dat b.v. **de** *huis* naas **het** *huis* sou voorgekom het, was seker nie die geval nie. Maar as ons sien dat in Middelnederlands b.v. *ogenblik* manlik, vrouwlik en onsijdig was; *middel* ook manlik en onsijdig; *einde* manlik en onsijdig; *feest, oorlog,* vrouwlik en onsijdig ens. ens., dan word die skrijfwijse van van Riebeek begrijpliker, en verstaan ons ook waarom dit nodig was dat grammatici, soms vrij arbitrair, die woordgeslag moes bepaal (vgl. te Winkel, *Gesch. d. Ndl. Taal,* Kap. IX

en Viljoen, *Beitr. z. Gesch. d. Kap-Holl. Spr.* p. 28).

Behalwe die oorsake, meestal fonetiese, wat in Nederlands verwarring veroorsaak het, het daar in Afrikaans nog ander bijgekom, waaronder in die eerste plaas, die invloed van die meerderheid van vreemdelinge wat die taal moes aanleer. Dat die toestande dieselfde moes word as in Engels, lê voor die hand. Die kwessie was, watter lidwoord sou segevier. Om ná die gebeurtenis te profeteer kan iedereen. Is daar ook redes aan te voer waarom *die* die oorwinning moes behaal? Dr. H. sê dat die Maleise aanwijsende lidwoord *itoe* die deurslag gegee het, en dat die gebruik van die aanwijsende voornaamwoord as lidwoord in Afrikaans 'n Maleiïsme is, en dat dit vrijwel *bewijs* word deur die opmerking dat Sinjo's wat sleg Hollands praat, op dieselfde manier die lidwoord vervang deur *die* (p. 136). Ek gloo dat Dr. H. hier mistas.

Dat *die* in Middelnederlands ook lidwoord was, is bekend (vgl. Franck, *Mnl. Gram.* § 216). „Maar aan de Nederlandsche schrijvers uit de XVIIde (en reeds uit de XVIde) eeuw, ook wanneer ze de gesproken taal weergeven, is van zulk een gebruik niets bekend," sê Dr. H. in sij bestrijding van Dr. Kruisinga (*Taal en Letteren*, XVI, p. 481). Dit is wat die Engelsman noem „a sweeping statement." In die laaste dekade van die 16de eeuw skrijf Jan Huygen van Linschoten gedurig *die* as lidwoord. Eén voorbeeld: „Den 9. van *die* selfde liepen wij door *die* Hoofden van Engelandt ende Vranckrijck. Den 12. hebben wij gesien den hoeck genaemt *die* Cabo van Finisterra. Den 15. saghen het Landt van Sintra, oft anders *die* C. de Roexent, alwaer *die* Revier Tegio ofte Tagus inde

zee loopt, aen welcke gelegen is *die* vermaerde stadt van Lisbonen" ens. (*Itinerario*, uitg. Linschoten-Ver. p. 2). Uit die *Reis* van J. C. May, 1611—1612: „*die* zee liep zeer holl van den noord noord-oosten"; „die nacht was *die* wind suydelick"; „*die* zee liep zeer uyt den noorden"; „met *die* fock N. O. ten O." ens., alles op die eerste paar bladsije. Ook *dat* in plaas van *het:* „*dat* ijs streckte suydelick" (Uitg. Linschoten-Ver. p. 25). Die *Ndl. Wdb.* gee 'n voorbeeld uit die Staten-Bijbel (*Levit.* 26 vs. 46). Ook bij van Riebeek kon Dr. H. voorbeelde daarvan gevind het, dat selfs in die tweede helfte van die 17de eeuw *die* nog as lidwoord in die skrijftaal voorgekom het. Van Riebeek self skrijf: „*die* aencomende schepen, (I, 157); „*die* buytenste frontier" (III, 81). In die joernaal van Pieter van Meerhof (*Dagverhaal* III, 545) lees ons: „(De Soaquas) wouden ons wijs maeken dat *die* Namaquas ons doot souden slaen". Sie verder die interessante artiekel van Prof. Francken oor die *Dagverhaal* van van Riebeek in *De Unie* van September en Oktober 1905, waar nog meer voorbeelde hiervan, en ook ander wetenswaardighede oor van Riebeek se taal meegedeel word.

Dit is, dunk mij, bewijs genoeg dat ons nie invloed van die verkeer met dwangarbeiders op die stijl van „corporael Marcus Robbeltjaert ende de schapenhoeder Pieter Borger" hoef aan te neem om hulle *die's* in plaas van *de's* te verklaar nie (p. 137). Trouwens, ook in die „dagelijcxe aenteeckeninge" van skipper Simon Turver wemel dit van *die's* as lidwoorde, b.v. „*voor* **die** *mond van* **die** *revier*" (I, p. 94). Maar genoeg! Met die oog op die *Dagverhaal* lijk dit of *die* teen die middel van die

17de eeuw nie meer so deftig was as *de* nie. Jan van Riebeek skrijf gewoonlik *de; die* kom meestal bij sij mindere voor. Ek geloof nie dat dialektiese verskille daar iets mee te doen het nie. Dit was meer 'n kwessie van smaak.

Gegewe dat *die* as lidwoord, manlik en vrouwlik, enkelvoud en meervoud, en meervoud van alle geslagte, en as aanwijsende voornaamwoord — dikwels moeilik te onderskei van die lidwoord — manlik en vrouwlik, enkelvoud en meervoud van alle geslagte kon voorkom, hoef ons dan nog ons toevlug tot Maleis *itoe* te neem, om *die* as lidwoord in Afrikaans te verklaar? Dat die gebruik van *die* as lidwoord in Afrikaans sou *bewijs* word 'n Maleiïsme te wees, deur die feit dat Sinjo's wat sleg Hollands praat ook *die* sê vir *de*, en omdat *itoe* só gebruik word in Maleis, is 'n swak argument. Dit is opgemerk dat 'n Engelsman en 'n Fransman dieselfde doen, maar dit *bewijs* nog nie dat die gebruik van *die* as lidwoord in Afrikaans 'n Anglisisme of 'n Gallisisme is nie, al het die twee nasies ook in aanraking gekom met die Koloniste. In die Neger-Hollands van die Deense Antille is *die* ook die uitsluitende vorm van die lidwoord (Hesseling, *Neger-Holl.* p. 92) en dààr kan tog geen sprake wees van Maleise invloed nie, terwijl van die inwerkende elemente wat dààr in aanmerking kom, ook bij Afrikaans kwessie is.

In Afrikaans is die betreklike voornaamwoord meestal *wat*. Dit vergelijk Dr. H. met Maleis *jang*, wat net so gebruik word, sonder te sê dat hij die verbreiding van *wat* as 'n Maleiïsme beskouw, maar dit sal tog wel sij bedoeling wees. Soos aan die begin van die hoofstuk

gesê, kan ontwikkeling in die richting van vereenvoudiging nie geld as bewijs van vreemde invloed nie, omdat dít al die richting is waarin die meeste tale vanself verander. So word in die spreektaal van die laëre klasse in Engeland, *what* gewoonlik net so gebruik as *wat* in Afrikaans; en in die spreektaal, ook van die hogere klasse, word *that* bijna uitsluitend as relatief gebruik; *who* en *which* word al lang deur die skrijftaal as 't ware kunstmatig in lewe gehou [1]).

Watter rede is daar nou, dat *wat* die ander betreklike voornaamwoorde tot so 'n mate sou verdring het. (Om te sê dat *wat* die enige en onveranderlike vorm van die betreklike voornaamwoord is, is alleen waar vir die nominatief. In die (omskrewe) tweede en derde naamval, en in die vierde naamval, kom b.v. nog voor *van wie, aan wie, vir wie, deur wie, waarvan, waaraan* ens.). Ook hier weer sal veelvuldigheid van gebruik as verklaring kan aangeneem word, al is dit hier nie so oortuigend te verklaar as bij die lidwoord nie. In Nederlands word *wat* gebruik as vragende voornaamwoord: *wat is er? hij vraagt wat er is, wat man is dat? wat een man is dat?*; as uitroepe: *wat lekkere vruchten;* as betreklike voornaamwoord: *hij vroeg iets wat ik niet wist, ik gaf al wat ik had, dit is het beste wat ik heb, dat is juist wat ik hebben moet, doe wat ik zeg, weet wat je doet;* as onbepaalde voornaamwoord: *ik zie wat, ik heb je wat te vertellen, dat is wat anders;* as bijwoord van hoeveelheid en graad: *de*

---

[1]) Dit doet mij genoege hier daarop te wijs, dat Dr. Kruisinga in *Taal en Letteren* XVI, p. 422 dieselfde feit vermeld. Daar die ooreenkoms mij nie deur kennismaking met sij stuk opgeval het nie, moet die ooreenkoms wel treffend wees.

melk is wat zuur, hij bleef wat rusten, hij is wat knap; as tussenwerpsel: *wat! komt hij niet, och wat! hij mij kloppen! toe wat! maak nou voort.* Genoeg om aan te toon dat *wat* 'n goeie kans gestaan het, selfs teen *die*.

Ook in *ons* vir *wij* sien Dr. H. 'n Maleiïsme. Hier het ons egter weer 'n direkte aanknopingspunt met Nederlands. Immers in Seeuws word ook *ons* vir *wij* gebruik (vgl. o. a. van Ginneken, *Handb. d. Ndl. Taal* I, p. 208). Of Seeuws nou wel díe rol gespeel het in die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, wat Dr. Jan te Winkel daaraan toeken, as hij sê dat Afrikaans sij oorsprong het „in het dialect van Zuid-Holland en in het bijzonder van de Zuid-Hollandsche eilanden en van Zeeland", wil ek nie beweer nie. In Neger-Hollands skrijf Dr. H. *ons* toe aan Seeuwse invloed (*Neger-Holl.* p. 99). Uit die ondersoek na die afkoms van die Koloniste wat Dr. Godeé-Molsbergen gepubliseer het in *De Unie* van November 1905, blijk dat díe dele van Nederland goed vertegenwoordig was onder die Koloniste, beter dan enige ander, as Amsterdam uitgesonder word. Waar sameval van vorme in 'n toonaangewende dialek al reeds plaasgevind het, kan ons moeilik iets anders verwag, as dat die produk van so 'n sameval in Afrikaans sou bestendig word. Dat Maleis (en misskien ook Frans) enige invloed in dieselfde rigting gehad het is nie onmoontlik nie, maar wat in Seeuws spontaan geskied het, kon ook in Afrikaans gebeur, selfs afgesien van die feit dat die Seeuwse vorm waarschijnlik daartoe aanleiding gegee het.

Bij die aanwijsende en vragende voornaamwoorde vermoed Dr. H. geen Maleis-Portugese invloed nie. Die

vorme *watter* en *waffer* is natuurlik albei uit *wat voor* ontstaan, vermoedelik al in Holland, vgl. Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal* i. v.

Die neiging tot vereenvouding openbaar sig bij alle Europese tale, óók, en misskien veral, in die werkwoordelike stelsel. Om voorbeelde uit ander tale aan te haal is oorbodig. 'n Vergelijking van die teenswoordige Nederlandse vorme met die gerekonstrueerde Oer-germaanse, om stil te blij van die Indo-germaanse, wijs dat die neiging aanmerklike gevolge gehad het, ook sonder dat taalvermenging 'n groot rol hoef gespeel te hê. Hiermee wil ek nie die ontwikkeling in Afrikaans gelijk stel met die in Nederlands nie. Dat die ontwikkeling in Nederlands die kant van Afrikaans opgaan, en ondanks die invloed van die skoolmeester en die skrijftaal, die kant sal blij opgaan, is seker. Dr. Kruisinga verwag, dat b.v. die meervoud van die werkwoord in Nederlands ook een dag sonder uitgang sal wees (*Taal en Lett.* XVI, p. 423), en misskien is Dr. H. dit met hom eens. Die vraag is maar net, in watter tempo vind sulke ontwikkelinge plaas. En daarop berus Dr. H. se beswaar teen die teorie van die spontane ontwikkeling van Afrikaans. Ek gloo dat Dr. H. te veel nadruk lê op invloed van vreemde talen, met name op invloed van Maleis-Portugees, en Dr. Kruisinga te veel op spontane ontwikkeling. Die vreemde tale wat in aanmerking kom, het ongetwijfeld die ontwikkelingstempo in Afrikaans versnel. Maar daar ontwikkeling in die rigting van vereenvoudiging ook sonder sulke invloed reeds moes plaas gevind het, was die invloed maar van sekundaire aard, en nie verantwoordelik vir die feit dat, maar alleen

vir die tempo waarin, die Afrikaanse werkwoordelike stelsel sij „hyperanalytische karakter" aangeneem het. En om bij díe versnelling die invloed van Maleis-Portugees as sodanig, hoog aan te slaan, gaat nie op nie, aangesien dit maar één uit veel faktore was.

Om ook die element van spontane ontwikkeling enigsins tot sij reg te laat kom, moet in die oog gehou word dat in Nederlands self, dialekties en 17de eeuws, vorme kan aangehaal word wat afwijk van die Nederlandse skrijftaal-vorme en nader staan bij die vorme in Afrikaans. Dr. van Ginneken sê: „Hesseling heeft er te weinig aandacht aan gewijd dat toch ook reeds het dialect der Zuid-Hollandsche eilanden slechts twee vormen heeft voor de tegenwoordige tijd: *ik, jij, hij past, hoort; leest — breek, geef;* en *wij, jullie, zij passe, hoore, leze, breke, geve (Handboek d. Ndl. Taal* I, p. 208). Dr. Kruisinga (t. a. p.) wijs op die Oud-Beyerlandse vorme: *hij roep, hij geef, hij tob*; die Bommelerwaardse: *'t gebeur, 't val nie mee,* en die Roermondse: *he kûmp, sprik, löp.* Die verlies langes fonetiese weg kom ook sterk uit in Rotterdams, soos ook maar oppervlakkige studie van *Boefje* van M. L. Brusse sal aantoon: *doch, wis, mos, wor,* ens., vir *docht, wist, mo(e)st, wordt.* Dr. H. het daarop gewijs, dat in die brief van skipper Jan Sijmonsz. aan Jan van Riebeeek (*Dagverhaal* I, p. 428 vlgg.) eigenaardige vorme voorkom.

In díe brief het ons 'n merkwaardige staaltjie van 17de eeuwse seemanstaal. Daarbij moet ons in aanmerking neem dat dit 'n voorbeeld is van geskrewe taal, in 'n brief aan 'n hooggeplaaste persoon, deur 'n skipper wat kon skrijwe. Hoe die gesproke taal van die seelui geklink het, van die

matrose wat hulle naam nie kon teken nie, kan ons deur die brief enigsins vermoed. En daarbij moet ons in die gedagte hou, dat skipper Sijmonsz. onder van Riebeek se helpers 'n uitsondering was op die algemene reël, daar hij nie alleen sij naam kon teken nie, maar selfs 'n brief kon skrijwe. Op bladsij 242 van die *Dagverhaal*, eerste deel, teken ses van van Riebeek se twaalf „raedtspersoonen" hulle naam met 'n kruissie!

Ek haal 'n paar sinne uit die bedoelde brief aan: *hoe dat sijn sinnen ende gedachten geweest heeft; de robben waren soo mager soodat daer geen speck op en wassen; dat wij swacq van volcq was; 's morgens daernae ben sij met malkander uytgegaen; ick Jan Symonsz. en Claes Bensingh ben over lant gelopen en sijn daer dwars van het galjot affgecomen en sien als dat de boot aen boort leyt; als hij de schuyt konde crijgen soo souden hij stracx bij mijn gecomen hebben; wy jaegde haer naer; sanderdaeqhs ben wij weder overgevaren,* ens. Uitgaande van die 17de eeuwse volks- en seemanstaal mag die teorie van spontane ontwikkeling nie oor die hoof gesien word nie! Maar dit moet ook direk toe gegee word, dat ons met die teorie alleen nie klaar kom nie. Dit is duidelik dat Jan Sijmonsz. nie veel gevoel vir die onderskeid tussen enkel- en meervoudsvorme bij die werkwoord gehad het nie. Maar daar is nog 'n hele afstand tussen sij vorme en die in Afrikaans. Vreemde invloed op die stijl van Jan Sijmonsz. aan te neem, gaan nie aan nie, want die boo aangehaalde brief is al in 1654 geskrijf. Na alle waarskijnlikheid is hij 'n gebore Nederlander; sij naam wijs daar ook op.

'n Ander punt waar Dr. H. Maleis-Portugese invloed

meen te kan konstateer, is in die vorming van die verlede tijd in Afrikaans. Dit kan op twee maniere geskied: 1°. deur *het* of *is* met die verlede deelwoord, 2°. met *toe* en die tegenwoordige tijd van die werkwoord. Invloed van vreemde tale blij ook hier net so moeilik te ontken as te bewijs. Die verlies van die Nederlandse vorme van die verlede tijd skrijf Dr. H. nie aan Maleis-Portugees as sodanig toe nie. In die behoefte wat deur díe verlies, om watter rede dan ook, ontstaan het, moes voorsien word. Misskien ook is die vorme wat die imperfektum moes vervang, al ontwikkel nog voor die totale verlies van díe tijd. Hoe dit ook sij, dit spreek bijna vanself dat die te verwagte vorme analytiese sal wees. En wat lê dan meer voor die hand, as die bestaande analytiese vorme met *het* en *had* as imperfektum te gebruik? Dr. Kruisinga wijs op 'n parallelle ontwikkeling in Duits, vermeld deur Meringer: „Im ganzen scheint die Entwicklung der Sprachen auf Vereinfachung des Formenschatzes auszugehen und auf Ersetzung des Formenreichtums durch syntaktische Mittel... In den süddeutschen Dialekten ist das alte Perfektum (die sogen. Mitvergangenheit) so gut wie ausgestorben und an seine Stelle die durch ein Hilfszeitwort gebildete Vergangenheit (*ich bin gegangen, ich habe bekommen*, für *ich ging, ich bekam*) getreten (*Idg. Sprachwissenschaft*, Samml. Göschen, p. 40.)

Maar naas *ek het gekom* besit Afrikaans 'n historiese praesens met die bijwoordjie *toe*: *toe kom ek*, wat in die verhalende stijl gebruik word. Die feit dat díe konstruksie alleen in die verhalende stijl kan gebruik word, is bewijs genoeg dat dit nie „precies op dezelfde wijze het imper-

fectum weergeeft" as Maleis-Portugees nie. Dr. H. haal 'n voorbeeld aan van 'n slaaf, wat 'n kamer inloop met die uitroep: *Jacob ja morree.* Iemand kannie binnekom en in Afrikaans uitroep *toe sterf Jacob* nie. 'n Analogon van die Afrikaanse konstruksie is nader thuis te krij, naamlik in Nederlands, waar presies op dieselfde manier in verhalende stijl *toe* met die tegenwoordige tijd gebruik word. *Gistere loop ik in de Heerestraat; toe komt er 'n meneer op me af, en vraagt me of ik niet Meneer Zo-en-zo ben, en of ik niet uit Zuid-Afrika kom. Toe zeg ik: Ja, ik ben Zo-en-zo, en kom uit Zuid-Afrika; waarom vraagt U dat? Toe zegt hij* ens. ens. is tog ook Nederlands? Hierbij is daar bij die verhaler ongetwijfeld 'n verplaatsing in die verlede, en dít stel hom in staat die tegenwoordige tijd te gebruik, waarin 'n strewe na aanskouwelikheid nie kan ontken wordt nie.

In Afrikaans het die gebruik van *toe* met die praesens later 'n groter uitbreiding gekrij, sodat die strewe na aanskouwelikheid daar vandaag moeilik in te herkenne is.

Wat betref die gebruik van *toe* met die praesens kan, meer ter wille van die aardigheid as argumentshalwe, gewijs word op die analoge bijwoord **e* in Oer-indogermaans, vgl. Brugmann, *Kurze Vergl. Gram.* § 626. Oer-indogermaans **e bherom* kan in Afrikaans vertaal word met *toe dra ek*, maar alleen in die verhalende stijl. As iemand dus hier ook in Afrikaans 'n spontane ontwikkeling wil sien, dan kan hij hom minstens op 'n deur ouderdom eerbiedwaardige voorbeeld, en vir taalgeleerdes interessante sirkelloop beroep.

Die Afrikaanse werkwoord bied ook vir mij die bewijs,

dat Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek is nie. Die verlies van die uitgange as 'n fonetiese proses te beskouw is tot op sekere hoogte waarskijnlik juis. Ook al het Afrikaans nooit met vreemde tale in aanraking gekom nie, is dit denkbaar dat in Afrikaans vandaag *ek, jij, hij, ons, julle, hulle loop* sou gesê geword het. Maar dat die imperfektum bij die sterk en bij die swak werkwoorde spoorloos sou verdwijn, en die verlede deelwoord van die sterk werkwoorde van die stam van die infinitief sou gevorm geword het, is bijna ondinkbaar, sonder om vreemde invloed aan te neem. Hoogstens sou mens kon verwag dat alle sterk werkwoorde swak sou geword het. Daarvoor was, hoewel die teenoorgestelde ook voorkom, aanknopingspunte te vind in Nederlands, vgl. te Winkel, *Gesch. d. Ndl. Taal*, § 38; Franck, *Mittelndl. Gram.* § 167 vlgg. Maar selfs so 'n, mens sou sê onmisbare, vorm as die verlede tijd van die hulpwerkwoord *word*, besit Afrikaans nie. Dr. Kruisinga moes meer nadruk gelê het op die invloed van die geadapteerde Nederlands van die vreemdelinge!

Maar van „Sprachmischung" kan tog geen sprake wees nie, of die woord moet gebruik word in 'n sin wat geen sin het nie. Nederlands het baje meer vreemde elemente in sig opgeneem as Afrikaans. Dit is Dr. H. nie geluk om b.v. 'n vreemde uitgang in Afrikaans aan te toon nie, soos gemaklik genoeg vir Nederlands kan gedoen word. So 'n woord as *zich* het Afrikaans nie van Maleis-Portugees, of watter ander vreemde taal, oorgemeen nie. En daar kan tog alleen sprake wees van 'n vermenging van tale, wanneer essensiële elemente (soos b.v. die agter-

voegsels in Ndl. *tuinier, vrijage, meesteres, tooneel, smederij, lafaard*) van een taal oorgeneem en aangepas word in 'n ander. Afrikaans kan, alweer afgesien van Anglisismes, alleen 'n mengeltaal genoem word, wanneer mens bedoel dat dit 'n mengeling is van Nederlands en geadapteerde Nederlands. Daarbij blij dit so goed as onmoontlik om met sekerheid te wijs op sulke neologismes in so 'n getal, dat selfs in díe sin Afrikaans met reg 'n mengeltaal kan heet. En onder die verskillende soorte geadapteerde Nederlands het Maleis-Portugees, ook om historiese redes, waarskijnlik geen belangrijker rol gespeel as b.v. Duits of Hottentots nie.

Wat Dr. H. sê op bladsij 143—144 kan ek beaam, maar dit is dan ook iets anders as om die vereenvoudiging van die Afrikaanse grammatika tot te skrijf aan Maleis-Portugees met name. Waarom nie ewegoed aan Hottentots, Duits of Frans nie? Die geskiedenis in elk geval sou daar nie teen pleit nie, eerder sterker dààr voor as vir Maleis-Portugees. En ook die syntaksis pleit daar nie teen nie, en, goed beskouw, die woordeskat ook nie.

Na die oorsig van die woordeskat en die vormleer, kom Dr. H. tot die klankleer — 'n glibberige terrein, nie alleen vir die Nederlandse maar ook vir die Afrikaanse geleerde. Dr. du Toit het seker sij bes gedoen om Dr. H. hier te hulp te kom, maar hij moet erken, dat dit „erg moeilijk, indien niet onmogelijk" is hier spore van Maleis-Portugese invloed aan te toon; en dit om twee redes: 1°. „er zijn daartoe te weinig woorden bekend"! en 2°. „het Maleisch-Portugeesch is een mengeltaal, niet een duidelijk afgebakende taalkundige eenheid" (*Afr. Stud.* p. 63).

Dr. du Toit toon aan, in teenstelling met Dr. Hoogenhout, wat aan Engelse invloed dink, dat die dialektiese uitspraak van die *j* in die omstreke van die Kaap, Stellenbosch en die Paarl, soos dit gehoor word in die mond van kleurlinge, Maleiers, en misskien 'n paar blanke, toegeskrijf moet word aan Maleise invloed (p. 67). As die feite is soos hij dit voorstel, lijk sij gevolgtrekking mij juis. Maar vir ons ondersoek het dit weinig waarde. As Dr. du Toit gelijk het, dan moet dit noodsaakliker wijs 'n ten minste betreklik jong ontwikkeling wees, anders sou mens verwag dat die spore daarvan nie beperk sou gebly het tot die genoemde distrikte nie, of anders moes die Maleise invloed sig van die begin af tot die omstreke van die Kaap bepaal het. Maar Dr. du Toit gaat verder, en sê dat díe uitspraak sig bepaal in hoofsaak tot Maleiers en kleurlinge. Dan verloor die feit nog meer van sij waarde. So 'n verskijnsel, eie aan Maleis-Afrikaans alleen, bewijs niks vir algemeen Afrikaans nie. Maar ek meen dat díe uitspraak, ten minste aan die Paarl, dikwels ook in die mond van blanke gehoor word. Dan sou dit beinvloeding moet wees van die soort wat ek ook elders aangeneem wil sien: aanlering van Afrikaans deur vreemdelinge, in díe geval Maleiers, en inwerking van die so ontstane geadapteerde Afrikaans op die Afrikaans van suiwere ontwikkeling.

Eén suggestie van Dr. H. moet ons nog bespreek — en verwerp. Die verlies van 'n slot-*t* na 'n toonlose konsonant wek bij hom die vermoede „dat ook op de klankleer van 't Afrikaansch invloed van het Oosten te constateeren moet zijn" (p. 152), omdat dieselfde verskijnsel kan

waargeneem word bij Hollandssprekende Sinjo's. Daar en waar nog? So êrens, dan het ons tog seker hier te doen met 'n spontane, fonetiese ontwikkeling. Op die hele lijn van ontwikkeling van Afrikaans is invloed van buite moontlik, dus natuurlik ook hier, maar Dr. H. grijp hier na 'n strooitjie. Ek noem 'n paar voorbeelde van dieselfde verskijnsel 1⁰. in Middelnederlands: *rech, nach, vruch, krach, helf, hoef, achters, stercx,* (vgl. van Helten *Mnl. Spraakk.* p. 204, aangehaal deur Dr. Kruisinga in *Taal en Lett.* XVI, p. 243); 2⁰. in Hollandse dialekte: *rech, pes, ach, bes, ambach,* (*architek*), *plich, help, lich* (sie van Ginneken, *Handboek d. Ndl. Taal* I, p. 93, 94). Vergelijk verder *Taal en Letteren* XVI, p. 243, waar nog verwijs word na Oud-Beyerlands en Bommelerwaards; *De Zonde in het Deftige Dorp* van de Meester, waarin o.a. vorme soos, *doch, kos, heef,* ens. en *Boefie* van Brusse, waarin vorme soos *dach, mog, mos, kos, beloof,* ens. veel voorkom. Dit is dus selfs twijfelagtig in hoever hier sprake kan wees van ontwikkeling in Afrikaans. Aan oorerwing kan ook gedink word.

Deur sij ondersoek kom Dr. H. tot die volgende konklusie: „Voor de ontwikkeling van het Afrikaansch is geen taal van meer beteekenis geweest dan het Maleisch-Portugeesch, waaraan niet slechts vele woorden zijn ontleend, maar dat ook op syntaxis en vormleer een zeer ingrijpenden invloed heeft geoefend."

Ek gloo nie dat Maleis-Portugees vir die ontwikkeling van Afrikaans van meer betekenis was dan Hottentots, Duits, en misskien selfs Frans en Malegassies nie; veel woorde is daar nie aan Maleis-Portugees ontleen nie; die

bewese invloed van díe taal op die Afrikaanse syntaksis, vormleer en klankleer is nul; die *waarskijnlike* invloed is gering, heeltemaal onvoldoende om grond te verskaf vir 'n teorie wat die ontwikkeling van Afrikaans wil verklaar. Dat Maleis-Portugees aan die Kaap gepraat is, in hoofsaak deur slawe, dat ook blanke die taal kon praat, het Dr. H. bewijs. Die grootste aantal Maleis-Portugese woorde het Dr. H. genoem. Hierbij neem ek nou maar aan, dat die gebroke Portugees wat aan die Kaap gepraat was, ook werklik Maleis-Portugees was.

Maar die eigelike waarde van Dr. H. se werk sit daarin, dat hij dit ons begrijplik maak, hoe die ontleninge plaas gevind het. Sij ondersoekinge het 'n belangrijke lig gewerp op die taaltoestande aan die Kaap gedurende die eerste honderd of honderdvijftig jaar van die volksplanting, en sij studie het probleme op die voorgrond gebring, wat hij self soms nie kon oplos nie, wat nou nog op oplossing wag, maar dáárvoor, dat hij die aandag daarop gevestig het, verdien hij die dankbaarheid van wie hom interesseer vir die geskiedenis van die ontwikkeling van die Afrikaanse taal, en veral sij moedige bepleiting, in díe tijd al, van Afrikaans as skrijftaal, sal hom 'n plaas verseker onder die voorvegters van 'n beweging wat, ook dank sij hóm, dageliks aan krag toeneem, en waarvan alléén die behoud of die ondergang van die Nederlandse taaltak in Suid-Afrika afhang.

IV.

Die teorieë tot nog toe opgestel om die ontwikkeling van Afrikaans te verklaar, lij aan eensijdigheid. Die eenvoudigste verklaring is lang nie altoos die juiste nie, en die strewe om 'n verskijnsel aan één oorsaak toe te skrijf waar meerdere in aanmerking kom, het die wetenskap seker al dikwels gehinder in sij voortgang. Nêrens misskien is dit opvallender as bij die verskillende teorieë oor die oorsprong van Afrikaans. Nie dat b.v. geleerdes as Dr. Hesseling en Dr. te Winkel daaraan sou dink om alle eigenaardighede van Afrikaans aan één oorsaak toe te skrijf nie, soos b.v. aan Frans of Maleis-Portugees, maar bij die verkondiging van sij eie teorie is die opsteller tog maar selde tevrede om aan te toon dat dit of dat *ook* 'n belangrijke faktor was — hij wil aantoon dat dit *die* faktor was. Natuurlik is dit wenslik om so definitief moontlike resultate te krij; 'n verklaring wat op vage algemeenhede berus kan moeilik satisfaksie gee. Maar dit is nog geen rede waarom ons telkens, in ons haas om tot 'n duidelik bepaalde eindresultaat te kom, ons doel moet verbij skiet nie, om dan daarna weer 'n endjie terug te gaan. Dit is beter om langsaam maar seker ons doel te benader, deur die saak van alle kante te bekijk.

Die geskiedenis, sê Froude, laat hom partijmaal dink aan 'n kind se doos met letters, waarmee jij enige woord kan spel wat jij wil. Jij neem dan maar net uit wat jij

nodig het, rangskik dit soos jij dit wil hê, en die ander laat jij in die doos blij. Dit is ook gedoen, natuurlik nie met opset nie, deur sommige van die geleerdes wat teorieë opgestel het oor die ontwikkeling van Afrikaans. Beide Dr. H. en Mnr. van Rijn b.v. sal mij hierin direk gelijk wil gee! Nou is 'n teorie nooit die ware leer nie, soos Prof. Bolland sê, omdat dit nie van alle feite kennis neem nie. Maar díe teorie wat kennis neem van die grootste aantal feite, díe woord wat met die meeste letters gespel word, sal tog die meeste satisfaksie gee.

Gesteld dat dit moontlik was om te bewijs, dat b.v. Maleis-Portugees meer invloed gehad het op die ontwikkeling van Afrikaans dan Hottentots, Duits of Frans, dan nog sou dit, waar die aantal aanwijsbare vreemde elemente in Afrikaans so gering is, weinig betekenis hê. En tog is ek dit eens met Dr. H., dat Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek kan genoem word nie.

Maar is dit dan nodig dat die verklaring alleen in een van twee rigtinge moet gesoek word? Sluit spontane ontwikkeling dan inwerking van vreemde elemente uit? Is daar, behalwe die twee, nie ook nog ander faktore wat in aanmerking kom nie? As ons kan uitmaak watter faktor die belangrijkste rol gespeel het, soveel te beter. Maar dit kan ons alleen doen deur alle moontlike faktore in aanmerking te neem, en teen mekaar op te weeg, en nie deur bewijse te soek alleen vir b.v. Maleis-Portugese invloed nie, sonder onpartijdige inagneming van moontlike Hottentotse, Duitse, Franse invloed, of spontane ontwikkeling. En voordat daar nie 'n geleerde kom nie, wat kennis het

van 17de eeuws Nederlands, Duits, Frans, Maleis-Portugees en van die teenswoordige Afrikaanse inboorlinge-tale, kan daar moeilik sprake wees van 'n onpartijdige en juiste beoordeling van die verskillende invloede. Tot solang moet ons tevrede wees met 'n algemene verklaring van die verandering wat Nederlands ondergaan het in Suid-Afrika, sonder te veel nadruk te wil lê op biesondere faktore.

Wat is dan die hooffeite wat die geskiedenis aan die hand gee, en wat is in hoofsaak die punte van verskil tussen Afrikaans en Nederlands?

Die geskiedenis toon aan dat, tot 1806, alle tale waarmee Nederlands in Suid-Afrika in aanraking gekom het, die veld moes ruim. Naas die alleenstaande gevalle van die aanleer van die een of ander vreemde taal, soos Hottentots of gebroke Portugees, staan die groot feit dat Hottentotte en Duitsers en Franse en slawe van alle nasionaliteite, in korter of langer tijd Nederlands, of Afrikaans dan, geleer praat het.

En die punte van verskil tussen Nederlands en Afrikaans kom bijna algar hierop neer, dat hulle kan beskouw word as ontwikkelinge in die rigting van vereenvoudiging in Afrikaans, 'n vereenvoudiging waarvan nie die aard, maar die tempo bevreemding verwek.

Die groot beswaar teen alle teorieë wat die invloed van die een of die ander vreemde idioom aanneem om die ontwikkeling van Afrikaans te verklaar, is dat daarbij uit die oog verloor word, dat Afrikaans die taal was wat in Suid-Afrika die invloed uitgeoefen het, dat vreemdelinge Afrikaans gaan praat het, en nie anders om nie; en dat Afrikaans nie die karakter van 'n mengeltaal vertoon nie,

hoeseer dit ook mag afwijk van Nederlands. Die eerste word deur die geskiedenis bewijs, de tweede deur die taal.

Daar is niks om aan te toon dat in 'n Nederlandse Kolonie, onder 'n regering wat van die begin af gewaak het teen die indring van vreemde tale, waar die invloed van die inheemse tale op díe gebied nul was, die handelstaal 'n ander sou gewees het as Nederlands nie. Dat daar ook soms Portugees en ander vreemde tale aan die Kaap gepraat is bij die aankoms van skepe, weet ons uit Sparrman (p. 27), maar dit sal in hoofsaak die geval gewees het bij die aankoms van vreemde skepe, en hoe gering die vreemde handel aan die Kaap was, het ons boo gesien. Vandaar dat die Kaapse kooplui hulle nie moeg gemaak het om vreemde tale te leer nie (Sparrman, p. 20). In Indië, waar die inheemse bevolking veel hoger gestaan het as aan die Kaap, en waar deur jarelange handel Portugees al grond gevat het vóór die koms van die Nederlanders, was die toestande anders. Daar moes die Nederlander, wou hij sake doen, hom aanpas aan die bestaande gewoontes. Aan die Kaap het alleen hij te bepale gehad wat die handelsgewoontes sal wees. As hij nie daar sij eie taal handelstaal gemaak het nie, dan was ons ou voorvaders minder verstandig as ons hulle voor aansien.

Die eerste inboorlinge-nasie waarmee van Riebeek in aanraking gekom het, was die Hottentotte. Al heel gouw het hulle die taal van die wit man aangeleer. In 1657 kon die Hottentotte rondom die Kaap so goed Nederlands praat, dat 'n tolk nie meer nodig was nie (*Dagverhaal* II, p. 130). Vandaag is 'n vorm van Afrikaans die taal van die Hottentot, en is sij eie taal so goed as

uitgesterf, behalwe in afgeleeë streke soos Namaqualand.

Die tweede vreemde nasie waarmee van Riebeek in aanraking gekom het, was die slawe van die Weskus van Afrika. Die eerste lading slawe, uit Angola, het aan die Kaap aangekom 26 Maart 1658, die tweede lading, uit Guinea, 6 Mei van dieselfde jaar. Drie weke na die aankoms van die eerste lading, op 17 April, is Jan van Riebeek al „begonnen ordre te stellen op het schoolhouden voor de Angoolse Compagnieslaven ende slavinnen" (*Dagverhaal* II, p. 368). Waarom? Ek gloo nie ons doen die O.-I. Kompanjie 'n onbillikheid aan nie, as ons sê: om meer nut uit hulle te krij. As díe slawe gebroke Portugees kon praat, en die blanke aan die Kaap ook, dan mag ons met rede twijfel of van Riebeek so haastig sou gewees het „met ordre te stellen op het schoolhouden". Sondag, 20 Oktober van dieselfde jaar, kon een van die slawe „met gebroocken duytse woorden (al geleerdt)" antwoord op vrae hom gestel (*Dagverhaal* II, p. 531). Die gang van sake wat ons hier beskrijf word, kan ons ook verder vermoed. Telkens moes die slaweskool gesluit word, meestal wegens gebrek aan onderwijsers, maar telkens werd daar weer 'n aanvang mee gemaak (Theal, *Hist. of S. A.* I, p. 173, 252, 282 ens.). Vir later jare het ons minder gegewens, en blij daar meer ruimte vir fantasie. Soveel blij seker, dat die nakomelinge van al die slawe, uit Oos en Wes, vandaag Afrikaans praat, en dit al vir die laaste honderd jare doen.

Omstreeks 1688 het die Franse vlugtelinge aangekom. 'n Dertig jaar na hulle aankoms was daar nog maar 'n vijfentwintig bejaarde mense wat nie Nederlands geken

het nie (Theal, *Hist. of S. A.* II, p. 82). Vandaag is die nakomelinge van die Hugenote nog net aan hulle Franse name te onderskei van die res van die bevolking.

Dieselfde geld van die Duitsers — wat 27 % van die totale blank bevolking aan die Kaap uitgemaak het teen die einde van die 18de eeuw, teenoor 17 % nakomelinge van die Hugenote en 4½ % van ander nie-Nederlandse Europese nasionaliteite (vgl. Colenbrander, *De Afkomst der Boeren,* p. 111). Ook die Duitsers en ander vreemdelinge kan vandaag nog net aan hulle name onderskei word.

Almaal met wie die Nederlander in aanraking gekom het in Suid-Afrika, gedurende die eerste 150 jaar na sij landing aan die Kaap, het sij taal oorgeneem, behalwe die Kaffers. Met die was die aanraking dan ook minder nouw, die Kaffers hou vas aan hulle taal, en hulle getal in Suid-Afrika is groot, veel groter in vergelijking met die blanke dan die van die Hottentotte en die slawe.

Tot 1806 kon die inwoners van die Kaap altijd ingedeel word in twee groot klasse, die wat von haus aus Nederlands praat, en die wat Nederlands leer praat of al geleer praat het. Die taal van die eerste groep kan oorgeërfde Nederlands, die van die tweede groep geadapteerde, aangeleerde, of vreemdelinge-Nederlands genoem word. Veral in die tweede groep sal daar onderling nog al verskille bestaan het, maar ten opsigte van die oorgeërfde Nederlands sal die aangeleerde Nederlands van die Hottentot en die slaaf, die Fransman en die Duitser, 'n geheel gevorm het, en met betrekking tot die invloed wat die twee vorme van Nederlands op mekaar gehad het, kan ons hulle as twee aparte, afgebakende taalvorme beskouw,

alhoewel die een natuurlik mettertijd in die ander oorgegaan het, soms selfs in die mond van dieselfde individu, en die Nederlands van die Duitser nader aan oorgeërfde Nederlands sou gestaan het as die van die slaaf, en gouwer daarin sou oorgegaan het.

Dat ons vandaag kan ontken dat Afrikaans 'n mengeltaal is, is o. a. daaraan te danke dat die Kaapse regering van die begin af daarvoor gesorg het, sover as 'n regering so iets kan doen, dat Nederlands die landstaal sou blij, dat die verhouding in aantal tussen Nederlanders en hulle nakomelinge in Suid-Afrika teenoor vreemdelinge, altijd so was dat die eersgenoemde die meeste seggenskap gehad het, dat die taal van die Bijbel en die huisgodsdiens altijd in die hoogste eer gehou is, dat die Boer die inboorling so minag dat die taal van die laaste weinig of geen vat op hom het nie, en dat die eerste Koloniste, soos Dr. H. (*Taal en Lett.* X, p. 230) sê: met bewonderenswaardige taaiheid aan hulle moedertaal vas gehou het.

In sover nou as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Nederlands onder invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge.

Met dít aan te neem, loop ons nie gevaar sekere belangrijke geskiedkundige feite te negeer en ander in 'n te sterk lig te stel nie. Dit kan wees dat so 'n summaire opsomming enige minder belangrijke puntjies nie tot hulle volle reg laat kom nie, maar as die verklaring in die algemeen waar is, dan is ons 'n stappie verder as die Maleis-Portugees teorie ons gebring het. Dat daar hier en daar 'n Maleiïsme, Germanisme, Gallisisme, Hottentotisme in

Afrikaans sal kan aangewijs word, is meer dan moontlik. Dit hang o. a. af van hoeveel van hulle eie taal die een of ander taalkundig samehorende groep van vreemdelinge oorgedra het op hulle aangeleerde Nederlands, en in hoever die oorgeërfde Nederlands aanknopingspunte gebied het vir bepaalde verskijnsele in die taal van die een of ander groep van vreemdelinge.

Die merkwaardige feit dat oor 'n gebied van 500,000 en meer vierkante mijl, behoudens klein afwijkinge, één taalvorm heers (vgl. Viljoen, *Cap-Holländisch*, p. 31), vind vir 'n deel sij verklaring hierin, dat wat die hoofpunte betref, die ontwikkeling oorals en voortdurend onder min of meer gelijke omstandighede plaas gevind het. As sterkere inwerking van een of ander vreemde taal plaas gevind het, moes dialektiese verskeidenheid daar die noodsaaklike gevolg van gewees het. As Afrikaans 'n mengeltaal geword het in die mond van Koloniste wat Maleis-Portugees gaan praat het, dan sou daar sig in die onmiddellike omstreke van die Kaap 'n dialek ontwikkel het, wat vrij wat moes verskil het van díe vorm van Afrikaans wat sou ontstaan het as die Koloniste van die binneland Hottentots geleer praat het. As ons aanneem dat die inwerkende taal geadapteerde Nederlands was, wat min of meer dieselfde moes gewees het in die mond van die vreemdelinge van verskillende nasionaliteite, dan word die afwesigheid van dialekte meer verklaarbaar. Óm díe afwesigheid te verklaar, deur aan te neem dat Afrikaans reeds vóór die middel van die 18de eeuw sij beslag gekrij het (*Het Afr.* p. 70), is gevaarlik. Daar is niks om dit te bewijs nie. Die manifes van Barbier (t. a. p. p. 13) is

waarskijnlik in aangeleerde Nederlands opgestel. Barbier was 'n Fransman, en Pletsholt, gesteld dat die werklik aandeel gehad het in die opstel (vgl. Kruisinga, *Taal en Lett.* p. 420), bes moontlik 'n Duitser. Dr. Viljoen (t. a. p.) neem aan — en verder kan ons met veiligheid nie gaan nie — dat Afrikaans sij teenswoordige karakter gekrij het vóór die Trek van 1836. Ook wat betref eenvormigheid oor die hele taalgebied, sal ons goed doen met nie net één oorsaak aan te neem nie. Vir meerdere oorsake kan ek hier verwijs na die meergenoemde *Cap-Holländisch* van Dr. Viljoen, p. 31, 32.

Die vraag kom natuurlik op: As die vreemde volke so gouw Nederlands geleer het, hoe kom dit dan dat Nederlands so vinnig verander het, aangesien die regeringstaal sulke groot voorregte boo die ander tale besit het? Daarbij moet in aanmerking geneem word, dat aangeleerde Nederlands nog geen suiwer Nederlands was nie, dat die sprekers van aangeleerde Nederlands voortdurend in die meerderheid was, en deur sterkere immigrasie in die meerderheid gehou werd ten opsigte van nuwe aankomelinge uit Nederland. As één geslag van vreemdelinge so ver was dat hulle aangeleerde Nederlands bij benadering dieselfde was as die oorgeërfde Nederlands, dan was daar weer 'n nuwe geslag wat besig was om Nederlands aan te leer. En díe proses was oor die hele gebied gedurende honderdvijftig jaar en meer in werking. Tog het die landstaal nooit gevaar geloop om verdring te raak nie, want die nakomelinge van die vreemdelinge het betreklik gouw opgegaan in die Nederlandse deel van die bevolking, wat hulle taal betref, so nie in die eerste geslag nie, dan in

die tweede. Die assimilasie-vermoge van die Nederlandse element het dus voortdurend toegeneem, hoewel die graad van assimilasie aan die oorspronklike Nederlands afgeneem het.

Om die snelle vervorming van Nederlands tot Afrikaans te begrijp, moet verder in aanmerking geneem word, dat die offisiële taal, van die begin af, vrij ver verwijder moes gewees het van die spreektaal van ons oudste matrose- en soldate-voorouers, en hoe langer hoe meer verwijder geraak het, naarmate die spreektaal gaan afwijk het van die oorspronklike Nederlands, sodat die offisiële taal hoe langer hoe minder invloed gehad het op die spreektaal.

En dan het die spreektaal, afgesien van invloed van buite, geleentheid gehad om natuurlik te ontwikkel soos misskien geen ander germaanse taal wat ons van weet nie. Wat van die invloed van die regeringstaal geld, geld ook van die invloed van die Bijbeltaal. Ook die was ver verwijder van die spreektaal, hoewel deur daaglikse oefening daarin, die Bijbeltaal veel moes gedoen het om die kennis van Nederlands lewendig te hou. Die invloed van die skool, waarvan die Europeeër hom moeilik 'n idee kan vorm, omdat hij buiten die skoolmure nog altijd in die skool is, was heel gering. In 1739, bijna 90 jaar na die stigting van die Kaap Kolonie, was daar drie regeringskole (*Het Afr.* p. 71)! Op die boereplase was die onderwijser meestal 'n gewese soldaat of matroos, wat van die een plaas na die ander getrek het om die kinders voor te berei vir die katekisasie, en verder so 'n bietjie touwwijs te maak in die lees-, skrijf- en rekenkuns. In die maat-

skaplike omgang was daar weinig verskil in rang, geen konserwatiewe, beskaafde omgangstaal nie (*Het Afr.* p. 71; *Afr. Stud.* p. 66). Die meeste van die remmende faktore wat in Nederland gewerk het, was in Suid-Afrika afwesig, en bijna al die faktore wat spontane ontwikkeling bevorder, was aanwesig. In vergelijking met ander Europese tale was die ontwikkeling van Afrikaans seker snel, maar die omstandighede en toestande in Suid-Afrika in aanmerking geneem, is díe snelle ontwikkeling nie onbegrijplik nie. Ook hier moet die verklaring gesoek word in die massa samewerkende faktore waaronder, behalwe spontane ontwikkelingsfaktore, die inwerking van die vreemdelinge-Nederlands waarskijnlik die belangrijkste is.

Ons het meerdere male geleentheid gehad om te betoog dat die afwijkinge in Afrikaans nie van díe aard is dat Afrikaans 'n mengeltaal kan genoem word nie. 'n Mengeltaal ontstaan in die mond van 'n tweetalige volk. As Afrikaans vandaag op die weg is om 'n mengeltaal te word, dan is dit omdat die Afrikaner naas Afrikaans ook Engels praat. As die Engels wat in Suid-Afrika gepraat word, die karakter van 'n mengeltaal krij (vgl. Pettman, *Africanderisms*, p. 15, 16), dan is dit omdat die Engelsman in Suid-Afrika naas Engels ook Afrikaans leer praat. Die gevaar van 'n mengeltaal te word, het vir Afrikaans pas begin ontstaan toe die Afrikaner, behalwe sij eie taal, ook nog 'n vreemde begin leer het. Windisch sê met betrekking tot Latijn en Kelties, en dit is ook waar met betrekking tot Afrikaans en die tale waarmee Afrikaans in aanraking gekom het: „Nicht die erlernte fremde

Sprache, sondern die eigene Sprache eines Volkes wird, unter dem Einfluss der fremden Sprache, zur Mischsprache". [1]) In die mond van die Hottentotte, slawe, Franse, Duitsers en ander vreemdelinge in Suid-Afrika, het 'n mengeltaal, of liewer mengeltale, ontstaan. Die so ontstane mengeltale — wat ten opsigte van die suiwere taal as één taal kan beskouw word — is dit, wat ingewerk het op Afrikaans, en die eigenaardige gevolg gehad het, dat terwijl die Afrikaanse woordeskat bijna suiwer Nederlands is, die Afrikaanse grammatika die meeste afwijkinge vertoon. Afrikaans was op *indirekte* manier onderhewig aan 'n invloed, te sterker omdat dit maar half-vreemd was. Vandaar dat dit vandaag so suiwer Nederlands is, en vandaar dat dit vandaag nie suiwerder Nederlands is nie.

Is die verskil tussen die Maleis-Portugees teorie en die van die vreemdelinge-Nederlands nou so groot? Ja en nee. Afrikaans is nie die suiwere ontwikkeling van Nederlands nie. Sover kan ons Dr. H. gelijk gee, alhoewel ek 'n groter rol aan spontane ontwikkelingsfaktore sou wil toegeken sien, as Dr. H. doen. Dr. H. hou m.i. in die praktijk nie genoeg rekening met díe vorm van Nederlands, die 17de eeuwse spreektaal, meer biesonder die 17de eeuwse seemanstaal, waaruit Afrikaans sij oorsprong geneem het nie. Hij laat ook nie ten volle reg wedervaar aan faktore soos gebrek aan onderwijs, afwesigheid van 'n literatuurtaal, invloed van omgewing, okkupasie, klimaat en wat verder in aanwerking mag kom nie. (Theal

---

[1]) *Ber. d. königl. Sächs. Gesellsch. d. Wissensch.*, phil. hist. Cl. XLIX, p. 104: *Zur Theorie der Mischsprachen und Lehnwörter.*

spreek nogal beslis oor die invloed van die klimaat op die Afrikaanse klanke, vgl. *Hist. of S.A.* II. p. 329, uitg. 1897).

Maar waar die eigelike verskil tussen die twee opvattinge inkom, is dat Dr. H. as hooffaktor aanneem die direkte inwerking van 'n spesiale taal van 'n onderdeel van die bevolking, deurdat die Nederlandse koloniste in so 'n mate Maleis-Portugees aangeleer het, dat hulle eie taal daardeur 'n mengeltaal geword het; terwijl ek meen dat díe Koloniste nooit in groot getalle watter vreemde taal dan ook, aangeleer het nie, en dat hulle taal alleen, of in elk geval hoofsaaklik, indirek onderhewig was aan invloed van buite af, naamlik langes die weg van die geadapteerde Nederlands van die vreemdelinge.

In sover as dit nou wenslik mag wees om agter te kom in watter mate elk van die verskillend geskakeerde vorme van díe vreemdelinge-Nederlands invloed gehad het op die ontwikkeling van Afrikaans, moet in aanmerking geneem word die getalsterkte van die verskillende groepe van vreemdelinge, die duur van aanraking en die graad van verwantskap tussen Nederlands en die vreemde taal, en die maatskaplike posisie van die sprekers daarvan. Nader ondersoek, óók, en veral, van díe vorme van Afrikaans wat leef in die monde van b.v. die Hottentotte en Maleiers van vandaag, sal hierop meer lig kan werp. In aanmerking sal veral moet kom Hottentots-Afrikaans, Duits-Afrikaans en Maleis-Afrikaans. Duits-Afrikaans sal moeilik te ondersoek wees. Dit moet ook in díe oog gehou word, dat Maleis-Afrikaans nie sameval met slawe-

Afrikaans nie, omdat onder die slawe baje heterogene elemente was. Duits-Afrikaans sal dan misskien blijk van meer belang gewees te hê, as gewoonlik vermoed word. Want Duits was in 'n gunstige posisie wat betref graad van verwantskap, getalsterkte van die Duitse element onder die blanke, hulle maatskaplike posisie in vergelijking met die slawe en die Hottentotte, sowel as die duur van aanraking.

Die mees ingrijpende invloed van so 'n gang van sake as ek dit mij voorstel, moes op die vormleer gewees het. Wanneer 'n nuwe taal aangeleer word, dan speel die analogie 'n ontsaglike groot rol. Met onregelmatighede, afwijkinge, seldsame vorme, word kort proses gemaak. Verstaanbare uitdrukking is sowat die enigste doel van iemand wat 'n nuwe taal aanleer op die manier soos die vreemdelinge in Suid-Afrika Nederlands aangeleer het, naamlik op die gehoor. Daar uniformiteit tog reeds die rigting is waarin die taal sig ontwikkel, en in díe geval die aantal sprekers in die meerderheid was, bij wie analogiewerking kon plaas vind, sonder baje van die gewone remmende faktore soos ouderlike verbetering van foute, moet ons 'n ingrijpende vereenvoudiging van die vormleer verwag. Dat daar nog soveel onnodige vorm-elemente agter geblij het, soos b.v. die voorvoegsel van die verlede deelwoord, kan ons verbaas. Hier was die analogiewerking so sterk dat die voorvoegsel uitbreiding gekrij het; vorme as *geverloor*, *geondersoek*, *geontvlug*, ens. kom baje voor in die spreektaal. Ook die *e* agter die meeste bijvoeglike naamwoorde is 'n eigenaardige en moeilik te verklare verskijnsel. So iets wijs daarop, dat hoewel die Afrikaanse

grammatika nie suiwer geblij het nie, die ontwikkeling uit die moedertaal direk en onverbroke moes plaas gevind het. Die Nederlandse deel van die sprekers het ondanks hulle numerieke minderheid, die ontwikkeling van die taal blij beheers.

Ook kan dit verbasing wek dat die Afrikaanse klankleer so dig bij die Nederlandse staan. Dit is moeilik om uit te maak in hoever die afwijking in die konsonantisme, b.v. die verskerping van *v, z, sch* aan vreemde invloed te danke is, en in hoever díe verskerping al uit Nederlandse dialekte oorgeëerf is. In die afwijkinge van die vokalisme, b.v. die „verhoging" (Le Roux, *Klankleer*, § 48) van *e, o*, kan ook die klimaat 'n rol gespeel het. Die sametrekkinge soos *vool, aand, boo, wa*, kan sowel aan spontane ontwikkeling as aan vreemde invloed, waarskijnlik aan albei, toegeskrijf word. Die dialektiese uitspraak van *e, o, j*, in die buurt van die Paarl, is waarskijnlik aan vreemde invloed toe te skrijf. Of die vreemde invloed Maleis of Engels was, laat ek daar.

Op hierdie en soortgelijke kwessies sal 'n vergelijkende studie van die verskillende vorme van Afrikaans, soos Hottentot-Afrikaans, Engels-Afrikaans, Maleis-Afrikaans, later misskien meer lig laat val.

Die verdere toepassing van die gewijsigde teorie [1]) laat ek agterwege. Die bedoeling was om aan te toon dat die

---

[1]) Die gewijsigde teorie wat hier voorgestel word, het sig aan mij opgedring bij die bestudering van Dr. H. se teorie. Bij Dr. Kruisinga skijn dieselfde die geval gewees te hê, vergelijk *Taal en Lett.* XVI, p. 436. 'n Benadering van die geadapteerde-Nederlands teorie het Ds. Postma gegee in *Die Brandwag* van 15 Februari en 1 Maart 1912.

Maleis-Portugees teorie van Dr. H. te veel geskiedkundige feite buiten rekening laat, dat die hoofargumente, 1°. dat Afrikaans 'n mengeltaal is, en 2°. dat Afrikaans dit geword het omdat die Kaap-Koloniste Maleis-Portugees gaan praat het, hoogs twijfelagtig, so nie beslis onjuis is nie, en dat die feite wat Dr. H. versamel het, op 'n meer aanneemlike manier kan, in elk geval op 'n meer aanneemlike manier moet, verklaar word.